

Die Pad Saam

GRATIS

Uitgawe 36 • April | Mei 2016

Avokadopeer

die wondervrug met talle voordele

VKB Landbou
leef hul leuse

WEN!
met Die Pad Saam

Opening van
Best Drive

Longontsteking by beeste

ONTMOET PANNAR SPROUT

Die PANNAR toepassing (app) op jou foon plaas boerdery op jou vingerpunte.



PANNAR se webwerf ontvang maandeliks duisende besoekers, met 'n groot aantal besoekers wat van mobiele toestelle gebruik maak. Ons besef dat ons kliënte nie altyd toegang tot 'n stabiele internetverbinding het nie – veral wanneer op die land – daarom het ons die PANNAR Sprout-toepassing vir mobiele platforms soos slimfone ontwikkel om boere te vergesel en van hulp te wees waar hulle ook al gaan.



PANNAR NUUS & NUTTIGE WENKE

VOLLEDIGE REEK PANNAR PRODUKTE



GEDETAILLEERDE OORSIG
VAN AL ONS PRODUKTE



Beskikbaar by die Apple App Store of Google Play Store

Die PANNAR Sprout mobiele toepassing is in wese 'n vereenvoudigde, maar insiggewende weergawe van ons webwerf wat op 'n gebruiker se mobiele toestel gestoor word en die beskikbaarheid van 'n ononderbroke internetverbinding uitskakel. Wanneer 'n stabiele verbinding beskikbaar is en die gebruiker van die selfoon dit toelaat, sal die toepassing outomaties vir opgraderings (updates) soek en, indien beskikbaar, dit aflaai. Soos met enige foon, kan gebruikers outomatiese opgraderings (updates) via hul apparaat se instellingsbeheer ontvang (spesifiseer byvoorbeeld dat outomatiese opgraderings slegs plaasvind wanneer die toestel met Wi-Fi verbind is en nie met 3G nie, om sodoende op data uitgawes te spaar).

TOEPASSINGS (APP)-KENMERKE:

Gebruikers het toegang tot ons volledige reeks gewasse en kan op hoogte bly van nuwe kultivars soos wat dit beskikbaar raak.

'n Producent wat met siektes te doen kry terwyl hy op die land is, kan die siekte teen ons nuttige siektefeiteblaaie verifieer. Dit sluit foto's, simptome en belangrike notas in. Ons siektefeiteblaaie word ook opgedateer wanneer nuwe inligting beskikbaar raak en stel jou in staat om op hoogte te bly van nuwe en moontlike dreigende gewassiektes.

Ons gewilde boerderyrekenaars is ook beskikbaar op die mobiele toepassing:

- Beraamde Opbrengsberekening
- Plantestandaanbevelings
- Mieliebastervergelings

Boere kan nou hierdie nuttige rekenaars in die gemak van hul sitkamer of selfs op die land gebruik. Hou hierdie spasie dop, want nuwe digitale hulpmiddels is altyd in die pyplyn.



HULPMIDDELS VIR WANNEER JY OP DIE LAND IS!



SIKTEFEITE



BASTERVERGELYKINGS



PLANTESTAND
AANBEVELING



BERAAMDE
OPBRENGSTE

visit www.pannar.com/app



INHOUD

36-37


Sklerotinia-peul en stamvrot in sojabone

Moenie dat sooibrand jou lewe versuur nie



59-61

26-28



Longontsteking by beeste

38-41



Avokadopeer – die wondervrug met talle voordele

23-24

Bekalking help bestuur die risiko's van mielieproduksie



12-13

As buurmanskap vyandskap word oor 'n heining



Uitgewer:
VKB en NTK

Redakteur:
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

Eindredakteur:
Koos Janse van Rensburg

Ontwerp en Uitleg:
Ryno Steyn (VKB)

Taalversorging:
Lize Mulder

Druk:
Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

5	Voorwoord
6	Standard Bank raai boere aan om landbou as 'n beleggingsvoertuig te beskou
8	Versekeraar skenk R2 miljoen om droogtegeteisterde boere te help
10	VKB Landbou leef hul leuse
12 - 13	As buurmanskap vyandskap word oor 'n heining
14	Die impak van wysheid op die volhoubaarheid van familieondernemings
16 - 18	Wat die keiser toekom
20 - 21	Nuwe hoof van handel: Francois Loots
22 - 24	Bekalking help bestuur die risiko's van mielieproduksie
25	Voorkom genetiese afwykings weens inteling by kuddes
26 - 28	Longontsteking by beeste
30 - 31	Best Drive
32 - 33	New Holland TT-trekkers en -hooimarktoerusting - perfekte pasmaats
34 - 35	Francois en Isabel Brits leef geloof, hoop en liefde
36	Sklerotinia-peul en stamvrot in sojabone
38 - 41	Avokadopeer - die wondervrug met talle voordele
42	Pannar: Toptegnologie tot die boer se diens
44 - 45	Hidroponiese verbouing is geen nuutjie nie
46 - 47	Gehalte en diens is prioriteit by Cape Gate
50 - 53	Daar's 'n vlieg in die salf
54	Sakata
56 - 58	Wenke
59 - 61	Moenie dat sooibrand jou lewe versuur nie
62 - 69	Ntk- en Vkb-nuus
70	Wen met Die Pad Saam



Wat doen ons met wat God ons gegee het?

Ons mensdom is darem 'n snaakse spesie. Elkeen van ons het iets wat ons anders sou wou gehad het – of dit nou jou kuitlose bene, jou dik arms, jou neus, jou omstandighede, jou wat ook al is. Ons is so geneig om te dink “as ek dit of dat gehad het, sou ek gelukkig(er) gewees het”.

Maar dan kry 'n mens te doen met mense wat veel minder het as jy, en hoewel hulle beslis ook die versugting het dat daar dinge is wat hulle gelukkiger sou maak, straal daar iets uit hulle uit wat jou beskaamd laat, maar tog ook hoop gee; jou 'n nuwe sin vir dankbaarheid gee.

Almal van ons ken so iemand, maar vandag wil ek praat oor Nick Vujici, 'n Serwiese Australiër wat sonder arms en bene gebore is, en wat 'n motiveringspreker en skrywer is wat 'n mens net weer laat besef hoe ongelooflik ondankbaar ons by tye kan wees.

As 'n mens lees van hoe hy aanvanklik moes sukkel om met die gedagte van sy gestremdheid saam te leef, en hoe hy bo dit alles uitgestyg het om te wys jou liggaam is bloot die houer waarin God jou siel na hierdie aarde en hierdie lewe toe gestuur het, kan ons die liewe Vader net bedank vir wat aan ons toevertrou is.

Ek het die voorreg om een van sy boeke wat in Afrikaans vertaal is, te hê: *'n Lewe sonder beperkings*. In die voorwoord skryf hy: “Ek glo werklik my lewe is sonder beperkinge. Ek wil hê jy moet presies so oor jou lewe voel, ongeag die uitdagings wat jy moet trotseer. Voordat ons ons reis saam aanpak, dink asseblief na oor enige beperkings wat jy self op jou lewe geplaas het, of wat jy ander toegelaat het om op jou lewe te plaas. Dink aan hoe dit sou wees om vry te wees van hierdie beperkings.

Hoe sou jou lewe lyk as enigiets moontlik was?”

Ek haal slegs van Nick se opskrifte in sy boek aan:

- As jy nie 'n wonderwerk ontvang nie, word een
- Leef 'n waardevolle lewe
- Vind 'n pad
- Laat dit gebeur
- Skep moed
- Gebruik my op
- Waag dit om te droom
- Leef met hoop in jou hart
- Glo in die beste
- Vertrou terwyl jy vlieg
- Benut die branders
- Geduld word beloon
- Styg uit bo jou omstandighede
- Wees lief vir die volkome onvolmaakte jy
- Wees lief genoeg vir jouself om vir jouself te lag
- Skoonheid is blind
- Vier jou uniekheid
- Leef ligter
- Wees 'n vriend en wees gelukkig
- Die regte gesindheid gee jou vlerke
- Moenie bly lê en wortel skiet nie
- Die lesse wat ons leer deur te verloor... dit bou karakter
- MAAK 'n VERSKIL

Ek wil nie uitbrei oor enige van hierdie opskrifte nie, want ek wil in die eerste plek almal aanraai om die boek te lees, en in die tweede plek kan jy, deur hierdie opskrifte jóú leuses te maak, jou eie persoonlike probleme en strydpunte een vir een aanspreek en moontlik oplos om 'n ryker en ryper jy te word.

Mag hierdie volgende twee maande 'n geseënde tyd wees waarin elkeen van ons ons seëninge tel en ons “probleme” en “tekortkominge” wegwerk met dankbaarheid.

Groete

Hannelie

Standard Bank raai boere aan om landbou as 'n beleggingsvoertuig te beskou

Hoewel landbou nog altyd die ruggraat van die meeste plattelandse ekonomieë was, kan dit meer van 'n maatskaplike en finansiële beleggingsvoertuig word met die vermoë om positiewe verandering op nasionale en streekvlakke te bedryf.

In sy rede by Standard Bank se jaarlikse roadshow wat by die Royal Elephant-hotel in Centurion op 15 Maart gehou is, het die bank se hoof van Landboubesigheid, Nico Groenewald, primêre produsente aangemoedig om eerder hierdie langtermyn benadering aan te neem eerder as om vasgevang te word in die onmiddellike krisis van die land se ergste droogte in 80 jaar.

“Ons almal in landbou weet dat dit 'n sikliese sektor is en dat die weer 'n fundamentele maar onvoorspelbare faktor is waarvoor ons voortdurend beter strategieë moet ontwikkel of evolueer.

“Dit is ook die een sektor wat kritiek is tot die menslike oorlewing. Mense moet eet. Die maniere waarop

ons moet verseker dat mense voedsame kos van goeie gehalte kry, word deels vanweë die weer en dikwels ondanks die weer die hele tyd ontwikkel. As jy dus in die landboubedryf is, gaan jy 'n bydraer wees tot een

van die mees diepgaande evolusies of ontwikkelings om die menslike toekoms te beïnvloed. Jou keuse oor hóé jy dit gaan doen, vereis wysheid en visie.

“Hierdie is nie net 'n finansiële oorweging nie; dit het ook geweldige maatskaplike implikasies. Dit sal landbou laat verskuif tot in die domein van maatskaplike belegging, waarby mense nie net belê vir 'n finansiële opbrengs nie, maar ook om te verseker dat die gemeenskap meer regverdig sal funksioneer as gevolg van hulle insette.

“Daarom is dit nou – vir alle redes – tyd dat boere na die werk wat hulle doen, moet kyk as 'n soort beleggingsvoertuig.

“Dit klínk teoreties, maar dit is om die waarheid te sê uiters prakties. Nuwe landboustrategieë lei tot nuwe stroom-op én stroom-af sakegeleenthede waarin 'n mens konvensionele beleggers kan ooreed om ook te belê. Boere kan óf die beleggingsgeleenthede skep, óf hulle kan daaraan deelneem. Hoe ook al, hulle wen 'n aandeel in die waardeketting wat hulle tans nie het nie. Dit stel hulle ook in staat om die rigting te beïnvloed waarin landbou evolueer en daardeur hoe doeltreffend dit beide boere en die mensdom sal dien.”

Vir die meeste boere bly befondsing egter 'n probleem – droogte of nie droogte nie.

“Weereens, die oplossing lê daarin om na landbou

te kyk as 'n beleggingsvoertuig eerder as bloot 'n taktiese, operasionele oefening wat vir seisoen na seisoen onderneem word,” sê Groenewald.

“In 'n beleggingsscenario kan banke en hulle verhoudingsbestuurders en landbouekonome belangrike bondgenote wees. In die afgelope paar jaar, en veral sedert die ekonomiese krisis van 2008 wat deur die swak gedrag van party banke aangevuur is, was daar 'n geneigdheid om banke met agterdog te bejeën.

“Strenger regulatoriese omgewings hou bankiers wat wil eksperimenteer egter nou onder streng beheer. Ondervinding het bewys dat kleiner banke nie minder onderworpe is aan foute as die grotes nie, en dat die groter banke in werklikheid meer hulpbronne vir doeltreffende befondsing oor 'n langer termyn kan bied soos wat landbou meer globaliseer.”

Om die waarheid te sê, landbou is vir die meeste van sy bedrywighede dank verskuldig aan lenings wat deur groot banke beskikbaar gestel is vanaf die tyd toe die wêreld se oudste bank in Italië gestig is op die grondslag van 'n statuut wat landbou en pastorale bedrywighede in die streek reguleer.

Met dit in gedagte, maak moderne befondsingtendense – wat grootliks aangedryf word deur tegnologie en nuwe verskynsels soos werwing en befondsing van groot groepe mense – weer finansieringsopsies beskikbaar aan deelnemers in die landbouwaardeketting.

Groenewald beveel egter aan dat boere wat die beleggingsbenadering wil volg, moet bly by die basiese beginsels van finansiering, soos deur banke bewys is. Hy het met behulp van 'n voorbeeld die potensiaal van positiewe finansiële

bedingingsmag gewys, waar bates wat verkry is deur fondse van aandeelhouders of deur middel van 'n banklening, 'n hoër opbrengs lewer as die rentekoers of die dividend wat aan die verskaffers van die fondse betaalbaar is. Die skakels tussen die gebruik van skuld as bedingingsmag, die invloed daarvan op finansiële risiko, en die begrip van kontantsiklusse en gratis kontant is ván die aspekte wat banke analiseer in hulle risikobepalings en bied dus waardevolle insette vir boerderybesighede met potensiële uitbreiding, kapitaalvervanging en besluite vir nuwe ondernemings.

Benewens befondsing as sulks bied banke met landboubesigheidseenhede aanvullende dienste wat boere kan help om 'n mededingende voordeel te verkry en om hulle risiko's te verminder. Hierdie dienste sluit in toegang tot spesialiste wat fokus op finansiële vatbaarheid, terugbetalingsvermoë en toepaslike skuldstrukturering, landboumark-tendense en inligtingsdienste, landboupublikasies, waardeketting-befondsingoplossings en tasbare ondersteuning van georganiseerde landbou.

“Dit is banke se besigheid om rykdom te skep,” het Groenewald afgesluit. “Maar hulle kan dit nêr doen deur entrepreneurs wat in hulself en die toekoms belê. Ons glo dit is tyd dat boere sulke entrepreneurs word.”

Kontantvloei oplossings van die veekraal tot die slagplaas



Kom ons praat Agribesigheid.

Ons Agribesigheidspan is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsaamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur. Dit is hoekom meer besighede Standard Bank as enige ander bank in Suid-Afrika kies. Vir meer inligting, besoek www.standardbank.co.za/business



**Standard
Bank**

Voluit Vorentoe™

VERSEKERAAR
SKENK

R2 miljoen

om droogtegeteisterde boere te help



Santam het R2 miljoen geskenk aan die Nasionale Droogte-rampverligtingsfonds om boere en boeregemeenskappe in nood te help. Gerhard Diedericks, hoof van Santam Landbou, het die tjek aan AgriSA oorhandig. Op die foto staan Gerhard Diedericks, minister Bheki Cele, adjunkminister van Landbou, Bosbou en Visserye, Phenias Gumede, adjunkpresident van AgriSA, en Johannes Möller, president van AgriSA.

Suid-Afrikaners uit alle vlakke van die samelewing het in die laaste paar maande 'n helpende hand uitgereik na boere wat geraak word deur die uitgerekte droogte wat groot dele van ons land bedreig, met inisiatiewe wat wissel van waterinsamelings tot die verskaffing van veevoer. In 'n poging om die landbousektor te help, het Santam, een van die leiers van korttermynversekering, R2 miljoen geskenk om die finansiële las van beide kommersiële en opkomende boere te verlig. Mnr. Gerhard Diedericks, Santam se hoof van Landbou, het tydens AgriSA se 2016 Kommoditeite-kongres aangekondig dat hierdie donasie gemaak word aan die Nasionale Droogterampverligtingsfonds wat deur AgriSA bestuur word. Die skenking sal nie net lede van Suid-Afrika se vier landboubedrywigheidsliggame bevoordeel nie, maar ook opkomende boere insluit wat nie aan enige organisasie behoort nie. Diegene wat die hulp die nodigste het, sal eerste gehelp word.

“Die volgehoue droogte het 'n aanslaan-effek op die plaaslike ekonomie en bedreig die langtermyn-voedselsekerheid van ons land. Boere en gemeenskappe wat afhanklik is van die landbousektor vir 'n lewe dra die swaarste aan hierdie krisis. Vir Santam is dit bloot die regte ding om te doen om hulp aan beide individuele boere en ook boerderygroepe te verleen,” het Diedericks gesê. Hy het bygevoeg dat Santam sal voortgaan om die boeregemeenskap te ondersteun in die bestuur van die risiko's wat die volhoubaarheid van

landbouhulpbronne bedreig.

“As die oudste versekeraar in die sektor, met meer as 85 jaar uitgebreide ondervinding met die hoogte- en laagtepunte van landbou, verstaan ons die rol wat boere speel in die versekering van stabiliteit in voedselsekerheid.

“Santam wil voortdurend met bedryfsvennote, makelaars en organisasies in die landbousektor saamwerk om die probleme wat nog voorlê, die hoof te bied. Gesamentlik moet ons meer doen om ons sukkelende plaasgemeenskappe te help, en ons doen 'n beroep op ons eweknieë om ook hulle steun te wys en by te dra tot hierdie kritieke saak,” het Diedericks afgesluit.

Santam is Suid-Afrika se voorste korttermynversekeringsgroep met 'n markaandeel van meer as 22%, meer as 4 000 personeellede en 4 500 makelaar-vennote landwyd, en Miway as 'n direkte versekeraar. Die maatskappy verseker meeste van die top-100 maatskappy wat op die Johannesburgse Effektetrust gelys is.

Vir meer as 96 jaar reeds bied Santam aan sy kliënte 'n groot verskeidenheid korttermyn-versekeringsprodukte wat wetenskaplik ontwerp is om hul behoeftes te pas en ook aan hulle die mees doeltreffende eisproses in die land te bied. Juis daarin lê Santam se groot mededingende voordeel. Die maatskappy word ook deur sy portuurgroep gesien as die maatskappy met die mees tegniese bevoegde personeel.

VANDAG SE
BOERE IS
MEER AS
NET BOERE.



Die moderne boer staan talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom.

Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering.

Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture.

Santam. Regte, egte versekering.

Santam
landbou

Droogtehulp

VKB Landbou Groep leef hul leuse –

“Vir die **LIEFDE** van die **LAND**”

Vir die liefde van die land is nie net 'n slagspreuk wat aan die VKB Landbou Groep gekoppel kan word nie. Dit is 'n leuse waarvolgens die maatskappy ook na hul kliënte en landbouers omsien, ook gedurende die droogte. Die Groep het onlangs besluit om Agri SA se Droogte Hulpfonds te versterk met 'n donasie van **R1 miljoen**.

Die Groep sê in hul bedieningsgebiede in die Oos-Vrystaat en Limpopo is daar boere wat hard deur die droogte getref is, maar daar is gelukkig ook produsente wie se posisie beter daaruit sien. “Die krisis in ons bedieningsgebiede is nie naastenby so groot soos in ander dele van die land nie. Dit is waarom ons besluit het om die bedrag te bewillig om ook ons ondersteuning te bied aan produsente elders in die land wat 'n totale krisis beleef,” aldus Koos Janse van Rensburg, besturende direkteur van die groep.

Janse van Rensburg verduidelik die maatskappy besef hul verantwoordelikheid teenoor hul eie produsente, en hulle sal hul kliënte so ver moontlik bystaan om 'n volgende oes in die grond te kry. Boerdery is egter baie divers en verskil van plaas tot plaas, dus sal elke kliënt se situasie individueel volgens sekere voorwaardes ondersoek word.

Die Groep het 'n projek wat daarop gemik is om opkomende boere te ondersteun. Sommige van dié produsente beleef ook erge droogtetoestande, en hulle het oor die algemeen nie reserwes om sulke krisisse te kan hanteer nie. “Gevolglik word 'n

deel van die fondse wat ons skenk spesifiek geormerk om die opkomende boere in die Oos-Vrystaat te ondersteun,” sê Janse van Rensburg.

Die Groep besef dat die droogte ook 'n impak op plattelandse gemeenskappe het, en was derhalwe ook betrokke by watervoorsiening-inisiatiewe wat water aan Senekal en Lindley gelewer het.

“Ons besef die bedrag is beskeie in vergelyking met die nood wat op nasionale vlak heers, maar ons hoop dit kan help om 'n paar boere se posisie te verlig,” sluit Janse van Rensburg af.

Uitgereik deur: VKB-Groep
Navrae: JFJ Janse van Rensburg
058 863 8255



vir die **LIEFDE** van die **LAND**



NUWE TEGNOLOGIE ... BETER PRESTASIE!



oppe marketing 13468/VKB



RESULTAAT-GEDREWE BEESVET 33+

- Produceer die meeste vleis met die laagste koste per kilogram
- 'n Spesifiek-geformuleerde proteïen-konsentraat vir ekonomiese vleisbees-afroning
- Bevat 'n groeibevorderaar wat voeromset en groei bevorder
- Werk voedingsteurnisse en koksidiöse teë vir maksimum wins

Met Beesvet 33+ sïen jy nie net die verskil nie, jy vóel dit ook aan jou sak!



Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste kontak ons: +27 (0)13 791-1036, molatek@tsb.co.za www.molatek.co.za





As buurmanskap vyandskap word oor 'n heining

Talle goeie buurmanskappe het al versuur oor heinings tussen plase. Wie is vir wat verantwoordelik en hoe gemaak as gedeelde damme of riviere ter sprake kom? **Hannelie Cronjé** probeer lig op die saak werp.

Die Omheiningswet van 1963 (Wet 31 van 1963) bepaal, volgens 'n artikel op die webblad <http://www.growinggreatness.co.za/> dat daar “geen statutêre verpligting op 'n grondeienaar [is] om 'n heining op sy/haar eiendom aan te bring nie”.

“Die gemenerereg bepaal dat 'n grondeienaar daarvoor verantwoordelik is om te verhoed dat sy/haar diere skade aan ander berokken. Indien vee langs openbare paaie aangejaag word en ongelukke veroorsaak, of afdwaal na die eiendom van ander grondeienaars en skade aan weiveld of landerye veroorsaak, sal die eienaar van sodanige vee aanspreeklik daarvoor gehou word.”

Maar waarvoor maak die Omheiningswet wél voorsiening?

“Die Wet maak voorsiening vir die identifisering van sekere areas waar die bepalings van die Wet en bydraes tot die oprigting daarvan verpligtend sal wees. Laasgenoemde is in die Staatskoerant gepubliseer.

“Wanneer 'n grondeienaar 'n heining oprig binne 'n afgebakende gebied, mag hy/sy daarop aandrang dat die naburige eienaar 'n bydrae lewer tot die oprigting- of instandhoudingskoste. In gebiede waar 'n bydrae nie verpligtend is nie of nie in die Staatskoerant gepubliseer is nie, mag 'n bydrae geëis word van die naburige eienaar indien die heining voordele inhou vir sodanige persoon.

“Die Wet maak voorsiening vir 'n meganisme om 'n dispuut tussen bure te hanteer ten opsigte van 'n bydrae tot die oprigting of herstel van 'n heining.”

Wat gebeur in die geval van 'n heining langs 'n openbare pad, is een van die vrae wat op baie boere van toepassing is.

Volgens die artikel berus daar “geen statutêre verpligting op enige persoon of liggaam om 'n heining op te rig nie”.

“Die Nasionale Padwet magtig maar verplig nie die Nasionale Padowerheid om heinings langs nasionale paaie aan te bring nie. Ingevolge provinsiale ordinansies van die Wes-, Oos- en Noord-Kaap, mag die Premier van die provinsie die padowerheid verplig om 'n heining langs 'n openbare pad op te rig. In hierdie provinsies, asook in KwaZulu-Natal, is die grondeienaar verantwoordelik vir die instandhouding van sodanige heining. In die ander provinsies word daar nie uitdruklik voorsiening gemaak vir wie beheer oor heinings uitoefen nie en dus wie verantwoordelik is vir die instandhouding daarvan nie.

“In KwaZulu-Natal is die provinsie verplig om 'n bydrae te lewer tot die koste van instandhouding, met verwysing na sekere paaie. Die gemenerereg geld dus waar daar bepaal moet word of 'n grondeienaar verantwoordelik is vir die instandhouding van 'n heining langs 'n openbare pad. Hy/sy is dus aanspreeklik vir skade wat deur sy/haar diere veroorsaak word indien hulle onvergesel langs openbare paaie beweeg.

“Die howe is geneig om elke saak op meriete te oorweeg voordat 'n beslissing gemaak word ten opsigte van aanspreeklikheid. Afhangend van die omstandighede, mag die hof bepaal dat die grondeienaar of die betrokke owerheid verplig is om 'n heining langs 'n openbare pad op te rig. Oor die algemeen is die onus egter op die eienaar om te bewys dat hy/sy nie versuim het om die heining in stand te hou nie. “

In 'n artikel op die webblad <http://landbou.com/> is daar 'n navraag oor wie die grensdrade tussen 'n bees- en mielieboer in stand moet hou.

Die regskenner Butch van Blerk, direkteur van Bill Tolken Hendrikse Ingelyf, van Bellville antwoord hierop: “Die

verantwoordelikheid om die grensdraad in stand te hou/ herstelkoste, is dié van die aangrensende eienaars. Dit is 'n gesamentlike verantwoordelikheid en beide eienaars is verantwoordelik vir die koste daarvan.

"As jy die buurman per brief sy hulp vra met herstelwerk aan die grensdraad en hy reageer nie binne een week nie, mag jy met die herstelwerk begin en in terme van die wet sal hy aanspreeklik wees vir die helfte van die koste as beide partye se behoeftes wat 'n heining betref, min of meer dieselfde is.

"As jy 'n heining oprig om jou beeste binne te hou en die mielieboer laat loop sy beeste langsaan, is die heining vir die buurman voordelig, omdat sy behoefte ten opsigte van 'n grensheining min of meer dieselfde as joune is en sal hy die helfte moet bydra. As jy byvoorbeeld 'n wildheining oprig (wat as 'n 'superior type of fence' beskou word), en die buurman het net beeste, het hy waarskynlik geen 'beneficial use' [voordelige gebruik] as gevolg van die wildheining nie en is hy nie aanspreeklik om by te dra nie. Begin hy ook nou met wild boer, het hy wel "beneficial use" en is hy aanspreeklik.

"Dieselfde beginsel sal geld vir die een wat jakkalsproefheining wil oprig om sy skape te beskerm.

"Dispute word opgelos deur middel van arbitrasie – 'n paneel van drie aangestel in terme van die Omheiningswet, of een arbiter deur beide partye verkies. Die werking van die wet is egter omvangryk en my verduidelikings hier is maar baie beknopt."

Hy skryf voorts: "Indien die een buurman met wild boer, en die ander met beeste in aangrensende kampe, is die verpligting dieselfde

"Die verpligtings van die twee eienaars is nie dieselfde nie. Die eenaar wat met wild boer is die een wat die wildheining opgerig het vir sy voordeel. Indien die beesboer nie dieselfde voordelige gebruik aan die wildheining ontleen nie, met ander woorde u boer slegs met beeste, is u slegs aanspreeklik wat die onderhoud van die grensheining betref vir die koste soos vir 'n standaard heining om beeste binne en buite te hou.

"Die eenaar van die wildheining sal aanspreeklik wees vir die verskil in die onderhoudskoste."

Daar is egter ook ander vraagstukke, soos wanneer daar 'n grensgeskil is tussen twee plase. Die volgende voorbeeld word aangehaal: "Die grens tussen my plaas en my buurman se plaas is meer as 100 jaar gelede vasgestel. Dit is beskryf as in die middel van die rivier, in die middel van die pad en dan 'n paar koördinaatpunte.

"Dit is egter onprakties om grensdrade in die middel van die rivier en of pad te span. Daar is dus oor die jare kampdrade gespan, wat dan sommer as die grens beskou is. Op die plase se kaart en transporte en die landmeter-generaal se kaarte, word die grense almal dieselfde aangedui, wat heelwat anders is as wat nou prakties ervaar word. Die kaart en transporte noem dat die dam 'n gesamentlike dam is en dat die buurman van die boorgat se water mag gebruik om sy vee van drinkwater te voorsien. Die kaart-en-transport-grens loop deur die middel van die dam. My buurman beskou die dam as sy eiendom. Die stuk grond onder dispuut het 'n opgaardam, 'n huis, 'n boorgat en luserlande op. My buurman beroep hom op verjaring en weier om die grond af te staan, alhoewel hy in die afgelope vier jaar 'n gedeelte van die grens self geskuif het. Nog meer van my grond het in die slag gebly, maar dit was net meer prakties. Hoe sal verjaring in dié geval toegepas word? Ek het tog die plaas gekoop soos wat op die kaart en transport bepaal word."

Hierop antwoord mnr. Van Blerk: "Inderdaad koop 'n koper 'n plaas soos aangedui op sy kaart en transportakte. Indien enigiemand, byvoorbeeld een van sy bure, enige gedeelte van die koper se grond vir 30 jaar of langer openlik gebruik asof dit aan die buurman behoort, verkry daardie buurman ná 30 jaar die reg om die grond as sy eiendom op te eis (verkrygende verjaring).

"Indien, soos in u geval hierbo, die buurman egter die grense weer skuif, behoort verjaring opgeskort te word en kan dit beteken dat die periode (30 jaar) weer van voor af begin loop. Dit sal egter gepas wees om die geval eers te ondersoek alvorens 'n seker regsmeening gegee kan word. Soos gemeld kan die persoon slegs verjaring teen u opwerp ten opsigte van u grond wat hy reeds vir 30 jaar of langer gebruik het."

OMHEININGSWET

NO. 31 VAN 1963

[GOEDGEKEUR OP 27 APRIL 1963]

[DATUM VAN INVOERING: 3 MEI 1963]

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken)

soos gewysig deur

Wysigingswet op die Landbank, No. 5 van 1968

[met ingang van 6 Maart 1968]

Wysigingswet op Omheining, No. 3 van 1971

Wysigingswet op Omheining, No. 4 van 1978

Wet op die Oordrag van Bevoegdhede en Pligte van die Staatspresident, No. 97 van 1986

[met ingang van 3 Oktober 1986]

Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings, No. 108 van 1991

WET

Tot samevatting van die wette met betrekking tot heinings en die omheining van plase en ander hoewes en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

10. Herstel van grensheinings.— (1) 'n Eenaar is vir die koste van herstel van 'n grensheining ten opsigte van sy hoewe in die mate aanspreeklik waarin hy kragtens hierdie Wet aanspreeklik sou wees om tot die koste van sodanige heining by te dra.

(2) 'n Eenaar kan aan die eenaar van die aangrensende hoewe wat deur sodanige heining geskei word 'n skriftelike kennisgewing besorg waarin van hom vereis word om binne 'n tydperk van 'n week met die herstel van sodanige heining te help, en, indien die eenaar van die aangrensende hoewe nie aan die kennisgewing voldoen nie, sodanige heining herstel en die deel van die koste wat deur daardie eenaar verskuldig is, op hom verhaal.

11. Verandering van grensheinings.— 'n Eenaar kan te eniger tyd 'n grensheining ten opsigte van sy hoewe so verander dat dit 'n beter soort heining uitmaak: Met dien verstande dat die eenaar van die aangrensende hoewe wat deur sodanige heining geskei word nie vir 'n bydrae tot die verandering aanspreeklik is nie tensy en totdat hy voordelige gebruik aan die aldus veranderde soort heining ontleen.

Die impak van wysheid op die volhoubaarheid van familieondernemings

deur André W Diederichs

Die kernwaardes van die oudste familieondernemings in die wêreld is vervat in my boek *Leierskapswaardes: Wysheid uit die Planteryk*. Die 10 kernwaardes waarin die meeste van die oudste familieondernemings in die wêreld glo, word oor 10 uitgawes bespreek. Die unieke essensiële oliës van verskillende plante sal verbind word met elke leierskapswaarde.

Die negende waarde wat bespreek word, is **wysheid** en dit word verbind met **wierook**. Wierook is inheems aan die Mediterreense areas, maar kom ook voor in Arabiese lande, Afrika en China. Daar is vele verwysings in die Bybel na die goeie eienskappe van wierook. As geneesmiddel word wierook onder andere gebruik om die immuunstelsel te versterk en het ook die vermoë om angstigheid te verlig. Dit breek die bose kringloop om vanuit 'n angstige toestand angstige besluite te neem aangesien dit jou kalm en beheersd laat voel om sodoende wyse en deurdagte besluite te neem.

Die toenemende klem op kennis, of dan Intellektuele Kapitaal, in die "Inligting- en Kommunikasie-revolusie" waarin ons leef, het veroorsaak dat wysheid minder aandag geniet. Kennis is baie belangrik, maar nie voldoende vir doeltreffende leierskap nie. Dis die toepassing van kennis met integriteit wat ons nader aan wysheid bring.

Vir leiers is wysheid verder ook die vermoë om keuses te maak en uit te voer om die optimum resultate te lewer in die minimum tyd met die minimum energie. Om slim te wees of kennis te hê is goed, maar wysheid leer mens die kortpad na sukses. Hierdie wysheid kom met ondervinding. Dis ondervinding wat mens leer om die regte pad te vind en te volg. Die wyse woorde van Langenhoven is: "Die slim man ken al die paaie; die wyse ken die één regte pad."

Wysheid sluit talle elemente in en word op vele maniere gedefinieer en omskryf as 'n kombinasie van kennis, ondervinding, oordeelsvermoë en verstandigheid. Dit word verder bepaal as die diepe verstaan van mense, dinge, gebeure en situasies.

Louise Lunnon en Sharon Turnbull het onderhoude met topsakelui gevoer om hulle mening oor wysheid te verkry en dit gepubliseer in *The Wisdom of Leaders*. Die fokusgroep het ooreengekom oor die volgende: "A skill or knowledge can become wisdom when we know how to use it effectively and wisely. Wisdom is the ability to use knowledge and skills in a way that is morally right, socially relevant and meaningful for improving lives."

Aristoteles het verwys na Praktiese Wysheid. Dis die vermoë om te weet wat goed vir jouself en vir ander is. Dit verg die toepassing van kennis en ondervinding. Vir my is wysheid 'n kombinasie van kennis, ondervinding en integriteit. 'n Leier word met verloop van tyd gevorm en dit is dikwels die moeilike lewenslesse wat wysheid laat blom.

Dit laat my onwillekeurig dink aan die wildernis- of woestynervaring waardeur die Jode moes gaan om die beloofde land Kanaän te bereik. Dit het hulle 40 jaar geneem om deur die woestyn na die beloofde land te trek. Sou hulle die kortste pad volg, sou dit hulle ongeveer elf dae geneem het om daardeur te trek. Hulle moes egter eers voorberei word om die beloofde land in te neem en hulle sou nie gereed gewees het as hulle die kortste pad geken en gevolg het nie. Die pad na wysheid is soortgelyk aan die 40 jaar wat die Jode in die woestyn moes rondswerf. Die vader van wysheid is koning Salomo. Sy spreuke is bedoel om mense wysheid te leer. Salomo verwys na vier klein diertjies met buitengewone wysheid.

1. Miere is nie sterk nie en tog sit hulle in die somer vir hulle kos weg. Miere weet dat winter op somer volg net soos goeie sakeleiers weet dat daar altyd somer- en wintermaande in die sakewêreld is. Bladwisselende bome beplan ook soos miere. Hulle skud hul blare gedurende herfstyd af omdat hulle weet daar kom 'n droë seisoen sonder water. Dit stel bome in staat om energie te bespaar om sodoende dekades of eeue lank te oorleef. Dit is belangrik om in die somermaande van jou onderneming, wanneer dit goed gaan, weg te sit (te spaar) vir die wintermaande wat sal kom. En wintermaande sal daar kom, soos mededinging in die wêreldedonomie toeneem en droogtes van tyd tot tyd hul verskyning maak. Leer by die mier en maak voorsiening vir die toekoms. Dit is wysheid.

2. Dassies het nie veel krag nie en tog maak hulle hul tuis teen die kranse. Kranse, of dan rotse, bied 'n vaste fondament wat nie kan wankel of ingee nie. Leiers se fondament is die toepassing van die regte mengsel van kennis, ondervinding en integriteit.

Leiers moet verseker dat hulle besluitneming gebaseer is op 'n stewige fondament van waardes wat onwankelbaar is. Hierdie waardes moet in jouself geanker wees. Jy moet so daarin glo dat dit deel vorm van jou hart en denke, jou hele menswees. Jesus was 'n effektiewe leier omdat Hy sterk interne ankers gehad het waarvan Hy nie afgewyk het nie.

3. Sprinkane het nie 'n koning (leier) nie en tog trek die hele swerm in formasie. Leiers wat hul volgelinge bemagtig deur hulle rigting te gee en toe te rus om hul taak te verrig, stel hulle in staat om op hul eie in die regte rigting te vlieg. In die boek *One Minute Manager* skryf Johnson en Blanchard: "As jy mense 'uitvang' dat hulle iets reg doen en seker maak dat hulle dit weet, raak hulle innerlik gemotiveer om te presteer." Hulle vlieg dan soos die sprinkane in 'n formasie uit eie oorweging.

4. 'n Geitjie is totaal aanpasbaar; jy kry hom in van die armste pondok tot die grootste paleis. Hulle het ook die vermoë om die wêreld van alle kante te beskou deurdat hulle in enige posisie teen 'n muur of dak kan hang, selfs onderstebo teen 'n plafon. Dit bied hulle perspektiewe wat min ander kan nadoen.

Wysheid is wanneer jy op die punt kom waar jy weet wat reg en wat verkeerd is en daarvolgens handel. Soos wierook die vermoë het om angstigheid te verlig, so ook het wysheid die vermoë om jou besluite sonder angstigheid te laat neem want jy weet jou besluite is gebaseer op die regte beginsels.

Laat jou wysheid mense na jou aantrek, net soos wierook se unieke kombinasie van geure 'n besondere aroma skep wat mense daarna aantrek.

André W. Diederichs is die eienaar van André Diederichs & Associates @ Business Jungle. Hy is ook die hoofbedryfsdirekteur van FABASA (Family Business Association of South Africa).

E-pos: awdiederichs@mweb.co.za

Selnommer: 082 45 33288

Webtuiste: www.andrediederichs.co.za

André kan gekontak word by awdiederichs@mweb.co.za en +27(0)82 45 33288.

WEES 'N KRAGMEESTER

Ons het die reeks vir elke behoefte, hetsy draagbare krag vir jou kampterrein of 'n betroubare bron om jou huishouding of klein besigheid aan die gang te hou.

NUUT

24KVA DIESEL KRAGOPWEKKER

Ook beskikbaar in 10kVA, 15kVA

PM24GF-LDE

NUUT

PM12000-LDE3

10KVA 3 FASE DIESEL KRAGOPWEKKER

Ook beskikbaar in enkele fase en
Petrol kragopwekkers in 1 en 3 fase

XYG3500I

3.5KVA OMKEER KRAGOPWEKKER

Ook beskikbaar in 1.2kVA & 2.5kVA

SRGE8500D


7.5KVA PETROL KRAGOPWEKKER

Ook beskikbaar in 2.2kVA, 2.8kVA
5.5kVA, 6.5kVA & 10kVA

POWER MASTER™
keeping you in charge

PowerMaster produkte is ontwerp en vervaardig om in harde Afrika toestande te funksioneer. Die hele reeks is ontwerp volgens streng internasionale kwaliteit en standaarde en bied 'n goed ontwikkelde waarborg en diens netwerk.

PowerMaster is beskikbaar by deelnemende NTK/VKB handelstakke.

Die Power Master reeks word eksklusief deur  Agrinet versprei.

Wat die keiser toekom



deur dr. Philip Theunissen

Belasting, in watter vorm ook al, is met die mensdom vandat die eerste politici, in watter vorm ook al, met ons is. Die mensdom benodig sekere gesamentlike dienste (beskerming, opvoeding en gesondheid) en dan stel hy mense aan (stadsraadslede, provinsiale leiers en parlamentslede) om toe te sien dat die dienste verrig word. Hulle stel weer amptenare aan om die werk te doen. Dié werk kos geld. Die amptenare kos geld. Die politici moet hierdie geld invorder. Die mense wat die dienste aanvra moet uiteindelik daarvoor betaal. Hulle betaal dit as belasting, in watter vorm ook al.

Regerings – plaaslik, provinsiaal of nasionaal – kan nie sommer lukraak belasting vorder nie. Daar is altyd 'n negatiwiteit teenoor belasting deur dié persone wat dit moet betaal. As 'n regering sy belastingperke oorskry, gaan hy stemme verloor. Stemme is egter nie al rede wat die instel van belasting beïnvloed nie. Die regering kan aspekte aan- of ontmoedig met belasting. Daarom gaan belasting oor meer as net die totstandkoming van dienste en die betaling daarvoor in die vorm van belasting.

Doel van belasting

Op nasionale vlak benodig die regering geld vir gesondheidsprogramme, universiteite, lughawens en veiligheidsmagte. Op provinsiale vlak moet daar paaie gebou word, natuurreservate opgerig word en onderwysers betaal word. Op plaaslike vlak moet straatligte opgesit word, riolering en watersuiwering gedoen word en elektrisiteit voorsien word. Elkeen van hierdie owerhede vorder geld in die vorm van belasting in om hierdie dienste aan die publiek te kan bied.

Die verskillende owerhede het 'n wye spektrum maniere om belasting in te vorder. Op nasionale vlak vorm inkomstebelasting, wat direk vanaf die publiek

gevorder word, die vernaamste basis van inkomste vir die regering. Daarnaas is daar ook nog belasting op toegevoegde waarde (BTW), boedelbelasting, kapitaalwinstbelasting, skenkingsbelasting, dividendbelasting, hereregte, seëlregte, heffings op finansiële dienste, akteskantoorfooie, doeane & aksyns, brandstofheffings, en ook velerlei ander verskuilde vorms van belasting waarmee die nasionale regering geld insamel. Al hierdie heffings is belasting, in watter vorm ook al.

Die provinsiale regering kry 'n groot gedeelte van sy inkomste vanaf die nasionale owerheid wat reeds in die genoemde belastingvorme vanaf die publiek gevorder is. Daarby sal sulke owerhede ook hul eie metodes gebruik om die geldkoffers aan te vul. Dit geskied deur middel van motor- & besigheidslisensies en verkeersboetes.

Op plaaslike vlak word daar dikwels direk vir dienste betaal (elektrisiteit en water per hoeveelheid gebruik). Sulke owerhede het ook geld nodig om die stadsaal te bou en parke op te rig. Daarvoor vorder hulle 'n oorhoofse belasting vir sulke projekte in, naamlik eiendomsbelasting. Die gate tussenin word met verkeerskaartjies, toegangsgelde en fondsinsamelings aangevul.

Sommige van die belastings word direk ingevorder, waarvan die publiek deeglik bewus is. Ander word op indirekte wyse betaal en die publiek weet meesal nie eers dat daar belasting in sulke gevalle betaal word nie.

By direkte belasting, soos inkomstebelasting, setel die betaler, bron en draer in een persoon. Dit is dieselfde persoon wat die belasting oorbetal wat die bron is van wie die belasting gevorder word en wat ook die draer van die belasting is omdat hy dit nie na 'n ander persoon kan afwentel nie. By indirekte belastings, soos aksyns op bier, is die persoon wat die belasting oorbetal die brouery self. Die belastingbron is eintlik

“The fundamental class division in any society is not between rich and poor, or between farmers and city dwellers, but between tax payers and tax consumers. - David Boaz”

die bierdrinker wat die bier koop, aangesien die belasting by die prys ingesluit is. Weens kopersdruk kan die brouery sy prys nie net aanhou opsit nie. Daarom wentel hy hierdie belasting af na die garsprodusent sodat laasgenoemde uiteindelik die draer van die belasting word.

Owerhede is ook gebruikers van dienste en goedere. Polisiemanne dra uniforms, hospitale gebruik medisyne en amptenare ry motors wat deur belastinggeld aangekoop word maar deur privaat instansies vervaardig word. Daardeur is enige owerheid ook 'n rolspeler in die ekonomie en kan hy, deur middel van sy eie gebruik van ekonomiese goedere, die ekonomie beïnvloed.

Die regering kan ook 'n katalisator wees. Hy bou 'n dam, brug of pad met belastinggeld wat boere in staat stel om gewasse te besproei en daardie produkte op 'n teerpad na die naaste mark toe aan te ry. Dan kan owerhede ook direk in die ekonomie inmeng deur sekere praktyke met strafmaatreëls te beperk en ander met aansporingsmaatreëls te bevorder. 'n Voorbeeld hiervan is uitvoeraansporingstoelaes en invoerheffings. Daardeur word uitvoere bevorder en invoere beperk sodat die ekonomie van die land in geheel daarby baat kan vind.

Beginnels

Belastingowerhede is aan 'n paar basiese beginsels onderworpe wanneer dit by die heffing van belasting kom. Belasting moet per slot van sake regverdigbaar wees en op regverdige wyse onder die belastingbetalers versprei kan word. Sommige bronne definieer tien beginsels wat nodig is om 'n behoorlike belastingstelsel te implementeer. Die eerste vier is in 1776 deur die "vader van ekonomie", Adam Smith, opgestel terwyl die oorblywende ses in 2005 deur Alf Temme, skrywer van *Automatic-Tax*, gedefinieer is:

1. Die onderdane van elke staat is veronderstel om so na as moontlik aan proporsioneel van hulle onderskeie vermoë 'n bydrae te lewer tot ondersteuning van die regering. Dit is proporsioneel tot hulle inkomste wat hulle onder beskerming van die regering in die betrokke land kan verdien.
2. Die belasting wat elke individu veronderstel is om te betaal moet seker wees en nie arbitrêr wees nie. Die tydstip van betaling, manier van betaling en die bedrag betaalbaar moet duidelik en verstaanbaar vir elke persoon wees.
3. Belasting moet op 'n tydstip en op 'n manier gevorder word wat by voorkeur vir die betaler gepas is om betaal te kan word.
4. Belasting moet produktief wees. Dit beteken dat die koste om dit in te vorder minder moet wees as die inkomste wat daaruit verdien kan word, die betaler moet nie deur die belasting vernietig word nie en die individu moet nie negatief daarop reageer nie.
5. Belasting moet nie gebruik word om voorkeurbehandeling vir verskillende mense te bied nie, ongeag hoe goed bedoeld dit ook al is nie. Enige vermindering in belasting vir een groep beteken noodwendig 'n verhoging in belasting

vir 'n ander groep.

6. Belasting behoort so breed as moontlik te wees wat noodwendig tot 'n lae koers sal lei. Dit sal 'n vermindering in al die onproduktiewe aktiwiteite tot gevolg hê wat mense aanwend om hulle belastinglas te verlaag.
7. Belastingwetgewing moet in die eenvoudigste moontlike terme geformuleer word sodat dit ewe maklik deur al die betalers verstaan kan word. Om langtermyn beplanning te vergemaklik, moet dit ook 'n stabiele, voorspelbare en betroubare stelsel wees wat nie verskeie interpretasies en aanhoudende verandering tot gevolg het nie.
8. Ten einde dit eenvoudig en verstaanbaar te hou, moet daar ook so min as moontlik uitsonderings wees. Subsidies en toelaes behoort gebruik te word om uitsonderings te vermy.
9. Wesentlike veranderings aan die stelsel behoort geleidelik ingefaseer te word om so min as moontlik ekonomiese en politiese ontwrigting te skep.
10. Veranderinge aan die stelsel moet aantreklik genoeg wees om as 'n optimale verbetering deur alle betrokkenes aanvaar te word.

Hoewel bogenoemde beginsels sin maak, word dit grotendeels deur die meeste belastingstelsels geïgnoreer. Weinig of selfs geen aandag word deur regerende liggame gegee om sulke belangrike beginsels toe te pas nie. Die ignorering hiervan lei dus onvermydelik tot die mees belaglike belastingstelsels waar slegs belangegroepe en politici die stelsel tot hulle eie voordeel kan manipuleer terwyl drakoniese wetgewing belastingbetalers dwing om die belastingstelsel te eerbiedig.

Vermyding

Vir baie jare het belastingbetalers wêreldwyd die fundamentele reg gehad om hulle handelsaktiwiteite op so 'n wyse binne die belastingstelsel te kon bedryf dat hulle so min as moontlik belasting betaal. Hierdie beginsel is plaaslik en ook oorsee gereeld deur verskeie howe bevestig. Daarmee saam het die groot verskeidenheid belastings waarmee belastingbetalers toenemend belas word, tot gevolg gehad dat die totale belastinglas nie meer as 'n blote persentasie van inkomste beskou kan word nie maar as 'n beduidende uitgawe wat aggressief bestuur moet word.

Die aggressie waarmee hierdie "uitgawe" bestuur moet word trek 'n dun lyn tussen die regte kant van die wet en oortreding van die wet. Eersgenoemde word beskou as belastingvermyding terwyl laasgenoemde as belastingontduiking gesien word. Wanneer belasting vermy word, word die wet nie oortree nie. Jy betaal minder belasting deur al die wettige maatreëls tot jou beskikking te gebruik. Jy het jou betaalbare belasting verminder en sodoende 'n hoë belastingaanslag vermy deur niks meer belasting te betaal as wat die wet van jou vereis het nie. Daarteenoor behels belastingontduiking vervalste inligting, onderskatte inkomste, oorskatte uitgawes en dit is 'n kriminele oortreding. Die strafmaatreëls vir belastingontduiking is baie duidelik maar in Suid-Afrika het die belastingowerheid

toenemend meer behep begin raak met die vermydingsdeel van belasting. SARS-segman, Logan Wort sê onlangs: "SARS was looking at both legal tax avoidance and illegal tax evasion". Sy minister, Pravin Gordhan, sê: "through elaborate structuring, these deals seek to deliberately avoid the tax consequence that should flow from associated transactions, thereby robbing not only the fiscus of tax revenue, but all South Africans." Hy is verder van mening: "This is a complete and reckless disregard for tax morality and South African tax law."

Belastingbetalers, hetsy individue of maatskappye, se primêre doel is nie om die regering te versorg nie. Hulle eerste doelwit is om vir hulleself te sorg en daarom is dit belastingbetalers se plig om belasting tot die minimum te beperk, solank as wat die wet nie oortree word nie. Dit sou intendeel eerder moreel onaanvaarbaar wees as belastingbetalers méér betaal as wat nodig is. Geen belastingowerheid kan enigsins minder óf meer belasting vorder as wat wetlik voorgeskryf word nie.

Morele verpligting

Die moraliteit van belasting is opsigself reeds debatteerbaar. Op watter gronde kan 'n regering sy burgers, bykans met geweld, dwing om 'n gedeelte van hul wetlik en moreel eerlik verdiende geld aan die staat te oorhandig? Uiteraard is burgers veronderstel om aan die regering vir wie hulle gestem het, geld te gee sodat sekere dienste aan hulle gelewer word, maar op 'n punt raak belasting niks anders as wettige diefstal deur die staat nie. Belastingbetalers sal verskil oor waar hierdie punt spesifiek is, maar vir die meerderheid het ons in Suid-Afrika waarskynlik reeds hierdie punt verbygesteek, wat tot gevolg het dat wesentlike morele vraagstukke aan die belastingowerheid gerig kan word:

- Is dit aanvaarbaar dat mense met ernstige dreigemente gedwing word om hulle geld vir die staat te gee?
- Is dit aanvaarbaar dat sommige landsburgers, in 'n land wat hom op gelyke menseregte roem, proporsioneel meer belasting moet betaal as ander?
- Is dit aanvaarbaar dat diegene wat geen belasting betaal nie, deur middel van hulle stemreg, kan bepaal hoeveel belasting dié moet betaal wat wel kan betaal?
- Is dit aanvaarbaar vir belastingbetalers om projekte te finansier waarmee hulle nie saamstem nie?
- Is dit 'n aanvaarbare reaksie van belastingbetalers om meer oneerlik te raak hoe meer belasting hulle moet betaal?
- Is dit aanvaarbaar dat mense al minder ten opsigte van barmhartigheid doen namate hulle meer belasting moet betaal?
- Is dit aanvaarbaar dat mense geneig raak om nie nog meer werk te doen nie namate hulle al meer belasting moet betaal?

Dit is belastingbetalers se normale plig, nie noodwendig morele plig nie, om belasting te betaal in ruil vir dienste wat die regering aan hulle verskaf. As jy belasting betaal, ondersteun jy die regering, sy

beleid en sy agenda. Wanneer jy belasting betaal, bekragtig jy dus in wese dit wat die regering "in jou naam" met jou belastinggeld doen. Daar is beslis 'n morele plig op die regering om belasting op 'n regverdigte wyse te vorder en op moreel aanvaarbare maniere aan te wend. Geen individu behoort afgedreig te word, hetsy deur wetgewing of deur te sinspeel dat dit sy morele plig is, om projekte te finansier wat hy as moreel onaanvaarbaar beskou nie.



Regstellende aksie

Dit is moreel net so aanvegbaar om landsburgers aan te moedig om die landswette te ignoreer. Daarom is die weerhouding van belasting nie 'n oplossing nie indien dit tot die oortreding van belastingwette lei. Belastingontduiking is dus teen die wet en moet dienooreenkomstig hanteer word. Die veronderstelde manier om die belastingstelsel te wysig is om invloed op die wetgewer uit te oefen om die belastingwette binne aanvaarbare beginsels te bedryf.

Die jongste amptelike syfers gee Suid-Afrika se bevolking as 51,8 miljoen mense aan. Volgens SARS se syfers is 13,7 miljoen daarvan vir inkomstebelasting geregistreer. Hiervan is 3,3 miljoen vir 99% van die inkomstebelasting verantwoordelik wat van individue gevorder word. Daar is 2,3 miljoen belastingbetalers wat 93% van die totale individuele inkomstebelasting betaal terwyl 1,5 miljoen 84% daarvan betaal.

In sy begroting van 2013 het die Minister van Finansies aangedui dat 16,1 miljoen mense gedurende 2012/13 maatskaplike toelaes van een of ander aard ontvang het. Vir meer as 22% van die land se huishoudings is hierdie toelaes die vernaamste bron van inkomste en dit word direk deur belastinggeld gefinansier.

Daar is 'n totale wanbalans tussen dié wat belasting betaal en dié wat daardeur bevoordeel word. Dié wat belastingvoordele ontvang, het via die stembus by verre meer invloed in hoe die belastingwette opgestel word as dié wat belasting betaal. In Suid-Afrika het belastingbetalers dus bykans geen morele vermoë om die belastingstelsel te verander nie. Hulle is intendeel totaal uitgelewer aan welke immorele belastingvorm ook al op hulle afdwing word. Belastingvermyding is dus die enigste morele metode om weerstand daarteen te bied.

Dit is belastingbetalers se plig om weerstand teen die betaling van belasting te bied. Dit is slegs deur te weier om te veel geld te gee dat die regering gedwing kan word om versigtig te werk te gaan met dit wat hy wel ontvang. Daar kan nooit 'n "morele" of "patriotiese" verpligting op enigiemand geplaas word om meer belasting te betaal as wat wetlik van hom verwag word nie.

Kry die kwaliteit om jou lewenstyl te **komplementeer**.

Kaufmann Buitelewe ontspanningsprodukte word al sedert 1995 **deskundig ontwikkel** met die nuutste **materiale en ontwerpe** om aan die behoeftes van die **buitelewe-entoesias** te voldoen.

KO_PR_OVK_FP-26102015



KAUFMANN

Kaufmann Buitelewe is beskikbaar by deelnemende landbou handelstakke.

Kaufmann Buitelewe word eksklusief versprei deur **AgriNet**
www.kaufmannoutdoor.co.za

“Ek is ’n volbloed Stormers/WP-ondersteuner”



Nuwe hoof van handel het liefde vir landbou, kampeer, jag en Stormers

VKB verwelkom **Francois Loots** in ons midde. Hy is pas aangestel as VKB se nuwe uitvoerende hoof van handel. **Hannelie Cronjé** het ’n paar vrae aan hom gestel.

H - Vertel ons bietjie van jou agtergrond – waar het jy grootgeword, skoolgegaan, gestudeer, en dan ook iets oor jou gesin – vrou en kinders.

F - Ek is op 10 Maart 1975 in Prieska gebore. In daardie stadium het ons nog op die plaas gebly, so 50 km buite die dorp. Sub A trek ons dorp toe waar my skoolloopbaan begin het. Tussen standerd 4 en 8 trek ons na Hopetown en Bredasdorp en in 1991 gooi my ouers anker in Durbanville. Nadat ek in Durbanville gematrikuleer het, was ek ’n rukkie op Stellenbosch waar ek begin studeer het en is tans in die proses om die studies finaal te voltooi.

Tydens die laaste 18 jaar by Kaap Agri het ek verskeie waardevolle kursusse voltooi en was ek ook bevoorreg om in die VSA ’n kursus in strategiese beplanning en bestuur in kleinhandel wat deur Babson aangebied word, te voltooi.

Met die draai van die millennium het ek vir Maggie ontmoet en is ons in 2001 getroud. Ons kinders is ons diere aangesien ons nie kinders kan kry nie.

H - Jou loopbaan tot dusver?

F - My liefde vir landbou het al in standerd 6 begin toe ek naweke en skoolvakansies rakke begin pak het by die destydse BNK en WPK. In 1996 word ek aangestel as handelsklerk in Durbanville by WPK.

In 1997 is ek bevorder tot assistentbestuurder by WPK se Stellenbosch-tak.

In 2000 het ek vir ’n kort tydjie by Cape Gate ’n draai gemaak en vroeg in 2001 is ek terug na WPK as senior bestuurder van die Paarl Agriemark.

In 2009 is ek bevorder tot hoofbestuurder van handel vir die Noord-Kaap en trek ons toe Upington toe. In 2015 kry ek ook Namibië se bedrywe by en sedertdien kyk ek na al Noord-Kaap en Namibië se bedryfspunte.

H - Hoe sien jy landbou in Suid-Afrika?

F - Ek is baie lief vir landbou. Dis waar ek grootgeword het en ek was nog altyd bevoorreg om deur my werk naby aan ons land se produsente te lewe. Landbou in Suid-Afrika sal altyd sy kwessies hê wat die bedryf onder druk plaas, maar ek glo dat jou gesindheid en positiewe bydrae tog 'n groot verskil kan maak in almal se denkwyses.

Ons almal weet ons land is baie afhanklik van landbou – nie net vir die werkgeleenthede wat dit bied nie, maar ook vir voedselsekureit vir al Suid-Afrika se mense. Ons moet positief bly en as landbouvennoot van ons produsente is dit ons plig om seker te maak dat ons bydrae waarde toevoeg sodat ons produsente môre ook nog daar is.



Francois met gemsbok by STS naby Askam

F - VKB is 'n dinamiese landboubesigheid met 'n baie goeie, kundige bestuur- en personeelspan. VKB se sakemodel is ook geskoei op ongelooflike goeie kliënteverhoudinge en ek hou daarvan. Die geleentheid vir groei – nie net vir VKB nie, maar vir myself ook – is daar, so die bal is in my hande en ek glo dat beide van ons die vrugte van ons arbeid sal pluk.

H - Wat is jou visie vir jou nuwe posisie?

F - Ek hou daarvan om basiese bestuurbeginsels toe te pas. Ek het vier goue reëls: **Kliëntediens** (dit is ononderhandelbaar), **netheid** (ons moet al ons kliënte se koopervaring maksimum bevorder), **administratiewe uitmuntendheid** (ons besigheid moet binne gesond wees) en om ons **doelwitte** elke maand nie net te behaal nie, maar te oorskry.

Ek het goeie handelsonderervinding en was al by meer as 15 groot opgraderings en/of nuwe projekte betrokke. Ek sal graag wil sien dat ons algemene standaard en aanbieding vir al ons kliënte na 'n volgende vlak van ongekende dienslewering geneem word.

Ons moet AL ons kliënte se voorkeurverskaffer wees en ons moet sy eenstopwinkel in elke dorp wees.

Ek bly ook gefokus op opleiding en om 'n kultuur te skep waar al ons personeel ook hulself verder kan

ontwikkel en groei binne die besigheid. Dit is belangrik dat die besigheid konstant moet groei en ek glo met my ondervinding en al ons personeel se bydrae dat ons saam die geleentheid sal raaksien en verder kan ontgin tot al ons belanghebbers se voordeel.

H - Wat doen jy vir ontspanning?

F - Ek gaan die Kalahari mis. Dit bly darem net lekker as jy jou kaal voete so in die rooi sand onder 'n kameeldoring langs 'n braaivleisvuurtjie kan indruk. Ek en Maggie hou van nuwe plekke verken, so ons is lief vir rondry in ons vrye tyd. Ons is lief vir die natuur, so elke geleentheid wat ons het om buite te kom, gryp ons aan. Ek is baie lief vir jag.

H - Waar hou julle vakansie?

F - Ons gunstelingplek is die Kgalagadi-oorgrenspark. Ons probeer ook jaarliks om 'n ander Sanparke-reservaat te besoek en te verken. Ons is ook lief vir Namibië en ons probeer elke jaar 'n draai maak by Hentiesbaai (waar ek jaarliks besef ek moet eerder by jag hou en die visvang-ding los). Ons is kranige kampeerdere en geniet enige nuwe lekker plekke waar jy naby aan die natuur kan kom.

H - Wat is jou gunstelingskrywer en tipe boeke?

F - My gunstelingboeke is my Bybel en my *Uit die Beek*. Hier kry ek al die krag wat ek nodig het om my te lei op my lewenspad. Ek lees graag 4x4-tydskrifte soos SA 4x4, Wegry en Wegsleep.

H - Wat is jou gunstelingsport om te beoefen en om te kyk?

F - Ek probeer gholf speel... let wel: probeer. Ek kyk graag krieket en rugby.

H - Watter rugbyspan ondersteun jy?

F - Ek is 'n volbloed Stormers/WP-ondersteuner!



Francois en Maggie saam peetkinders.



jou verskaffer van
landboukalk



LIMECOR

Die **natuurlike** manier
van **vooruitgang**

Straatadres: Lyttelton Dolomietmyn, Bothalaan
Lyttelton Suid-Afrika
Posadres: Posbus 14014, Lyttelton, 0140
LimeCor 'n filiaal van Afrimat Bpk.

Kontak ons by: 079 107 LIME | 079 107 5463 | info@limecor.co.za | www.limecor.co.za

Bekalking

help bestuur die risiko's van mielieproduksie

deur dr. PE Haumann

Selfs onder gunstige toestande is dit 'n uitdaging om mielies winsgewend te produseer. Die onlangse droogte by planttyd het sake verder bemoeilik. Oormatige grondsuurheid veroorsaak 'n risiko vir opbrengsverliese wat nie bekostig kan word nie. Boonop blyk droogte die effek van oormatige grondsuurheid te vererger (Haumann, 1986).

Impak van oormatige grondsuurheid op mielieopbrengs

Oesverliese as gevolg van oormatige grondsuurheid kan die winsgewendheid van mielies onder geweldige druk plaas. Wanneer oormatige grondsuurheid en droogtetoestande saam voorkom, kan dit lei tot 'n totale mislukking. Dit blyk uit navorsing gedoen op mielieproduksiegronde van die Heidelberg-distrik (Haumann, 1986).



TABEL 1: Verwagte oesverliese by verskillende pH-v

pH (KCl)	VERWAGTE OESVERLIESE VIR MIELIES (%)	
	Nat toestand	Droë toestand
5,2	0	72
4,4	10	85
4,0	30	90
3,9	40	95
3,8	45	100

Die gemiddelde mielieoes by pH (KCl) 5,2 onder nat toestand (1979 tot 1982) was 5,25 ton per hektaar (t/ha). Met uiterste droogtetoestande (1983 tot 1984) is slegs gemiddeld 1,50 t/ha geoes. Daar is egter geen oes gemaak by die ongekalke gronde nie. By pH (KCl) 4,4 is slegs 0,75 t/ha geoes.

Geen oesverliese word verwag by 'n pH (KCl)-vlak van hoër as 5,2 nie. Dit is toevallig die natuurlike pH-vlak van die gronde onder natuurlike weiding wat nou vir mielieproduksie gebruik word (**Departement Landbou, 1984; Schoeman, Bruce & Turner, 1984**).

Basiese beginsels van bekalking

Hoeveelheid kalk benodig om pH-vlakke te handhaaf en te verhoog

Versuring van gronde onder droëland-mielieverbouing vind teen ongeveer 0,5 ton kalk/ha/jaar plaas (Haumann, 1986). Dit beteken dat 'n sekere pH gehandhaaf sal word indien 2 ton kalk/ha elke vierde jaar of 0,5 ton kalk elke jaar toegedien word hetsy die pH (KCl) 5,2, 4,4 of 3,8 is. Addisionele kalk moet toegedien word om die pH-vlak van die grond te verhoog. Ongeveer 1 ton kalk/ha is nodig om die pH (KCl) van grond met 0,15 tot 0,2 eenhede te verhoog (Haumann, 1986). Dit moet natuurlik deur

grondontledings gemoniteer word en hang af van die kwaliteit van die kalk wat gebruik word en die buffervermoë van die grond. In die Hoëveld van Suid-Afrika is suurgronde gewoonlik redelik sanderig en dus swak gebuffer.

Vanuit Tabel 1 is dit duidelik dat dit meer winsgewend sou wees om 'n pH (KCl) van hoër as 5,0 te handhaaf as enige laer pH aangesien oesverliese verwag word by pH (KCl)-waardes van laer as 5,2.

Bekalking om oesverliese uit te skakel

Indien 'n produsent die oesverliesrisiko wil uitskakel wat by 'n pH (KCl) van byvoorbeeld 4,4 verwag word, kan hy na 'n pH-vlak van 5,5 gaan deur die volgende formule kalk toe te dien:

$$(5,5 - 4,4) \div 0,2 \text{ tot } 0,15 = 5,5 \text{ tot } 7,3 \text{ ton kalk/ha}$$

Die koste sou ongeveer R2 000 tot R3 000/ha beloop.

Die verwagte oesverlies by pH (KCl) 4,4 is 10% of soos in die navorsing bepaal:

$$5,24 \times 0,1 = 0,524 \text{ ton/ha} \times R4\ 000 = R2\ 096/\text{ha}$$

Dit is duidelik dat die bekalkingskoste redelik vinnig verreken sou kon word. Die spoed waarmee die produsent die koste wil verreken, hang af van sy kontantvloesituasie. Die ekstra bekalking kan selfs by die gereelde vierjaarlikse bekalking bygevoeg word. Dit is egter belangrik dat grondontledings gereeld geneem word om vordering te monitor. Wanneer die gewenste pH bereik word, moet dit in stand gehou word deur elke vier jaar 2 ton kalk/ha toe te dien of volgens grondontledings die suurheidsvlak te bestuur.

Gronde wat toegelaat is om te versuur tot 'n pH (KCl) van 4,0 en laer bied 'n ernstige probleem. 'n pH-vlak van 4,0 is 15 maal suurder as 'n pH-vlak van 5,5.

Ongeveer 7,5 tot 10 ton landboukalk/ha word benodig om 'n pH (KCl) vanaf 4,0 tot 5,5 te verhoog. Dit kan selfs heelwat meer wees afhangend van die kwaliteit landboukalk wat gebruik word en die buffervermoë van die grond. In sulke gevalle moet die produsent saam met die adviseur deeglik beplan. Daar moet ook seker gemaak word of die ondergrond nie ook reeds versuur het nie. Die beste oplossing vir hierdie tipe probleem is om die versuring in die eerste plek te verhoed. Versuurde gronde kan egter met groot welslae en baie geld reggestel word. Die voordeel is dat die geld wat aan bekalking bestee word, beslis weer verdien gaan word met verbeterde opbrengs. Die verliese wat gely is tot by die punt dat die grond 'n pH (KCl) van 4 bereik het, sou die produsent egter reeds onder groot finansiële druk geplaas het.

Fosfor (P) en ander bemestingsoorwegings

Die maksimum voordelige effek van bekalking kan slegs behaal word indien die fosfor/P-vlak reg is (Haumann, 1986). Regstelling van die fosfor/P-vlak moet verkieslik ná bekalking plaasvind aangesien P vasgelê kan word wanneer kalk en P saam op baie

suur grond toegedien word (Haynes, 1982).

Byvoorbeeld, vir sanderige gronde (klei-% <10) word 'n Bray 1 P van ten minste 30 mg/kg benodig (MVSA, 2002). Verder moet die produsent ook seker maak dat die bemesting in geheel aanpas by 'n situasie waar bekalking 'n hoër opbrengs tot gevolg het.

Samevatting

Die bestuur van grondsuurheid deur bekalking kan slegs doeltreffend gedoen word wanneer dit ingesluit is by die bemestingprogram en bekalking deeglik beplan en begroot word.

Produsente moenie toelaat dat oesverliese gely word wat deur eenvoudige praktyke uitgeskakel kan word nie. Dit maak nie sin om 'n grond by 'n pH (KCl)-vlak van 4,4 te bestuur terwyl die verwagte oesverlies vir mielies by daardie pH-vlak 10% is nie.

Droogte vererger die nadelige uitwerking van oormatige grondsuurheid.

Hierdie artikel kan nie al die aspekte behandel wat betrekking het op deeglike bekalking en bemesting nie. Skakel gerus met u landboukundige of kunsmisverteenwoordiger wat daagliks daarmee werk en beproefde kennis het.



Verwysings

Departement Landbou. 1984. *Landtipekaart 2828 Harrismith*. Pretoria, Suid-Afrika. **Sien:** http://library.wur.nl/isric/fulltext/isricu_i14124_001.pdf

Haynes, R.J. 1982. Effects of liming on phosphate availability in acid soils. *Plant & Soil*, **68**, 289-308.

Haumann, P.E. 1986. The influence of liming and phosphate application on the acid properties of three soils under maize (*Zea Mays L*). Ongepubliseerde PhD verhandeling. UOV, Bloemfontein.

MVSA. 2002. *Bemestingshandleiding*. Vyfde hersiene uitgawe. (MVSA = Die Misstofvereniging van Suid-Afrika. Die naam het onlangs verander na FERTASA = Fertiliser Association of South Africa.)

Schoeman, J.L., Bruce, R.W. & Turner, D.P. 1984. *Landtipekaart 2728 Frankfort*. Department Landbou, Pretoria, Suid-Afrika.

Voorkom genetiese afwykings weens inteling by kuddes



deur dr. Michael Bradfield

Deur inteling kan kuddes se produksie en oorewingsvermoë gaandeweg afneem, genetiese afwykings kan voorkom en 'n seleksie-perk word bereik. Só word dit verhoed.

Verskeie skoubeoordelaars glo steeds in eenvormigheid en die waarde van inteling van bloedverwante om 'n groep beeste of skape te teel wat soortgelyk aan mekaar is wat vorm en grootte betref.

Eeue gelede is hierdie selfde intelingsbeginsels op families van toepassing gemaak. Veral die Europese adel het daaraan geglo, maar om ander redes.

Volgens rekords was die adel destyds besorg oor die "suiwerheid van hul bloed" en hulle het familieledede aangemoedig om te ondertrou sodat die adellike bloed nie met dié van gewone mense meng nie (en natuurlik om die familieskatte te bewaar).

Eers toe genetiese afwykings meer gereeld opgeduik het, is familieledede aangespoor om eerder met adellikes uit ander huishoudings en lande, of selfs gewone mense, te trou.

'n Onlangse studie bewys dat hoë vlakke van inteling vir die ondergang van die Spaanse Habsburg-familie verantwoordelik was. Koning Karel die Tweede was fisiek en verstandelik gestrem en onvrugbaar. Hy was meer aangebore as in 'n broer-susterverhouding. Met sy dood in 1700 het die vorstehuis se hele manlike lyn uitgesterf.

Net so het heelwat stoetkuddes in onbruik verval weens hoë vlakke van inteling. Toe die Britse wetenskaplike Robert Bakewell (1792) voorgestel het dat een bul by 'n groep koeie gebruik word en dus deur die "selektiewe gebruik van 'n bul" die kudde verbeter, was min nog bekend oor die invloed wat selektiewe inteling op 'n kudde sal hê.

Tot vandag toe is die voordeel dat gunstige teelmateriaal maklik gemanipuleer kan word. Die nadeel is egter die skadelike invloed wat inteling op die kudde kan hê. In hierdie vroeë stadium is dit egter eerder as 'n voordeel as 'n nadeel gesien, want "soortegte" diere het só ontstaan.

Nadele van inteling

Daar word dikwels na inteling verwys as die dief in die nag, want dit beïnvloed gewoonlik 'n kudde se vrugbaarheid en oorewingsvermoë. Hierdie kenmerke word nie maklik waargeneem nie en die kudde word dus gaandeweg minder produktief.

Teen 'n intelingsvlak van 25% (dit kom maklik voor in 'n kudde wat opsetlik 'n beleid volg dat bloedverwante diere toegelaat word om te teel, want die vlak van inteling neem toe met verloop van tyd) is die resultaat 'n afname van minstens 10% in die kalfpersentasie. Sowat twee tot drie uit elke honderd kalwers is doodgebore.

Inteling word eenvoudig beskryf as die paring van pare wat geneties na aan mekaar verwant is. Jy en jou suster is byvoorbeeld 50% verwant, net soos wat jy met jou ma of pa is (dis 'n algemene wanopvatting dat julle 100%-verwant is). 'n Suster x broer-paring in diere sal dus lei tot 'n 25%-inteling. Net so sal 'n pa x dogter-paring 'n inteelvlak van 25% hê. Deur volle neefs en niggies met mekaar te paar, ontstaan inteling van 6,25%. In diereteelt mik genetici daarna om 'n kudde se intelingsvlak onder 5% te hou.

Die ander nadelige invloed is natuurlik die verwoestende genetiese afwykings wat voorkom. In 'n natuurlike bevolking sal hierdie gene gewoonlik min invloed op die dier se prestasie hê, maar in 'n ingeteelde bevolking word die prestasie gekompromitteer.

Laastens sal 'n ingeteelde bevolking nie dieselfde mate van reaksie op genetiese seleksie toon nie. 'n Seleksie-bepanking word bereik, wat beteken dat enige seleksie vir ekonomies belangrike kenmerke, soos groei, doeltreffendheid en voortplanting, beperk sal wees. In die jongste dekade het 'n skuif na saamgestelde rasse, veral in vleisbeeste, plaasgevind. Daarmee saam het die behoefte aan variasie ontstaan om die reaksie op seleksie vir ekonomiese belangrike kenmerke te verbeter.

Selfs binne 'n ras selekteer boere nou vir bulle (of ramme) wat aan verskillende markvereistes voldoen. Bulle kan byvoorbeeld gekies word om eerder by verse gebruik te word, vir kruisteeldoelindes, vir speenkalfproduksie of selfs om nageslag te produseer wat meer geskik is vir os- of veldproduksie. Genoeg genetiese variasie moet binne 'n ras (suiwer of saamgestel) bestaan om bulle te verkry wat aan al die verskillende markbehoefte voldoen.

Praktiese wenke

Verhoed inteling deur met elke nuwe generasie van jou bulle of ramme te vervang. Moet nooit 'n bul met sy dogters paar nie en probeer selfs oupa x dogter-parings of parings tussen neefs en niggies vermy. Kuddebestuurs- en internet-sagteware is beskikbaar waarmee die paring van bloedverwante vermy kan word.

Kortom:

- Teen 'n intelingsvlak van net 25% kan die kalfpersentasie met sowat 10% afneem.
- In 'n ingeteelde bevolking sal die seleksie vir ekonomiese belangrike kenmerke, soos groei, doeltreffendheid en voortplanting, beperk wees.
- 'n Kudde se intelingsvlak moet verkieslik minder as 5% wees.

Dr. Michael Bradfield het die graad BSc (hon) aan die Universiteit van die Vrystaat, MSc by Edinburgh en Ph.D. in diereteelt in Armidale, Australië, verwerf.

Longontsteking by beeste

deur dr. S. Froneman van Froneland
Veeartsenypraktijk



Longontsteking, oftewel bronchopneumonie, is 'n siekte van beduidende ekonomiese belang en kos die veebedryf in Suid-Afrika jaarliks miljoene rande. Met korrekte bestuur, voorkomende beheermaatreëls en korrekte behandeling kan hierdie euwel egter bekamp word.

Bronchopneumonie (ontsteking van die lugweg en longe) in beeste verwys na BRSK (Bees- Respiratoriese Siektekompleks). Hierdie ingewikkelde naam impliseer 'n baie belangrike feit rakende hierdie siekte, naamlik dat dit MULTIFAKTORIAAL is. Dit beteken eenvoudig dat daar verskillende faktore is wat bydra tot die siekte. Verskeie virusse, bakterieë, omgewingstoestande en bestuurspraktyke dra almal by om een kliniese siekte te veroorsaak. (Vir die doel van hierdie artikel sal *longontsteking* uitruilbaar gebruik word met *BRSK/bronchopneumonie*.)

Longontsteking is die nommer-een-siekte wat verantwoordelik is vir ekonomiese verliese in voerkrale en die tweede belangrikste siekte in melkkalwers naas diarree. Dit is egter nie net 'n siekte van voerkraalbeeste nie, maar kom ook voor in ekstensiewe kuddes, hoofsaaklik onder jong diere.

As longontsteking uitbreek in 'n groep beeste, kan dit varieer van baie tot min mortaliteite (sterftes). Daar is egter altyd 'n groter hoeveelheid wat siek is (morbiditeit) as wat doodgaan aan die siekte en hierdie groep dra verder by tot die ekonomiese verliese van die boer omdat hulle produktiwiteit verlaag. Maatstawwe wat wins bepaal vir die boer soos groei, speengewig, voeromset en GDT (gemiddelde daaglikse toename) sal ongetwyfeld daaronder ly as 'n bees longontsteking het. 'n Melkkalf wat kroniese longontsteking het, sal nooit haar volle potensiaal bereik ten opsigte van vrugbaarheid en melkproduksie nie en kan nie gebruik word as 'n vervangingsvers nie.

Deur te verstaan hoe die siekte werk, kan dit strategies beheer word deur korrekte bestuur en enting.

Besmetting

STRES is die **GROOTSTE FAKTOR** wat lei tot 'n sneeubal-effek wat eindig in longontsteking.

Faktore wat tot stres kan lei, is die volgende:

1. **Speen:** Dit word gereken as die enkele grootste stresfaktor in 'n kalf se leeftyd en die impak daarvan word dikwels onderskat.
2. **Vervoer:** Die Engelse benaming vir die siekte is *Shipping Fever* juis omdat daar dikwels longontstekings uitbreek ná 'n vervoer-episode.
3. **Ekstreme weersomstandighede:** Jonger diere is meer blootgestel aan die elemente en dit plaas hulle onder druk.
4. **Temperatuurskommeling:** In die herfsmaande is daar dikwels warm dae en koue nagte en dis juis in die herfs en winter wat longontsteking toeneem.
5. **Kraal:** Kalwers in 'n voerkraal of speenkalwers wat gekraal word, skep 'n onnatuurlike situasie waar die konsentrasie diere hoog is op 'n klein oppervlakte en dit lei tot stres.
6. **Stof:** Dit gaan gepaard met diere wat op kraal staan. Gewoonlik is dit 'n groter probleem in die

droë koue maande. Stof irriteer die lugweë van die beeste wat lei tot vatbaarheid vir virusse en bakterieë.

7. **Voeding:** Een van die belangrikste faktore wat in ag geneem moet word waar enige siekte seëvier oor die immuunstelsel.
8. **Water:** 'n Probleem wat dikwels gevind word by veilings of waar kalwers oor lang afstande vervoer word sonder om kans te kry om water te drink. Vogverlies lei tot dehidrasie en elektrolietversteurings.
9. **Siektes:** Wanneer 'n bees aan enige siekte lei (byvoorbeeld diarree), is sy immuunstelsel onder druk om daardie siekte te beveg en is hy dus meer vatbaar om longontsteking op te doen.
10. **Swak ventilasie:** Hierdie is 'n probleem onder melkkalwers in kalfgrootmaakeenhede. Kalfhokke met 'n swak lugtrek wat nie gereeld skoongemaak word nie, bou ammoniak op (afkomstig van die kalf se urine) wat hoogs irriterend is vir die kalf se lugweg.
11. **Uitputting:** Wanneer kalwers byvoorbeeld oor ver afstande aangejaag word sonder rus.
12. **Onthoring, inent, brandmerk:** Veral wanneer kalwers wat te groot is sonder verdowing onthoring word.

'n Natuurlike reaksie op stres is vir die liggaam om sy kortisolvlakke te verhoog. Dit het egter 'n negatiewe effek op die immuunstelsel. Wanneer 'n kalf dan onder druk is van een of meer van die stresfaktore hierbo genoem, funksioneer die normale verdedigingsmeganismes van die asemhalingsstelsel (lokale immuniteit) en immuunstelsel (humorale en sellulêre immuniteit) nie meer soos dit moet nie.

Dit skep die geleentheid vir respiratoriese virusse om 'n voet in die deur te kry, wat nie normaalweg sou gebeur in die gesonde kalf nie (uitsonderings kan ontstaan wanneer die virus/bakteriële lading so hoog is dat dit die gesonde immuunstelsel oorweldig). 'n Virusinfeksie ontstaan wat lei tot beskadiging van die boonste lugweg en verdere onderdrukking van die immuunstelsel.

Een van die funksies wat ingeboet word, is die lugweg se vermoë om slym uit te skei. Die lugweg se oppervlakte bestaan uit miljoene fyn "haartjies" (gesillieerde epiteel) wat met slym bedek is. Hierdie slym vang stofdeeltjies en mikro-organismes vas en verhoed dat dit by die longe uitkom en die "haartjies" vee dit voortdurend opwaarts na die mond en neus waar dit gesluk of uitgehoes word.

Dit maak dan weer die pad oop vir bakteriese infiltrasie. Etterige longontsteking en absesse ontwikkel tesame met infeksie van die hartsak (perikardium)- en borskasvlies (pleuritis).

DIE VIRUSSE

IBR (Aansteeklike beesrinotrageïtis)

- Ook genoem Bees Herpes Virus-1.
- 'n Dormante infeksie kan teenwoordig wees wat opvlam onder strestoestande (soortgelyk aan koorsblare in mense) en ernstige boonste lugwegontsteking veroorsaak.
- Dit affekteer nie net die respiratoriese sisteem nie, maar kan ook lei tot infeksie van die geslagsorgane, aborsies of harsingontsteking.

PI-3 (Para-influenza 3)

- Veroorsaak longinfeksies met matige simptome op sy eie, maar erge longontsteking wanneer dit voorkom saam met ander respiratoriese virusse en/of bakterieë.
- Beskadig/vernietig die lugweg se oppervlak (gesillieerde epiteel).

BVD (Bees-virus-diarree)

- Baie prominente immuunonderdrukking, wat vatbaarheid vir respiratoriese siekte verhoog.
- Die oorsaak van BVD (matige diarree) en Mukosiasiekte (dodelik, maar skaars).
- Draers (PI, of permanent geïnfecteerde kalwers) versprei die siekte en presteer normaalweg swak.

BRSV (Bees-respiratoriese Sinsitiale Virus)

- Meeste diere toon matige tot geen kliniese simptome, maar kan ook lei tot longontsteking.
- Beskadig/vernietig die lugweg se oppervlak (gesillieerde epiteel).
- Mees algemene respiratoriese virus in veldbeeste.

DIE BAKTERIEË

Mannheimia haemolytica, Pasteurella multocida, Histophilus somni

- Kom algemeen voor in die neusholtes en mangels van beeste.
- In die teenwoordigheid van stres, immuunonderdrukking en virusinfeksies vermeerder die bakterieë en versprei na die longe.

Veroorsaak inflammasie wat uiteindelik lei tot weefselbeskadiging en vloeistofakkumulاسie in die longe.

Siektetekens

Kliniese simptome kom normaalweg drie tot tien dae ná 'n stres-episode voor.

Vroeë tekens om voor uit te kyk:

- Staar eenkant van die trop
- Kop en ore hang
- Traag om op te staan en te beweeg
- Growwe haarkleed
- Afname in eetlus, dun flanke
- Vinnige asemhaling

Spesifieke tekens om voor uit te kyk:

- Koors
- Neusuitloopsel (waterig of etterig), rooi neus met sere
- Oë wat traan en geswel is
- Hoesbuie
- Vinnige en moeilike asemhaling, oop bek en tong wat uitsteek
- Uitgestrekte nek en kop, elmboë wat weg van lyf uitgedraai is

Dit is belangrik om 'n siek bees so vroeg as moontlik te identifiseer en te behandel, aangesien dit die prognose op herstel aansienlik verbeter. Dit verg egter vaardigheid en ervaring om 'n siek bees vroeg in die verloop van die siekte te identifiseer. Dis daarom belangrik dat die persoon wat verantwoordelik is vir die observasie van die beeste sy werk ken, vertrouwd is met die beeste en weet waarvoor om te kyk.

'n Goeie wenk is om altyd eers die dier op 'n afstand dop te hou en sy gedrag te bestudeer, aangesien 'n natuurlike beskermingsreaksie inskop wanneer 'n mens naby aan 'n bees kom en hy bedreig voel. So 'n bees versluier dan sy sieketekens en bondel saam in die trop wat evaluasie bemoeilik.

Verder kan baie van die bogenoemde "simptome" normaal wees wanneer dit nie in 'n geheelbeeld saam met die dier se gedrag geëvalueer word nie. 'n Neusuitloopsel kan byvoorbeeld normaal wees, 'n dier wat aangejaag was kan vinnig asemhaal of 'n growwe haarkleed kan 'n minerale wanbalans wees. Gesels gerus met jou veearts om jou te help onderskei tussen spesifieke siektesimptome.

Beheer

Hoe vroeër 'n siek dier behandel word, hoe beter is sy kans om te herstel en hoe skraler is die kans dat hy kroniese letsels opgedoen het. Siek diere wat vroeg geïdentifiseer word en korrek behandel word, reageer normaalweg goed binne die eerste 24 tot 36 uur.

Behandeling behels tipies

- a) 'n toepaslike antibiotika (hoë konsentrasies in die longe en vinnige werking)

- b) 'n anti-inflammatoriese middel (nie-steroïed anti-inflammatoriese middels)

- c) goeie versorging en voeding

Dis belangrik om te onthou dat antibiotika en bogenoemde behandelings nie virusse kan doodmaak nie; dit beveg slegs sekondêre bakteriese infeksies en daarna is die dier op sy eie immuunstelsel aangewese om die siekte te beveg. Goeie immunitet is dus belangrik om 'n positiewe prognose te verseker.

In sommige gevalle, soos uitbrake van longontsteking of hoërisiko-kalwers in 'n voerkraal, kan voorkomende (profilaktiese) behandeling geregtig wees.

Voorkoming

Bestuur:

Alles gaan daarvoor om 'n kalf groot te maak wat stresvry is met 'n sterk immuunstelsel. Elke boerdery, melkery of voerkraal sal onderskeidelik unieke uitdagings hê.

Voorbeelde van goeie bestuur kan insluit:

- Maak seker die koei se voeding is voldoende.
- Gee byvoeding in die winter indien nodig.
- Plaas beeste in kampe met skuiling gedurende die winter of bou selfs 'n windskuiling.
- Minimaliseer speenstress deur byvoorbeeld speen-neusringe te gebruik.
- *Background* kalwers en stel hulle geleidelik bloot aan 'n volvoerrantsoen.
- Bekamp stof in krale deur byvoorbeeld nat te spuit (pasop vir modder) en/of konsentrasie beeste te beheer.
- Maak melkkalwers se hokke gereeld skoon en maak seker daar is genoeg vars lug ('n nuffige wenk is om te hurk in die hok en die lug op daardie vlak in te asem. Dit moet nie na ammoniak ruik en jou keel brand nie).

Enting:

Dit is die goedkoopste en effektiwste manier om jou kudde te beskerm teen respiratoriese siektes.

Daar is verskeie entstowwe op die mark, met verskillende indikasies. Sommige is veilig in dragtige diere en ander nie – dis belangrik om dit vas te stel voordat 'n entstof gebruik word in 'n kudde met geen geskiedenis van respiratoriese entstowwe nie. Verder is daar entstowwe spesifiek ontwikkel vir voerkrale, asook ander wat op die speenkalfprodusent gemik is.

'n Algemene program in 'n koei-kalf-kudde sal wees om die kalwers te ent vóór speen en op te volg met 'n skraagdiagnose 'n maand later en koeie 'n maand voor die teelseisoen te ent.

Raadpleeg u veearts oor die korrekte behandeling en entingsprogram vir u kudde.

Kontak dr. Froneman by (schabort.froneman@gmail.com) vir meer inligting.

LAAT SOMMER AANBOD

ivomec®

33% GRATIS

KOOP 1 L EN
KRY 500ml
GRATIS!

Verkoopsvoorwaardes:

Aankope vanaf 1 April tot 30 Junie 2016 by jou deelnemende Agribesigheid, of jou deelnemende veearts. Afleverings kan tot 7 weksdae neem as die afsetpunt nie voorraad het nie. Plaas dus so gou moontlik jou bestelling. Die aanbod is geldig terwyl voorraad hou!



Merial South Africa (Pty) Ltd. Reg No.: 1997/022402/07.
PO.Box 5924, HALFWAY HOUSE, 1685.
Tel: 011 256 3700. Fax: 011 256 3731.

Ivomec Injection (Reg No G2329 Wet 36/1947)
Bevat Ivermektin (1% m/v)

Ivomec Super Injection (Reg No G2629 Wet 36/1947)
Bevat Ivermektin 1% en klorisulon 10% (m/v)

Ivomec Gold (Reg No G3080 Wet 36/1947)
Bevat Ivermektin (3.15% m/v)

KONTAK

Merial Kantoor: 011 847 5057
Merial Helplyn: 086 063 7425
Roger Frewen: 082 651 9026



vkb

BestDrive

You drive, we care.

BestDrive VKB Reitz Bande

As part of our commitment to excellent customer service, we have upgraded our fitment centre to a BestDrive and retained our original excellent team. As a preferred retail channel of Continental Tyre South Africa, BestDrive offers a complete multibrand, tyre fitment solution designed to provide the best value, service and quality at affordable prices.

Tyre pressures need to be adjusted for different loads.

Check the manufacturer's sticker on the inside of the driver's door/fuel cap cover, or ask your BestDrive consultant about the correct pressure.

Did you know

that when the road is wet, your tyres need to displace as much as ten litres per second?

That's why you should never let your tread depth go below 3mm.

Don't you hate it

that incorrect wheel alignment, poor balancing and worn shocks can ruin a perfectly good set of tyres?

Get it all checked out right here at BestDrive.

There's it!



Continental





Die opening van Best Drive

Reitz Bande is ten volle toegerus wat kundigheid betref, met sewe gespesialiseerde bandjoggies en twee bemarkers. Die personeel ondergaan gereeld kursusse om hul kennis op te knap en is hoogs gespesialiseerd om met die toerusting te werk.

David Mphiti spesialiseer in wielsporing en is reeds vir 28 jaar by VKB se bande-afdeling werksaam. Johan Naude en Conrad Swanepoel, die bemarkers, is onderskeidelik 18 en vyf jaar by VKB se bande-afdeling werksaam. Conrad het 17 jaar ondervinding van bande.

Die werkswinkel is ten volle toegerus met wielsporingmasjienerie en verskeie toerusting om bande te herstel. 'n Spesiale diens wat Reitz Bande bied, is 'n uitroepdiens. Die uitroep-bakkie is enige tyd beskikbaar vir bystand.

Reitz Bande was voorheen bekend as Werda Bande toe Koos Nagel destyds aan die stuur van sake was. Daarna het Hertjie Jordaan die leisels oorgeneem. Hertjie was vir 12 jaar die bestuurder by die bande-afdeling. Johan Naude is in 1998 aangestel en in 2003 het VKB Bande verander na Continental.

Contipartner het oorgeskakel na 'n franchise, naamlik Best Drive. Dit is steeds dieselfde gehalte produkte maar bied nou meer voordele, beter pryse en meer promosies. Met die oorskakeling na Best Drive is die tak sowel as die toerusting opgegradeer.

Kom maak gerus 'n draai by die nuwe winkel, veral tydens die week van 25 tot 30 April wanneer die groot opening gehou gaan word en baie spesiale aanbiedinge tot almal se voordeel sal wees.



BestDrive VKB Reitz Bande



Tractor Tyre Specials

6 day special from the 25 to the 30 of April 2016

13.6-24	R3 864.00
14.9-24	R4 212.00
18.4-30	R6 804.00

18.4-34	R7 564.00
650/65 R38	R13 796.00

TERMS AND CONDITIONS APPLY: While promotional stocks last • Tyre prices are quoted per unit • Tyre prices exclude vat, fitting and balancing.

**GREAT PRICE
BEST ADVICE**



BestDrive VKB Reitz Bande
37 Steyn Street, Reitz
Tel : 058 863 8350

New Holland TT-trekkers en -hooimaaktoerusting – Perfekte pasmaats

Die New Holland TT-reeks is laekilowatt- ekonomiese trekkers wat beskikbaar is in drie modelle vanaf 35 kW tot 55 kW in tweewiel- en vierwielaandrywing-konfigurasie.

Die **New Holland TT45** is 'n kompakte trekker wat gekenmerk word deur sy lae onderhoudskoste en brandstofdoeltreffendheid. Hierdie trekker word toegerus met 'n 35 kW- drieslinder- Simpson-enjin wat al vir jare beproef is in die Suid-Afrikaanse landbou-omgewing.

Gekoppel aan die enjin is 'n 8x2 transmissie en 'n 540 o.p.m.-kragaftakker wat ook 'n grondspoedopsie insluit. Hantering van die trekkers is moeiteloos, danksy standaard toegerusde kragstuur en 'n kort draaisirkel. Met 'n hyserkapasiteit van 1 500 kg hanteer die trekkers hooimaaktoerusting met groot gemak.

Die **New Holland TT55**-trekker is toegerus met drieslinder- turboaangedrewe Iveco-enjins wat spog met Tier 3-emissievystelling. Die trekkers het 'n kraglewering van 40 kW en 'n maksimum wringkrag van 200 nm wat teen slegs 1 400 o.p.m. verkry word. 'n 8x2 transmissie en 540 o.p.m. onafhanklike kragaftakker vorm ook deel van die trekker se standaardtoerusting, terwyl rolbeskerming en 'n sondak operateursgerief verskaf. Hierdie trekkers is ook toegerus met kragstuur, 'n enkel hidrouliese beheerpunt en Lift'o Matic wat die beheer van driepuntgemonteerde implemente op wenakkers vergemaklik sonder om diepteverstellings te beïnvloed.

Die **New Holland TT75**-trekker is toegerus met vierslinder- turboaangedrewe Iveco-enjins wat spog met 'n 3,9 liter kapasiteit. Kraglewering op die trekkers is 55 kW, en spog met 'n brandstofkapasiteit van 62 liter om moeiteloos deur die dag te kom voordat hervul hoef te word. Hierdie trekkers is ook standaard toegerus met 'n 8x2 transmissie, en kan ook verkry word in 'n 12x3-kruipratopsie wat 'n grondspoed van 770 m per uur tot gevolg het vir spesialisatoepassing. Rolbeskerming en 'n sondak is standaard vir operateursgerief, asook 'n onafhanklike 540 o.p.m.-kragaftakker. Hierdie trekkers verleen gemoedsrus met enjin-gemonteerde hidrouliese pompe waarvan een

doelgerig olie verskaf aan slegs die driepunt en twee stelle eksterne beheerleppe.

Met 'n 2,2 m wielbasis het die trekkers besonder goeie gewigverspreiding tydens bewerkings met driepunt-gemonteerde implemente en is dit 'n uitstekende laekoste opsie vir hooimaaktoepassing.

New Holland-hooimaaktoerusting se ontstaan strek terug tot 1940 en sluit 'n volle reeks gehalte-implemente in:

Driepuntsnyers is beskikbaar as vyf- of ses-skyf-masjiene met onderskeie snywydtes van 2 m en 2,4 m, asook 'n hoëkapasiteit-sleepmodel wat 3,2 m wyd kan sny.

Sleep-tipe snyerkneusers is toegerus met groter skywe vir 'n laer en skoner snit en spog met 'n lae kilowatt vereiste. Hierdie masjiene gee nuwe betekenis aan die woord veelsydigheid aangesien hulle aan beide kante van die trekker kan sny. Twee modelle voltooi die reeks met 3,8 en 4,8 m snywydtes.

Wielharke sluit in die driepunt- gemonteerde RP4 (2,6 m), RP5 (3,5 m), RP10 V-hark (7,5 m) asook twee sleepmodelle wat die TR9 (5,5 m) in-lyn en die QR12 V-hark insluit.

Die **BC5070-stampbaler** spog met swaardiensknopers, en 'n 2 m wye optel Tafel vir ongekende kapasiteit.

Vastekamer-rondebaler produseer 1,2 m bale, en is in verskeie opsies beskikbaar. Die BR6090 met sy wye optel Tafel kan die baal bind met tou en net, en beskik oor 'n invoerrotor vir verhoogde kapasiteit.

Die **BR125-rotorsnyerbaler** word met rollers toegerus in stede van kettings wat op die BR6000-reeks gevind word, en spog met buste op die rollers in stede van laers om onderhoud te beperk.

Die RB 150 is 'n **veranderbare kamer rolbaler** waarvan die diameter van die bale verstelbaar is vanaf 0,9 tot 1,5 m. Hierdie baler word elektronies beheer en spog met dikker belde as sy voorganger.

Die BB1290 is die **groot vierkantbaler** wat met 'n nuwe hoëkapasiteit-invoerstelsel en groter aandryfratkas spog, en hierdeur tot 20% kapasiteit meer het as sy voorganger.

Sleeptipe kuilvoermasjiene is beskikbaar in twee modelle waarvan beide masjiene se snitlengtes verstel kan word. Met 12 messe op die snyrotor vir verhoogde kapasiteit en 'n metaalverklikker vir beskerming is die masjiene leiers in hul klas en beide kan met 'n mielieplukkerkop of grasoptel Tafel toegerus word.

Hierdie reeks masjiene word gerugsteun en versprei deur New Holland Suid Afrika se landwye handelaarsnetwerk. Kontak New Holland Suid-Afrika vandag nog by www.nhsa.co.za.

TT & TT COMPACT

www.nhsa.co.za
www.newholland.com

Die TT nutstrekkerreeks van New Holland pak jou moeilikste take teen 'n bekostigbare prys.

Maksimum veelsydigheid. Opperste gerief.
Beproeft gehalte en betroubaarheid.

TT45 2WD & 4WD 35 kW

TT55 2WD & 4WD 41 kW

TT75 2WD & 4WD 55 kW

Besoek
www.nhsa.co.za
vir meer inligting
oor spesiale
aanbiedinge!



Taai soos 'n ratel. Sag op jou beursie.

Volledige hooimaak en weiding-oplossings



Model

BB1270 Groot Vierkantbaler
BB1290 Groot Vierkantbaler
BC5060 Klein Vierkantbaler
BC5070 Klein Vierkantbaler
RB150F Ronde Beltbaler
RB125S Ronde Rolbaler + Kerwer
BR6080WP Rondebaler
BR6090RF Rondebaler
BR6090RC Rondebaler + Kerwer
H6730 5 Skyf Snyer
H6740 6 Skyf Snyer
H6830 8 Skyf Sleepsnyer
7230 8 Skyf Snyerkneuser
313 8 Skyf Snyerkneuser
316 10 Skyf Snyerkneuser
488 Sekelmes-snyerkneuser
RP4 Hark
RP5 Hark
RP8 V-Hark
RP10 V-Hark
TR9 Hark
QR12 Opvou V-Hark

Afmetings

700 x 1200 mm
900 x 1200 mm
360 x 460 mm
360 x 460 mm
900-1500 Ø x 1200 mm
1250 Ø x 1200 mm
1250 Ø x 1200 mm
1250 Ø x 1200 mm
1250 Ø x 1200 mm
2000 mm
2400 mm
3100 mm
3100 mm
3900 mm
4800 mm
2800 mm
2600 mm
3500 mm
5700 mm
7500 mm
5500 mm
7500 mm



JOU SUKSES - ONS SPESIALITEIT

Kontak vandag jou New Holland-handelaar
of skakel 082 380 2405.

Francois en Isabel Brits lééf geloof, hoop, liefde

Op Snymansdrift, plaas van Francois en Isabel Brits, word jy begroet met 'n kennisgewingbord wat die hele storie vertel: "Deur hierdie perseel te betree, plaas jy jousef onder die leiding van die Heilige Gees en onder die bloed van Jesus Christus ons Saligmaker en Verlosser." **Delene Snyman** het meer gaan uitvind oor die bedrywighede op hierdie plaas.



Snymansdrift is die plaas waarop die "Mighty Men"-saamtrek jaarliks in Limpopo plaasvind. Dit is ook die plaas waarop 'n meubelfabriek bedryf word en onder andere aartappels op grootskaal aangeplant word. Dit is die plaas waar die Brits-gesin in liefde saamwoon en die Here dien.

Die pad wat Francois en Isabel Brits gestap het om te kom waar hulle vandag is, was nie altyd met rose besaai nie. Sels nadat hulle hul harte onvoorwaardelik vir die Here gegee het, het dinge maar net nie in plek geval nie. Vandag kan hulle sien dat hulle geloof deur die jare getoets is; dat hulle baie keer eerder hul eie koppe wou volg as om die Here te ken in besluite, maar dat hulle, deur die genade van Bo, nou op die plek is waar die Here hulle kan gebruik.

Die begin

Francois het op 'n plaas grootgeword maar ongelukkig was die situasie van so 'n aard dat hy nie ná skool kon gaan boer nie. Hy studeer mynbou-ingenieurswese aan Wits maar mynwese is nie sy voorliefde nie. Nadat hy in ander besighede betrokke was, begin hy in 1996 houtkroegstoele vervaardig nadat hy 'n leemte in die mark na eethoekie-stoele identifiseer.

Hy en Isabel besef egter hulle wil nie hul kinders in die stad grootmaak nie en in 1998 koop hy Snymansdrift. In hierdie stadium volg hy nog sy eie kop en wag nie vir die leiding van die Heilige Gees nie.

Mighty Men

Hoewel die Brits-gesin nog altyd Christene was, het Francois in 2000 sy hart onvoorwaardelik aan die Here gegee tydens in Woord-in-Aksie Mannekamp. Dit het sy lewe verander met die Here aan die stuur van sy toekoms. Maklik was dit egter nie aldag nie.

Die stoele het goed verkoop en hy kon nog grond bykoop, maar die oeste het jaar na jaar misluk. Vir

10 jaar, van 2000 tot 2010, het hy twee oeste per jaar gehad waarvan een klokslag 'n misoes was. 2005/6 was die moeilikste en Francois en Isabel het gevoel die Here het hulle in die woestyn gesit, maar in geloof het hulle aangehou boer.

Die eerste Mighty Men-konferensie wat Francois bygewoon het, was in 2008 in Greytown, Natal. Toe hy dit weer die volgende jaar bywoon, droom hy dat Angus Buchan vra dat die byeenkoms elders aangebied word. In sy droom steek Francois sy hand op en sê dit kan op Snymansdrift gehou word.

Angus doen egter niks van die aard nie, en Francois vergeet van sy droom. In 2010 woon hy nie Mighty Men by nie en hoor dus nie dat Angus Buchan wel vra dat die konferensie na die verskillende provinsies geneem word nie.



Francois en Isabel Brits voor die verhoog wat hy gebou het vir die Mighty Men Bosveld-saamtrek.

Toe Arrie Horn, 'n boer en vriend van Francois, na afloop van die Mighty Men 2010 by Francois aandoen om te hoor of die saamtrek nie dalk op Snymansdrift gehou kan word nie, onthou Francois sy droom en hy huiwer nie 'n oomblik om die Here se leiding hierin raak te sien en in te stem nie.

In 2011 word die eerste Mighty Men-saamtrek in die Bosveld op Francois en Isabel se grond aangebied. Die komitee wat die Bosveld-byeenkoms reël, werk goed saam om dinge reg te kry vir die groot geleentheid. Skuld word in goeie geloof aangegaan om te verseker dat dit 'n groot sukses sal wees.

En dit is inderdaad 'n groot sukses, behalwe dat die komitee met 'n groot skuld las sit na afloop van die byeenkoms. Francois se persoonlike skuld is yslik groot. Selfs die pastoor vra vir Francois hoekom hy 'n volgende saamtrek beplan as hy met soveel skuld sit. Maar vir Francois is dit eenvoudig: nes 'n boer ná 'n haelbui waarin sy hele oes vernietig is, die volgende dag opstaan en weer ploeg, so is dit vir hom. Hy sal opstaan en dit weer doen, want dit is vir die Here en in opdrag van Hom.

In aanloop tot die derde Mighty Men op sy plaas, en met hope skuld om te delg, sê die Here vir Francois dat hy voortaan Mighty Men verniet moet aanbied. Hy vra die Here vir bevestiging hiervan uit die Skrif en die Here gee Lukas 9:2-4. Asof dit nie genoeg is nie, vra Francois die Here vir verdere bevestiging en dit kom uit Jesaja. Gewapen met hierdie teksverse lê hy die voorstel aan die komitee voor: maak Mighty Men verniet. En net daar draai alles. Skenkings kom uit alle oorde, mense se beursies gaan oop vir die werk van die Here sodat bykans alle skuld vandag gedelg is. Die Here verander die prentjie en mense is gehoorsaam. Francois is egter nie iemand wat agteroor sit en wag nie. Hy is van nature 'n doener en in opdrag van die Here het hy reeds in die tweede jaar van Mighty Men 'n verhoog gebou. Dit het baie geld op die langtermyn gespaar aangesien 'n mobiele verhoog nie meer gehuur word nie. Intussen het hy ander permanente strukture opgerig, maar vir die manne wat die byeenkoms bywoon, is dit steeds kamp onder die sterre. Waar hulle die eerste jaar onder die spilpunt gestort het, is daar nou water aangelê na oop strukture wat as storte dien. Verlede jaar het 5 000 manne die byeenkoms bygewoon en 10 000 mense was die Sondag teenwoordig. Vanjaar verwag hulle nog meer en sien uit om die Woord aan nog meer te bedien. Mighty Men in die Bosveld gaan vir die volgende vyf jaar nog op Snymansdrift aangebied word en sal jaarliks op die tweede naweek in Maart plaasvind. Wat daarna sal gebeur, sal die Here nog vir Francois sê. Isabel ondersteun Francois een honderd persent in hierdie saak. Maar dit is 'n manne-kamp en 'n saak tussen hom en die Here. Haar gebede dra hom egter in alles wat hy aanpak.

Aartappels

Vandat Francois begin boer het, was dit altyd met aartappels. In 2010, na nóg 'n mis-oes, was Francois na aan moedeloos. Na 10 jaar se misoeste het Francois die Here gevra wanneer Hy die dinge gaan laat draai en hy kry sy antwoord. Getrou aan Sy Woord is dit toe inderdaad die draaipunt in die boerdery. Met harde werk, die hulp van ongeveer 100 werkers (sommige in die fabriek) en genade en seën in oorfloed was die afgelope vier jaar uitstekende jare vir Francois in die landbou. Sy boerdery het ongekende uitbreiding beleef sodat hy nou in die Polokwane-omgewing en in Hoedspruit aartappels plant – en met groot sukses. Hy plant ook wortels onder kontrak en mielies vir wie ook al daarvoor betaal, maar aartappels wat hy aan die mark lewer, is sy hoof-landboubedryf. Beeste en wild is net daar om die afval-aartappels te benut en vir die liefde van die saak. Francois sê 'n mens het 'n verantwoordelikheid om jou skuld af te betaal en om jou gesin te versorg. Al leef hy in absolute afhanklikheid van die Here, maak hy planne en voorsiening om sukses in die boerdery te behaal. Hy bring sy kant en die Here seën sy arbeid.

Francois en Isabel is baie lief vir die plaas en landbou is nou maar eenmaal na aan hul harte. Hulle benader die boerdery uit geloof. Daagliks kom al die werkers byeen in kleiner groepe om die dag met gebed te begin. Francois het sy eerste werkers vir die Here gewerf en hulle doen nou bekeringswerk onder nuweling. Om die boerdery sodanig uit te brei dat hy al drie sy kinders eendag op die plaas kan akkommodeer, is sy droom 'n droom waaraan hy daagliks hard werk en die Here vra vir Sy seën.




Die fabriek

Die fabriek waarin die stoele vervaardig word, is ook op die plaas. Hierdie fabriek het die basis gelê vir sy boerdery deur kontant te genereer. Nadat hy in die laat 1990's 'n kontrak met Hyperama gesluit het, het besigheid gedy. Ook in hierdie gedeelte van die besigheid, sien hy die hand van die Here. Hy voorsien ook werk aan mense wat andersins swaar sou kry. Francois het al oorweeg om die fabriek te sluit, maar ter wille van die werkers sal hy voortgaan om pragtige stoeltjies te vervaardig.

Ten slotte

Na vyf jaar van Mighty Men op Snymansdrift weet elkeen van die 10 komiteelede presies wat om te doen sodat dit soos 'n gladde masjien verloop. Na harde bene kou in die landbou weet Francois wat dit verg om 'n suksesvolle boer te wees. Hy het juis hierdie beroep gekies omdat 'n boer in die natuur altyd na aan die Here leef en werk in afhanklikheid. Isabel, wat 'n graad in kommunikasiekunde aan die Noordwes-universiteit verwerf het, hanteer die administrasie en maak kinders groot. Hulle is 'n hegte gesin met Christelike waardes, 'n gesin wat saam werk en saam die Here dien. Oor die kritiek teen Mighty Men wat beweer die man wil kwansuis 'baas' speel oor sy vrou, lag Francois en Isabel net. Hulle weet hoe dit in hulle huis werk waar respek die middelpunt van die verhouding is. Francois, as hoof van die huis, ag Isabel se opinie en het groot waardering vir alles wat sy vir hom en die kinders doen. Hulle vorm 'n span wat saamwerk – altyd tot eer van die Here.



Sklerotinia-peul en stamvrot in sojabone

deur Henk van der Westhuizen van Philagro

Die swam wat beide *Sklerotinia*-peul en stamvrot veroorsaak, is dieselfde, maar die stadium en manier van besmetting en klimaatstoestand gee aanleiding tot die verskillende simptome. Kom ons kyk eers na die lewensiklus van die swam, want dit is 'n baie goeie aanduiding van hoekom dit so moeilik is om die siektes te beheer.

Die "fancy" naam van die swam is *Sclerotinia sclerotiorum*. Die bekendste vorm waarin die swam deur baie produsente herken word, is die sogenaamde muismis, of *sklerotium*.

Die struktuurtjie lyk regtig soos muismis, en kan in ongesertifiseerde saad voorkom, somer so oop en bloot op die grond lê as die besmetting hoog is, of kan gesien word in die murg van die stam van 'n plant wat verwelk het. Die muismis is geweldig gehard, en kan vir jare in die grond oorleef, veral as dit nie diep ingeplou word nie.

Die siekte kan aanleiding gee tot twee verskillende simptome. As van die spore wat deur die muismis vrygestel is op die blomblare van 'n potensiële peul beland, kan die peul besmet raak, en wit wollerige swamdrade kan dikwels gesien word. Slegs enkele peule word aangetas, en die hele plant vrek nie somer nie. Die peulbesmettings kan egter as besmettingsbron dien wat kan aanleiding gee tot verdere verspreiding van die swam.

Dikwels na blom, en as die sojabone welig groei en die lekker digte blaredak aanleiding gee tot koeler toestande in die mikroklimate om die stamme, en daar genoegsame vog teenwoordig is, kan swamdrade uit die ontkiemende muismis ontwikkel. Die swamdrade infekteer die stam van die plant, vorm nuwe muismis of *sklerotia* binne-in die vaatbondels van die gasheerplant wat lei tot 'n blokkasie van die vaatbondels, en die plant verwelk en vrek.

Hoe beland die siekte in my lande?

Dikwels kan die muismisstrukture gevind word in die **saad** wat teruggehou is, en tydens plant word die muismis ook geplant, so tussen die ander sade. Omdat die swam soveel ander geskikte gasheerplante het, kan daar natuurlik sojas geplant word op 'n land wat 'n **oordragbesmetting** van die vorige gewasse dra. As ons in gedagte hou dat die *sklerotia* verskeie jare in die grond kan oorleef, is dit baie waarskynlik dat baie van die siekteverskynings die oorsaak is van grondoordraging.

Meganiese verspreiding deur veral oestoerusting en masjienerie gee ook aanleiding tot die probleem.

Hoe kan die siekte beheer word?

Dit behoort uit die voorafgaande inligting duidelik te wees hoe moeilik dit is om die siekte hok te slaan. As 'n geïntegreerde proses nie gebruik word om die siekte te bestry nie, kan ons maar vergeet.

- * Begin deur **gesonde, hoëkwaliteit, gesertifiseerde saad**, vry van *sklerotia* te plant.
- * Aangesien baie breëblaaronkruid as gasheerplante vir die siekte kan optree, is goeie **onkruidbeheer** noodsaaklik. Kakiebos en opslagsonneblom moet vernietig word.



- * Soos reeds vermeld, word die *sklerotia* dikwels deur **stropers** vervoer. Daarom moet lande waarin die siekte opgemerk is, laaste gestroop word.
- * Waar siekte voorgekom het, word aanbeveel dat **oesreste** verbrand word, of ten minste deeglik ingeploug word. Grondmikrobes wat die *sklerotia* aanval en vernietig kan sodoende 'n bydrae lewer.
- * **Wisselbou** met gewasse wat nie so vatbaar is vir die siekte nie, soos mielies en sorghum, is 'n moet. Dit help om die opbou van besmettingsmateriaal (inokulum) in die grond te verminder. Die gewasse moet vir ten minste drie seisoene geplant word alvorens daar weer 'n vatbare gewas soos droë bone, sojabone of sonneblomme geplant kan word. Waar swaar uitbrake voorgekom het, word selfs aanbeveel dat aangrensende lande met nie-vatbare gewasse geplant word. Die lande tree op as "spoorvangers" en dan kan die spore nie verder ontwikkel nie.
- * Ons **verbouingspraktyke** moet van so 'n aard wees dat die koel, vogtige mikroklimate waarop *sklerotinia* floreer, nie tussen die plante geskep word nie. Deur effens wyer rye te plant, en selfs deur die rye van oos na wes te plant, sal die grond en plante bietjie vinniger droog word, wat so 'n bietjie kan help.
- * Plant op so 'n wyse dat **sputbane** oopgelos word tussen die rye, sodat spuitkarre gebruik kan word om bespuitings toe te dien sonder om die sojabone plat te trap.
- * **Chemiese beheer** is moeilik omdat die toediening geskied wanneer die plante reeds groot is. Waar dit wel gedoen word, moet die swamdoder in genoegsame water toegedien word om te verseker dat die onderste deel van die **stamme** benat word, want dit is waar die siekte voorkom en versprei. *Sklerotinia* is nie 'n blaarsiekte nie, so dit help nie om net die blare nat te spuit met swamdoders nie. **Sumisclex SC** is geregistreer vir die korrektiewe beheer van die siekte teen 'n dosis van 1,5 – 2 liter produk per hektaar. Toedienings moet gedoen word sodra die eerste tekens van besmetting voorkom. As konvensionele spuitbalke

gebruik word, moet die toediening in ten minste 500 liter water per hektaar geskied. Dit is raadsaam om die druk waarteen die toedienings gemaak word, te verhoog. Sodoende word die water en die produk in die plante ingeblaas, en beter benatting van die stamme word verkry. Beheer word verbeter as kousbalkspuite gebruik word omdat die spuitstof dan by die stamme kan uitkom. Die produk kan ook deur middel van die spilpunt toegedien word. Om met 'n vliegtuig bespuitings uit te voer om die siekte te probeer beheer is 'n mors van geld aangesien slegs die blare, en nie die stamme van die plante nie, benat word.

Die voordele wat verkry kan word uit 'n toediening met die swamdoder is meer as net om die verspreiding van die siekte in die bestaande oes te verhoed en opbrengs te beskerm. Neem in ag dat elke plant wat besmet raak, muismis gaan produseer wat op en in die grond gaan beland as die aangetaste plant vrek, en die muismis dien dan weer as 'n bron van besmetting vir daaropvolgende gewasse.

Let wel: Sumisclex SC (reg.no. L 6377 wet 36 van 1947) bevat prosimidoon.

Die oorspronklike artikel het verskyn op http://www.proteinresearch.net/html_images/_completed_projects/000400/152_henkvdwesthuizen_artikel_sklerotinia.pdf



Avokadopeer

– die wondervrug met talle voordele

Op die webblad <http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2002/07/25/7/1.html> word in 'n artikel gemeld dat avokado's in die verlede negatiewe publisiteit gekry het “weens die veronderstelde hoë vetinhoud”.

“Dit is jare lank deur verslankers vermy weens die wanopvatting dat dit vetmakend is en gevaarlike hoeveelhede ongesonde olies en cholesterol bevat.”

Meer onlangse navorsing het egter bewys dat avokado's, net soos olyfolie, “'n groot hoeveelheid mono-onversadigde vetsure” bevat, wat “goeie vet” verteenwoordig. Meer as 70% van avokado's se olie bestaan uit mono- en poli-onversadigde olies. Die mono-onversadigde olies verlaag LDL-cholesterolvlakke, wat juis die “slegte” cholesterol is. “Hierdie 'goeie' olies kan help om die aarwande te beskerm en daarom help om hartsiektes te beveg.”

Die mono-onversadigde olie wakker ook die basale metaboliese tempo aan, wat dit 'n puik keuse vir verslankers maak. Dit laat 'n mens ook vinniger versadig voel, en dit verminder 'n mens se peusel-lus.

“Hierdie soort vet help ook om inflammatoriese siektes soos osteo-artritis te voorkom deurdat dit die produksie van sekere biologies aktiewe vetsure inhibeer.” Osteo-artritis veroorsaak inflammasie in die dele rondom gewigte. Avokado's se olies help om die produksie van vetsure wat sulke inflammasie kan vererger, te verlaag.

Ook mense wat aan sport deelneem word aangemoedig om avokadopeer te eet omdat dit help om moegheid te verdryf en “die hersteltydperk van sportaktiwiteite [te] bespoedig”.

Net 100 g van die vrug alleen verskaf al 'n geraamde 3,2 g vesel, wat meer is as wat die meeste ander vrugte bevat.

Suid-Afrika, en in besonder die noordoostelike dele van die land (Limpopo en Mpumalanga), is een van die wêreld se grootste produsente van avokadopeer. Ons is ook een van die drie grootste uitvoerders van hierdie vrug na Europa. Met sowat 90 000 ton produksie per jaar, dra hierdie vrug dus heelwat by tot die landboubedryf se inkomste.

Daar is ook talle redes waarom avokadopeer as een van die gesondste kositems beskou word.

As 'n mens na die geskiedenis van die avokadopeer kyk, is hierdie vrug reeds sowat 9 000 jaar gelede in Mexiko ontdek. Die Amerikaanse Indiane het hierna verwys as “die vrug van die gode”.

“Die gesondheidsvoordele van avokado's is legio. Dieetkundiges en wetenskaplikes beveel dit aan as 'n noodsaaklike deel van die daaglikse dieet. Geen ander vrug bied so 'n groot hoeveelheid vitamien en minerale as avokadopere nie. In 1997 het dié vrug selfs die Hartmerk van die Suid-Afrikaanse Hartstigting ontvang.

“Avokado's is ryk aan antioksidante, wat help om siektes te beveg deurdat dit vry radikale – wat kan bydra tot hartsiektes, voortydige veroudering en kanker – absorbeer.

“Dit is gesonder om aan avokado's te peusel as die meeste ander peuselkos – 'n halwe avokado bevat minder kilojoules as 'n sny cheddarkaas en 80 kilojoules minder as 'n klein pakkie grondboontjies. Dit kan ook in die plek van botter of margarien op toebroodjies gebruik word as 'n gesonde alternatief. “Swanger vroue en vroue wat probeer om swanger te raak, sal baat vind by die hoë vlakke van foliensuur, wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die fetus. 'n Gebrek aan foliensuur word verbind met die teenwoordigheid van pre-kankeragtige selle in die serviks. 'n Halwe avokado verskaf 40% van die aanbevole daaglikse inname van foliensuur. Hoewel foliensuur in 'n verskeidenheid kossoorte gevind word, word dit dikwels deur die kookproses vernietig. Aangesien avokado's hoofsaaklik vars geniet word, is dit 'n ideale bron van foliensuur. Kinders sal meer vitamien van avokado's verkry as van enige ander vrug.”

Benewens die gesondheidsvoordele van hierdie vrug, word dit ook baie hoog geag as skoonheidsmiddel. “Die lonende skoonheidsbedryf uit avokado's is eintlik aan die Inka-stam te danke. Dit is hulle wat vasgestel het dat dit velprobleme en wonde kan heel. Hoewel moderne navorsing al die voordele van avokado-olie vir die vel bewys het, hoef ons net na argeologiese opgrawings te gaan kyk vir voldoende bewyse.

“Die antieke Indiese vroue se gelate was blykbaar vlekloos. Navorsers het vasgestel dat avokado-olie slegte bakterieë teenwerk en velweefsel verbeter.”

In 'n ander artikel op die webblad <https://welstand.solidariteit.co.za/smul-aan-avokadopere-en-bly-gesond/> lees ons dat avokadopere ook die opname van vitamien en minerale uit alle kossoorte bevorder. “Boonop glo kenners dat dit nie nodig is om organiese verboude avokadopere te koop nie, omdat die vrugte se dik skil dit teen plaagdoders beskerm.

“Avokadopere is ook propvol verskillende vitamien en minerale. 100 g avokadoper bevat 26% van die daaglikse aanbevole inname (RDA) van vitamien K, wat tesame met vitamien D en kalsium nodig is om gesonde bene te handhaaf. Vitamien K bevorder ook die absorpsie van kalsium en verminder die uitskeiding daarvan.

“Avokado's bevat ook baie kalium – selfs meer as piesangs. Kalium is noodsaaklik om die elektrolietvlakke in liggaamselle te handhaaf en kan hoë bloeddruk verlaag. Verder is avokadopere ook ryk aan luteïen en vitamien C, B₅, B₆ en E. Luteïen hou jou oë gesond, vitamien C en B beskerm jou teen siektes, en vitamien E is belangrik vir 'n gesonde vel.”

Hoe weet ek die avokado is ryp?

“Stoor avokadopere teen kamertemperatuur en hou in gedagte dat die vrugte ongeveer vier tot vyf dae neem om ryp te word. Om avokado's vinniger ryp te maak, sit dit in 'n papiersak saam met 'n appel of 'n piesang. Druk saggies met jou vinger teen 'n avokado om te voel of dit ryp is. As dit ryp is, sal dit 'n bietjie meegee.”

Dit is interessant om te weet dat avokadopere nie aan die boom ryp raak nie, maar eers nadat dit van die boom af gepluk is.

Op die webblad www.avocado.co.za word aanbeveel dat avokado's wat nog nie ryp is nie, teen kamertemperatuur saam met ander vrugte – veral piesangs – in die vrugtebak gebêre word. Dit kan ook in 'n bruin papiersakkie gebêre word om vinniger ryp te word.

“Avokado's met 'n hoë olie-inhoud, dit wil sê dié wat teen die einde van 'n kultivar se seisoen gepluk is, sal vinniger sag word vanweë die olie-inhoud.

“Vrugte begin aan die ronde kant sagter word met die boonste gedeelte wat laaste sag word.”

Avokado's moenie vir te lang tye saam met piesangs, appels of kool gebêre word nie, omdat die etileengas wat deur hierdie ander gewasse afgeskei word, 'n negatiewe invloed op die avokado's kan hê en interne verkleuring kan veroorsaak.

“Vrugte wat binne-in grys begin verkleur, veral Fuerte, is oor die algemeen te laat in die seisoen gepluk, of is vir te lank geberg. Wanneer die vrugte vir te lank teen 'n lae temperatuur geberg word (onder 5°C), sal die skil begin swart raak en die binnekant grys of bruin verkleur.”

Volgens die artikel sal die steeltjie van die vrug maklik afkom wanneer 'n mens daaraan raak wanneer die vrug ryp is om geëet te word. Die Hass word egter sonder sy steeltjie gepluk omdat hy so gehard is, maar sy skil verander van kleur om sy rypheid aan te dui.

In die artikel word ook gemeld dat as 'n mens die pit in die ongebruikte halwe avokadoper los, dit die verbruinsproses vertraag.

Indien 'n doopsous, sop of salsa met avokado gemaak word, help kleefplastiek oor die houder met die onderskeie mengsels ook om te keer dat dit bruin word. Trek net die kleefplastiek bo-oor die bakkie en druk dit saggies om soveel as moontlik lug uit te laat. Dan sal die avokado ook langer sy groen kleur behou.



Wat is die regte manier om 'n avokado te skil?

In die vorige artikel (www.welstand.solidariteit.co.za) word gemeld dat die meeste nutriënte in 'n avokado in die donkergroen gedeelte (die gedeelte naaste aan die skil) is. "Dit is dus belangrik om 'n avokado reg te skil, anders gaan waardevolle nutriënte verlore. Die beste manier is om 'n avokado soos 'n piesang te skil. Volgens die Kaliforniese Avokado-kommissie gaan 'n mens soos volg te werk:

1. Was die avokadopeer voor jy dit skil, sodat vuilheid nie van die mes na die binnekant oorgedra word nie.
2. Sny die avokado in die lengte af, om die pit.
3. Hou die helftes vas en draai dit in die teenoorgestelde rigting sodat dit van die pit skei.
4. Verwyder die pit.
5. Sny elke helfte in die lengte af.
6. Skil die avokado deur net jou duim en wysvinger te gebruik."

Verskillende kultivars van avokadopere

Die Fuerte en Hass is die gewildste twee kultivars wat in Suid-Afrika verbou word.

HASS



Hierdie ronde tot eivormige vrug verskil van ander kultivars deurdat dit die enigste kultivar is wat van kleur verander hoe ryper dit word. Die Hass kan enige kleur van donkergroen tot pers en selfs swart wees. Die skil gee nie maklik mee as 'n mens dit druk nie. Moet dus nie vir 'n sagte, ryp Hass soek nie – as hy donkergroen, pers of swart is, is hy ryp. As hy verskrompeld raak, is hy oorryp.


Die pit is relatief klein. Die vrug self is ook nie baie groot nie.

Die Hass se seisoen is vanaf die middel Mei in die Limpopoprovinsie tot laat Oktober in KwaZulu-Natal, maar "buiteseisoensvrugte" is regdeur die jaar beskikbaar.

Die Hass het 'n baie goeie rակlewe en moenie by temperature laer as 5°C geberg word nie.

Die vrug het 'n ryk en neuterige smaak teenoor die draderige en waterige "Natal"-kultivar.

FUERTE



Die Feurte is meer peervormig met 'n langer, dunner nek en 'n gladde groen vel wanneer dit ryp is. Dis 'n mediumgrootte vrug wat vanaf middel tot laat-Februarie in Limpopo wasdom bereik en tot in vroeg-Augustus in KwaZulu-Natal beskikbaar is. "Buiteseisoensvrugte" is regdeur die jaar beskikbaar.

Wanneer die vrugte uit die kouestoor gehaal word, word dit binne sewe dae nadat dit gepluk is ryp. Terwyl dit groen is, moet dit nie by temperature laer as 5°C geberg word nie, want dit veroorsaak groot bruin en swart merke op die vrug.

EDRANOL



Die Edranol is ook peervormig met 'n dik, donkergroen skil met klein vlekkes. Die skil verander nie van kleur nie, maar sal rondom die stammetjie begin verskrompeld raak wanneer dit te vroeg gepluk word.

Die Edranol weeg gewoonlik tussen 312 en 500 gram en is vanaf Junie beskikbaar in die noordoostelike dele van die land tot laat September in KwaZulu-Natal, hoewel "buiteseisoensvrugte" nog tot laat in die jaar aan die mark gelewer kan word.

Hierdie kultivar raak ook vinnig ryp wanneer dit uit die kouestoor gehaal word. Die vel kneus maklik en al lyk dit dan nie meer aantreklik nie, word die binnekant van die vrug nie hierdeur geraak nie. Die vrugte moenie by temperature laer as 6°C geberg word nie omdat die vrugte geneig is tot koueskade.

Edranol se lieflike ryk en neuterige smaak maak dit 'n baie gewilde kultivar.

PINKERTON



Hierdie kultivar het 'n definitiewe "nek" in vergelyking met die ander kultivars. Die dik, growwe groen skil bly groen wanneer die vrug ryp is en gee nie maklik mee wanneer die vrug gedruk word nie.

Die Pinkerton weeg enigiets tussen 230 en 500 g met 'n medium tot klein pit en het 'n baie kort seisoen – vanaf Junie in Limpopo en Julie in KwaZulu-Natal. 'n Mens sal dié kultivar nie sommer buite hierdie seisoen aantref nie.

Hierdie kultivar moenie teen 'n laer temperatuur as 7°C geberg word nie.

Die Pinkerton se soms amper soet smaak, maak dit 'n baie gewilde keuse.

RYAN



Die eivormige Ryan met sy growwe donkergroen skil bereik laat in die seisoen wasdom en weeg gewoonlik tussen 300 en 500 gram. Dié kultivar word in Augustus/September in Limpopo geoes en vanaf Oktober in KwaZulu-Natal. "Laatseisoenvrugte" is dus geredelik beskikbaar.

Die Ryan moenie in temperature laer as 5°C geberg word nie.

PASTA MET AVOKADOPEER EN SALM



BESTANDELE

- 350 g droë pasta
- Avokado-olie
- 2 ryp avokado's
- Suurlemoensap
- Vars dille of basielkruid, gekap
- 400 g gerookte salm (linte)
- 200 g crème fraiche of room

VOORBEREIDING

- Kook die pasta tot al dente. Dreineer en sprinkel met avokado-olie. Hou eenkant.
- Sny die avokado's in blokkies en meng in 'n bak met suurlemoensap en gekapte kruie.
- Sny die salmlinte in happiegrootte.
- Meng die crème fraiche of room deur die pasta en voeg dan die avokadoblokkies en salm by. Meng versigtig.
- Bedien in warm bakkies en garneer met vars kruie.

Avokadopeer

PANNAR:

Toptegnologie tot die boer se diens

Elke jaar nuut en meer en beter – dit is hoe boere Pannar se jaarlikse Gewas-extravaganza beskryf. By hierdie geleentheid kan boere self sien hoe Pannar se wye reeks doelmatige kultivars presteer.

Terselfdertyd kry boere die kans om antwoorde op al hulle vrae by Pannar se slimkoppe te kry en om te sien wat Pannar hulle alles kan bied om hulle boerdery doeltreffender en winsgewender te maak.

Een van die talle hoogtepunte by vanjaar se Gewas-extravaganza, wat by nege plekke dwarsoor die land gehou word, is die Tegnologietent met sy praktiese boerdery-oplossings. Die uitstallings en aanbiedings in die Tegnologietent is 'n samevatting van Pannar se handelsmerk-aanbod wat klinkend demonstreer dat Pannar die landboubedryf veel, veel meer as net saad bied.

Hierdie diens berus op Pannar se kernwaardes van etiek en verantwoordelikheid teenoor die omgewing, wêreldgehalte tegnologie en gespesialiseerde kennis van verskillende gewasse.

Boere was beïndruk met die ultramoderne navorsingstegnologie wat hulle in die Tegnologietent by die Extravaganza op Delmas kon sien, veral die vooruitgang in telingtegnologie en MON89034 – die nuwe basters met tweedegenerasie-stronkboorderbeskerming.

Die Panacea-sambreel, wat boere in staat stel om veel voorspelbaarder resultate te behaal, is ook verduidelik:



SB Coetzee het boere 'n oorsig gegee oor moderne saadbehandeling en oor wat Pannar in dié opsig kan bied.

Ewe insiggewend was Vicky Knight se oorsig oor siektes en verantwoordelike swamdodergebruik. 'n Hoogtepunt van die besoek aan die Tegnologietent was Christin Hunter se aanbieding oor PANAGRI en aanlyn-ondersteuning. PANAGRI bied praktiese boerdery-oplossings

met produksiebestuursriglyne vir elke gebied, presisieplasing van kultivars en voorligting oor die interaksie tussen opbrengspotensiaal, groeiklas, meerkoppigheid, plantbevolking en kultivartipe. Om hierdie kennis nou nog vinniger en makliker te deel, is Pannar Sprout bekendgestel. Dit is 'n toepassing (app) waarmee boere nou sommer vanuit die land Pannar se kundigheid kan benut met hulle slimfone. Die volgende inligting word gebied:

- Jongste praktiese boerderynuus
- Inligting en 'n gedetailleerde oorsig oor Pannar se produkte
- Siektefeite met verduidelikende kleurfoto's
- Bastervergelykings
- Plantestandaanbevelings
- Beraamde opbrengste

So loop die Pannar-boer vandag met 'n magdom bruikbare kennis in sy sak.

Hierdie nuttige toepassing is beskikbaar by die [Apple App Store](#) of [Google Play Store](#). Besoek ook www.pannar.com/app.



Pannar-boere het nou met Pannar Sprout 'n magdom kennis tot hulle beskikking net waar hulle

VAN LAND TOT FEES: PLAAS JY BROOD OP DIE TAFEL.



Die besproeiingskoringkultivars PAN 3400, PAN 3471 en PAN 3497 behaal groot sukses in die kommersiële aanplantings en beskik oor goeie siekteverdraagsaamheid en graderingseienskappe. Die wenkombinasie van droëland- en besproeiingkultivars is 'n goeie keuse.

www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za



PANNAR®

*Saam boer ons
vir die toekoms*™



ULTRAMODERNE
NAVORSING EN
ONTWIKKELINGSTEKNOLOGIE



UITSONDERLIKE PRODUKTE
EN GEWASPAKKETTE



GEWASVOORSORG



OPTIMALISEER
PRODUKSIE



GEWASBESKERMINGS-
BESTUURSPRAKTYKE

Hidroponiese verbouing is geen nuutjie nie. Verskeie historici glo dat die fabelagtige hangende tuine van Babilon van die eerste voorbeelde van hidrokultuur was.



Hidroponika:

Die toekoms van gewasverbouing

In 1627 al het die bekende wetenskaplike en filosoof Sir Francis Bacon 'n boek *Sylva Sylvarum* gepubliseer oor die kweek van plante sonder grond. Hidroponiese verbouing het egter eers na die 1930's werklik aanhang verkry toe William Frederick Gericke van die Universiteit van Kalifornië by Berkeley voorgestel het dat hidroponika vir landbougewasproduksie gebruik moet word.

Vandag groei die gebruik van hidroponika teen 'n snelle pas, veral in die buiteland waar daar 'n skaarste aan landbougrond is en verstedeliking mense dwing om al hoe meer opwaarts te lewe. In Suid-Afrika word hidroponika nie op groot skaal in stede gesien nie, maar dit is goed gevestig in die groente- en veral kruieboerderybedryf in Suid-Afrika.

Navorsing oor die omvang en totale lewering van kommersiële hidroponiese boerderye in Suid-Afrika ontbreek, en derhalwe is dit moeilik om te bepaal hoeveel inslag dié metode van verbouing in die land geniet. Dr. Ian du Plooy, navorsingspanleier by die Landbounavorsingsraad (LNR) te Roodeplaat in Pretoria skat dat hidroponiese groenteverbouing steeds onder 10 persent is, hoewel komkommerboere in die land na raming meer as 90% hidroponies boer.

Volgens dr. Du Plooy verseker hidroponiese oeste 'n hoër kwaliteit produk en is 'n mens meer verseker van jou oeste. Dit stel boere ook in staat om te boer in gebiede waar daar geen geskikte landbougrond is nie, en dit is moontlik om 'n groter opbrengs te lewer uit 'n kleiner oppervlak.

Hy gebruik Engelse komkommers as 'n voorbeeld: "Hulle is veral gevoelig vir wind en temperatuurwisselings wat die vorm van die komkommer beïnvloed; jy kan nie daardie mooi reguit komkommer maklik in die grond produseer nie."

In 'n verbruikersmark wat deesdae al hoe meer

aandring op organiese produkte het hidroponiese varsprodukte egter 'n inherente nadeel; dit word nie organies verbou nie. Chemiese voedingstowwe word bykans uitsluitlik gebruik omdat dit beter resultate lewer, hoewel daar wel organiese vloeibare kunsmis beskikbaar is.

In Suid-Afrika word hoofsaaklik twee metodes van hidroponiese verbouing gebruik, 'n hersirkuleringsstelsel waar die water en kunsmis vir die plante deur die stelsel gesirkuleer word en 'n sogenaamde "drain to waste"-stelsel, waar plantjies in sakkies of trôe geplaas word en individuele druppers of drupperlyne gebruik word om die plante nat te lei en te bemes. Alle kommersiële verbouing vind onder bedekking plaas, in tonnells of onder skadunet.

Hidroponiese verbouing is geen sport vir beginners nie. Om die kompleksiteit van die metode te onderskat, is 'n fout wat baie nuwe boere maak. Dié tipe verbouing is geweldig bestuursintensief. Dit verg fyn en voortdurende bestuur om die stelsel optimaal te laat funksioneer en 'n mens moet 'n deeglike kennis van individuele plante en hulle behoeftes hê om gewasse suksesvol te verbou.

Lario Moolman is produksiebestuurder vir kruie by die Allée Bleue-landgoed in Franschhoek in die Wes-Kaap. Hulle gebruik die "drain to waste"-stelsel en lewer grootmaat verpakte kruie aan verskeie supermarkkettings en restaurante. Allée Bleue se produksie het die afgelope paar jaar vinnig gegroei en hulle verkoop tans 'n beraamde 80 ton kruie per jaar.

Lario verduidelik dat 'n mens nie twee verskillende gewasse in een tonnel kan verbou nie. "Nie alle plante kry dieselfde sterkte konsentraat kunsmis nie. 'n Plant soos basiliekruid wat baie honger is, kry 'n lekker sterk mengsel en oor 'n langer tydperk, terwyl 'n klein plantjie wat nog net sy voete vind, 'n baie flou kunsmis kry en ook net een of twee keer per dag."

Ek vra vir Lario wat die grootste uitdaging met hidroponiese verbouing is. Sy antwoord dadelik: "'n Besproeiingsrekenaar wat skielik ophou doseer." Dit gebeur skynbaar gereeld en, skerts Lario, "gewoonlik op 'n Sondag".

Besproeiingsrekenaars word feitlik deur die bank deur boere gebruik om die toediening van vloeibare kunsmis en water te beheer. By Allée Bleue kry gewasse in elke tonnel drie tot vyf keer per dag water en 'n mengsel van oplosbare kunsmis. In die somer word daar ook in die nag besproei. Die besproeiingsrekenaar meng die kunsmis en water volgens 'n vooraf-geprogrammeerde formule.

Omdat plante in 'n substraat en nie in grond gekweek word met hidroponiese verbouing nie, wys plante baie vinnig 'n gebrek aan, of 'n wanbalans in voedingstowwe. Dr. Ian du Plooy van die Landbounavorsingsraad som op hoe kompleks hidroponiese voeding is: "Wateroplosbare voedingstowwe sluit die volledige reeks van 16 elemente in wat plante gebruik.

"'n Algemene voedingstof is kalsiumnitraat wat net kalsium en stikstof bevat. Omdat die kalsium presipiteer as daar 'n te hoë konsentrasie is met van jou fosfate, word dit apart toegedien. Dan het jy ook 'n mengsel met al die res van die voedingstowwe."

Danksy die gevorderdheid van besproeiingsrekenaars kan wanbalanse in voedingstowwe egter maklik gereguleer word en kan rampe ook meestal voorkom word.

"Hulle het 'n alarm wat afgaan en van hulle kan jou selfs SMS," sê Lario van Allée Bleue. "Dan moet jy net alles los en die probleem gaan identifiseer."

Verstopte druppers is 'n algemene probleem, maar Lario vertel dat sy ook al meer ongewone gevalle gehad het, soos 'n werker wat vergeet het om te kyk dat 'n dam vol is en hulle eers nie kon uitpluis hoekom die besproeiingswater opgedroog het nie.

Die insetkoste van hidroponiese verbouing is 'n faktor wat toetredende tot die bedryf bemoelilik. Allée Bleue se besproeiingsrekenaar het byvoorbeeld drie jaar terug sowat R75 000 gekos en dit was 'n redelike basiese stelsel. Van dié rekenaars beheer selfs humiditeit.

Dr. Jan du Plooy van die Landbounavorsingsraad raam dat die aanvanklike basiese infrastruktuur vir 'n lewensvatbare hidroponiese stelsel meer as 'n R1 miljoen sal beloop. 'n Gewone tonnel sonder enige temperatuurbeheer wissel van R40 000 tot R70 000. Dan is die oppervlak 10 m x 30 m. Die LNR beveel 'n minimum van 10 tonnells aan vir 'n lewensvatbare hidroponiese boerdery, hoewel daar suksesvol met so min as twee tonnells ook geboer word, volgens dr. Du Plooy.

"Dit hang af van die gewasse," meen hy. "Party boere boer met gewasse vir 'n spesifieke en beperkte mark, met goeie pryse."

Hy waarsku egter dat beginnerboere eers met een of twee tonnells moet eksperimenteer voordat daar in meer infrastruktuur belê word.

"As jy sien dat jy die proses onder die knie het, kan jy uitbrei. Dis groot bedrae geld waarvan ons praat en as jy 'n fout maak, kan jy baie verloor."

Die LNR het einde 2014 sy handleiding *Guide to Hydroponic Vegetable Production* breedvoerig bygewerk en dit onlangs gepubliseer. Die nuwe weergawe van die handleiding het gidse tot die verbouing van 'n hele reeks plante en daar is ook hoofstukke oor peste en hoe om hulle te beheer.

"Daar is spesifiek inligting oor tamaties, groenrissies, komkommers, pampoene, slaai, spinasie en kruie," sê dr. Du Plooy.

"Die nuwe weergawe bevat nou duidelike illustrasies met foto's en inligting oor die skade wat peste verrig, beheermaatreëls, asook plantsiektes wat glad nie in die oorspronklike een voorgekom het nie.

"Die siektes is basies opgedeel in drie groepe: swamsiektes, bakteriële siektes en virusse. Elk word beskryf met foto's van hoe dit lyk en dan die voorkomingsmaatreëls of die beheer daarvan. Ongeveer 15 insekte word in detail beskryf."

Omdat hidroponiese stelsels geslote is, is dit makliker om insekte en plantsiektes te beheer. Derhalwe kom veral plantsiektes minder gereeld voor, mits die hele stelsel uit die staanspoor skoon is en so gehou word. Hidroponiese verbouing skakel wel grondgedraagde siektes uit, maar plante wat hidroponies groei, is meer vatbaar vir swamme. In 'n hersirkuleringsstelsel kan een siek plant al die ander beïnvloed omdat water en kunsmis deur die stelsel gesirkuleer word. Dit is juis weens hierdie gevaar dat baie kommersiële boere verkies om met die "drain to waste"-stelsel te boer, want dan is plante van mekaar geïsoleer en kan daar slegs beperkte kruisbesmetting plaasvind.

Die handleiding kan ook by die LNR bestel word. Vir navrae skakel die LNR Roodeplaat se Openbare Betrekkinge-afdeling by 012 427 9700 of 012 427 9740.



Hierdie artikel is geskryf deur Leoni Kok en het op 11 Februarie 2015 in sy oorspronklike vorm verskyn op die webblad <http://www.marktoe.co.za>.

Gehalte en diens



is prioriteit by

CAPE GATE (PTY) LTD



www.capegate.co.za

Tegnologie verseker gehalteheining.

Cape Gate is vir jare al die primêre verskaffer van omheiningmateriaal aan die landbou-/kommersiële sektor. Die maatskappy is een van die grootste vervaardigers van staalprofielprodukte van gehalte asook draad- en draadverwante produkte en voorsien aan die plaaslike sowel as internasionale mark.

Cape Gate het reeds in 1929 in Kaapstad tot stand gekom en het later na Vanderbijlpark uitgebrei waar die groep toenemend verbind is tot met die vervaardiging van 'n uitgebreide produkreeks van hoogstaande gehalte.

Markleier

Die maatskappy is die markleier op die gebied van tegnologie en innovasie. Innoverende vervaardigingsprosesse is ontwikkel en uitgebrei en alle stadia van die vervaardiging is ten volle geïntegreerd – vanaf die verkryging van die grondstof, vervaardiging van rou materiaal by die smeltery tot die verwerkte eindproduk.

Produkte en gehalte

Omdat die inherente eienskappe van draad nie met die blote oog sigbaar is nie, is die verbruiker grootliks aangewese op die gehaltemerk van die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard (SANS). Hierdie waarmerk van gehalte bevestig dat die produkreeks voldoen aan spesifieke, voorgeskrewe spesifikasies. Cape Gate se verdere verkryging van die ISO 9001-akkrediasie rugsteun die bogenoemde gehaltemerk, aangesien daarmee verseker word dat die vervaardiger noudesette voorwaardes, spesifikasies en produksieprosesse handhaaf om deurgaans 'n gehalteprodukt daar te stel – dus 'n baie belangrike 'kenteken' waarop die kliënt kan aandring! Die volgehoue gehaltebeheerprogramme, tesame met die aanwending van die modernste toerusting en tegnologie, dra alles by tot kritiese aspekte soos:

- bepaalde treksterkte, wat grootliks deur Cape Gate se eie seleksie van koolstof-walddraad bepaal word;
- uitgloeïing, wat bepalend is by die elastisiteit van die produk;

- die voorbereidingsproses – die proses alvorens die sinkdeklaag aangewend word en wat die leeftyd van die draad bepaal; en
- kliëntediens, wat begin by die beskikbaarheid van 'n gehalteprodukt, vir die regte aanwending, teen mededingende pryse, gevolg deur deurlopende naverkoopdiens.



Lewensverwagting

Die lewensverwagting van gegalvaniseerde draad hou direk verband met die gehalte, proses en spesifikasies van die sinkdeklaag op die produk.

Volgens SANS is die minimum vereistes in die geval van 2 mm-dikte draad as volg:

- ligversink – 40 gr/m²; en
- volversink – 240 gr/m².

Daar is egter twee SANS-spesifikasies waarvolgens versinkte draad vervaardig word:

- SANS 10244/2, Klas A + C: het betrekking op die sinkdeklaag (A = lig versink en C = volversink); en
- SANS 675, Klas A + C: hier word ook verwys na die treksterkte van die draad.
 - M/S = 350/375 MPA
 - HI = Min 950 MPA
 - VHI = Min 1 250 MPA

In die geval van staaldraad sal hierdie spesifikasie bepalend wees vir die aanwending in, onder meer, wingerdbou, vrugteverbouing en wildheinings. Draad wat dus aan hierdie spesifikasies met die toepaslike SANS-merk voldoen, en verder gerugsteun word deur die ISO 9001-akkrediasie, moet beskou word as die enigste produk vir oorweging wat betref optimum lewensverwagting.

Witroes

Witroes op gegalvaniseerde draad wek by die meeste verbruikers kommer. Dit is 'n wit poeieragtige neerslag op die oppervlak van die sinkdeklaag wat vorm sodra die sink op die basismetalel gevoeg word en met die suurstof in die atmosfeer reageer om 'n sinkoksied te vorm. Sodra die sinkoksied-oppervlak aan voldoende water/vogtigheid blootgestel word, vind 'n reaksie plaas sodat dit na sinkhidroksied verander, wat die beginstadium van witroes is. Die sinkhidroksied reageer dan met die koolstofdioksied in die atmosfeer en vorm 'n basiese sinkkarbonaatneerslag, alombekend as witroes.

Witroes vorm gewoonlik tussen digverpakte gegalvaniseerde draad wat nat geword het of in 'n klam omgewing geberg word. Die grootste enkele nadeel van witroes is dat dit die kosmetiese voorkoms van die produk kan benadeel. Dit dui egter NIE op enige skade aan die sinkdeklaag en dus OOK NIE op 'n korter lewensverwagting nie.

Voorkoming

Deur 'n paar elementêre maatreëls met die berging van draad en ander gegalvaniseerde produkte te volg, kan witroes grootliks verhoed word. Dit sluit in:

- vrye lugsirkulasie;
- verhoed sover moontlik dat die produk met water in aanraking kom, ook tydens die vervoerproses;
- stapel die produk korrek sodat kondensaat vrylik kan afloop en droog;
- sien toe dat alle oppervlakke van die produk goed geventileer is;
- moenie die produk onder plastiekseile of op nat oppervlakke berg nie en verkieslik ook nie direk op sementvloere nie; en
- berg afsonderlik van kunsmis en chemikalieë.

Cape Gate volstaan by die beginsel dat daar geen kompromie vir gehalte en diens is nie. En onthou dat goedkoop koop in die meeste gevalle duur koop is.

Kom besoek ons gerus by ons standplaas by Graan SA se NAMPO Oesdag hierdie jaar.





OPLOSSINGS VIR ELKE PES EN PLAAG



Wonder 4:1:1 (24) korrel kunsmis + insekdoder, is 'n misstof asook 'n kontak - en maag aksie insekdoder vir die beheer van grasperkruipes op grasperke.

Efekto Plant Protector is 'n sistemiese insekdoder wat miere, molkriekie en grasdraer termiete op grasperke beheer. Beheer ook blaaspootjies en suigende insekte, op konifere, rose en ander sierplante in die huistuin.



4:1:1 (24) INSEKTIDODE



Garden & Home Pest Control

Registrasie houer: Agro-Serve (Edms) Bpk handelend as Efekto™ en Wonder™ Reg. Nr.1973/000868/07. | Versprei deur: Efekto Care (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2009/006357/07. Posbus 652147, Benmore, 2010. | Wonder 4:1:1 (24) + Insekdoder Reg. Nr. L9117 K8911 N-AR1268 bevat Imidakloprid (Chloro-nikotiniel)...0.5 g/Kg (Skadelik) | Efekto Plant Protector Reg. Nr. L8781 bevat Imidakloprid (Chloro-nikotiniel)...20 g/l (Skadelik). | KLIENTEDIENS: Tel: 086 133 3586 KJ, info@efekto.co.za, www.efekto.co.za, NOODNOMMER: 083 123 3911. | Alle produkte is geregistreer onder Wet Nr. 36 van 1947. | Efekto™ en Wonder™ is geregistreerde handelsmerke van Agro-Serve (Edms) Bpk. Alle regte voorbehou.



Opmeet en konstruksie van kontoerwalle

Opmeet en beplanning van kontoere word gedoen met wêreldklas GPS-toerusting en rekenaarprogramme.

- Bou van gronddamme
- Skraap van paaie





Daar's 'n vlieg in die salf...

deur Hannelie Cronjé

Daar is nou net mooi geen kompliment waarin iets of iemand met 'n vlieg vergelyk word nie, wel 'n hele paar beledigings of skelname, want vlieë het nou maar eenmaal nie 'n goeie reputasie nie. Dis moeilik om te dink wat die doel van hierdie grillerige lede van die diereryk is, en tóg is hulle net so deel van die natuur soos elke ander lewende wese.

Op die webblad www.mieliestronk.com is 'n artikel wat heelwat interessante feite oor die vlieg aan die lig bring. Soos dat die vlieg met sy voete proe.

“Hy doen dit deur middel van haartjies wat aan die binnekant hol is. As suikerwater selfs op net een haartjie gesmeer word, laat hy dadelik sy suigslurp sak en begin hy daarmee na kos soek. Maar die vlieg se vorige maaltyd voordat hy op jou suikerpot toesak, kon maklik iets baie jiggie gewees het. En dan vomeer die klein verpesting op jou suiker...”

Ek het grootgeword daarmee dat 'n lastige kind of persoon maklik tereggewys sal word met 'n “Man, moet tog nie so om my draai nie. Gaan speel! Jy's vandag weer 'n regte gatvlieg.” So, behalwe dat 'n vlieg as 'n vuil ding gesien word, is hy ook 'n lastige verpesting wat alewig om jou kospotte of by jou bord kos kom draai en jou net irriteer, en boonop grillerig is. En met rede.

“Vlieë is, soos ons almal weet, die draers van die onheiligste siektekieme. Dit maak dit des nodiger dat ons 'n slag weer sal kennis dra wat die huisvlieg alles aanvang...”

Een paar vlerke is wat van die vlieg 'n vlieg maak

“Die ware vlieg behoort tot die orde *Diptera*, en hulle het almal net een paar vlerke, pleks van die twee pare van die meeste ander insekte.

“In die plek van die agtervlerke is daar twee balanseerkolwe wat die vlieë se vlug stabiliseer. As jy 'n brommer se balanseerders afsny, vlieg hy teen voorwerpe of teen die grond vas. Maar sodra jy

dan 'n stukkie garing aan die punt van sy agterlyf vasmaak – soos die stert van 'n vlieër – kan hy weer normaal vlieg.

“Eintlik is daar tienduiseende verskillende soorte vlieë. Die jongste beskikbare syfer net vir Brittanje is nagenoeg 6 000 verskillende spesies, met 'n stuk of 90 000 spesies wêreldwyd. Presies hoeveel daar op ons eie ver, verlate vlaktes rondkerjakkert, bly 'n ope vraag.

“Jare gelede het iemand 'n berekening gedoen. Hy of sy het uitgewerk dat, indien 'n paar huisvlieë een somer lank met vrede gelaat word om hul eie ding te doen – en as al hul nasate bly lewe – daar aan die einde van die somer genoeg vlieë sal wees om die hele aarde tot 'n hoogte van sowat 15 meter te bedek.

“Later het vlieëkeners die syfer herbereken en 'sak Sarel' gesê. Hulle het van die standpunt uitgegaan dat elke wyfievlieg tot 900 eiers kan lê en dat 'n vlieg in die heel beste omstandighede binne agt dae van 'n eier tot 'n volwassene kan ontwikkel.

“Volgens hulle sal daar egter steeds genoeg vlieë wees om 'n gebied naastenby so groot soos die gewese Transvaal onder 'n ses verdieping hoë hoop te begrawe. Eers in die volgende somer sou die wêreld self onder die vlieë vergaan.

“Wees uiters, uiters dankbaar dat die huisvlieg so baie roofvyande het.”

Volgens die artikel verorber huisvlieë hul kos in 'n vloeibare vorm. “As iets waarvan hulle hou, droog is, gooi hulle eenvoudig verterende ensieme daaroor op. Dan suig hulle die oplossing op. Vlieë is verstommende fynproewers. Suikerwater wat so flou is dat 'n mens dit net-net kan proe, kan nog 200 keer met water verdun word en dan sal hulle steeds die smaak daarvan ervaar.

“Hulle is egter nie kieskeurige vreters nie. Trouens, hul vorige maaltyd voordat hulle op jou suikerpot toesak, kon maklik ontlasting gewees het.

“Die nare sogenaamde 'appelkoosmaag' wat selfs vandag nog Suid-Afrikaanse kinders so laat les opsê in die lente, is nie weens groen appelkose nie. Die diarree word stellig in 'n groot mate deur vlieë versprei. En dis baie lank nie die enigste en gevaarlikste siekte wat deur hulle oorgedra word nie. Daar word immers bereken dat elke vlieg tussen twee en drie miljoen bakterieë met hom saamdra.

“Maagkoors, tering en polio is almal deel van 'n lang lys siektes waarvan die vlieg 'n belangrike draer is. 'n Mens kan sekerlik sonder vrees vir teenspraak sê dat vlieë reeds meer mense doodgemaak het as al die oorloë in die geskiedenis.

“Terloops, daardie 'vlieëvuil' – klein kolletjies wat vlieë op enige voorwerp, selfs die plafon, agterlaat – is dalk nie ontlastingsstowwe nie. Die vlieg bring dikwels 'n druppel vloeistof op, asof sy krop te vol was, wat dan droog word om 'n klein visitekaartjie te laat.”

Vlieë is sowaar ook nuttig!

“Ja, glo dit: vlieë is ook geweldig nuttig. Ná bye is hulle die belangrikste bestuiwers van blomme. En sonder die misvlieë en dié wat ontbindende dooie diere vreet, sou ons begrawe gewees het onder al die vuil.

“Daarbenewens kan sekere van hierdie groep insekte ook medisinale waarde hê. Reeds in die sestende eeu het die Franse dokter Ambroise Paré vasgestel dat soldate se koeëlwonde vinniger genees wanneer brommer-maaiers gebruik word om die wond skoon te vreet.

“In die afgelope tyd het sulke maaiers weer hul opwagting in sekere Europese hospitale begin maak. Trouens, volgens berigte is die praktyk vinnig besig om veld te wen.

“Gelukkig is die groen aasvlieg (*Lucilia sericata*) se maaier of larwe 'n regte fynproewer. Van gesonde weefsel wat goed deur bloed gevoed is, wil hy niks weet nie. Daarteenoor is skadelike bakterieë, wat al hoe meer bestand teen antibiotika raak, sy voorliefde.

“Boonop skei hy 'n ensiem af wat help dat wonde gouer gesond word.

In Swede en Duitsland het dié groen gonser se kleintjies al enkele amputasies voorkom by pasiënte met diabetiese gangreen, die sogenaamde kouevuur.

“Dit gee ook 'n heeltemal nuwe betekenis aan die uitdrukking 'daar's 'n vlieg in die salf'!

“Die oumense het baiekeer gesê dat die reën naby is wanneer die vlieë begin byt.

“Die waarheid is dat daar 'n paar soorte vlieë is, soos die stalvlieg, wat net soos die huisvlieg lyk, maar eintlik bloedsuiers is.

“Die onderlip van volwasse vlieë en brommers is soos 'n suigslurp gevorm. Die slurp is normaalweg onder die kop teruggevou, maar kan uitgestrek word om vloeibare kos op te suig. By die bloedsuiende vlieë is die onderlip hard en skerp. Hulle gebruik dit as 'n geniepsige dolkie om die vel van mense en diere oop te steek sodat hulle die bloed kan opsuig.

“In bedompige weer, net voordat dit begin reën, raak die bloedsuiers baie lastig. Hulle is byvoorbeeld lief daarvoor om veral op honde se ore toe te sak en dit oop te kerf dat die bloed loop.

“Die bekendste bytende vlieë is natuurlik die muskiete, met talle siektes soos die dodelike malaria op hul kerfstok. Maar omdat ons nie geneig is om aan muskiete as vlieë te dink nie, laat ons hulle maar vir eers daar.”

Hoe 'n vlieg op die plafon land

“Die apparaat wat 'n vlieg in staat stel om selfs aan die gladste oppervlak te klou, is 'n paar kloue en twee vogtige suigkussinkies aan elke voet. Wanneer hy op die plafon wil land, vlieg hy gewoon horisontaal met sy onderkant ondertoe. Dan lig hy sy voorpote op om kontak met die plafon te maak.

“Die voorpote kleef ferm aan die plafon vas en die momentum laat die vlieg se lyf omswaai sodat sy vier ander pote ook kontak maak. Die vlieg hang nou onderstebo aan die plafon – met sy kop in die rigting gedraai van waar hy gekom het.”

Hoe vinnig vlieg 'n vlieg?

“Die vinnigste vlieg kan op sy vinnigste byna-byna 40 km per uur haal. Dalk klink dit nie so vreeslik vinnig nie, totdat jy dit met die liggaamslengte van die vlieg vergelyk.

“Op volle vaart kan party vlieë 250 liggaamslengtes per sekonde aflê. Die vinnigste menslike naelloper kan slegs sowat vyf liggaamslengtes per sekonde haal.

Hoekom is dit so moeilik om 'n vlieg met jou hand dood te klap?

“Die rede is duidelik as jy die vlieg se kop van naby bekyk. Dit word deur twee samegestelde oë oorheers. Die oë kan nie vorms goed definieer nie, maar is uiters sensitief wanneer dit by die waarneming van beweging kom.

“Die vaagste sweempie van 'n skaduwee wat na die vlieg toe aankom, het 'n blitsvinnige reaksie tot gevolg – 'n reaksietyd van 'n vyftigste van 'n sekonde, teenoor die menslike reaksietyd van slegs sowat 'n kwart sekonde.

“Vir die vlieg moet jou naderende hand lyk soos iets vir ons wanneer ons dit in die flieks in stadige aksie sien.

“As jy van 'n besonder lastige vlieg ontslae wil raak, is die beste raad om die kamer donker te maak sodat die lig net van een venster af inskyn. Die vlieg sal daarheen vlieg. En of jy hom daar gaan doodslaan (as jy kan) of die venster gaan oopmaak om hom te laat wegkom, is jou keuse.

“Die meeste mense sal nie eens twyfel dat hulle hom summier moet probeer vermorsel nie!”

Op die webblad www.landbou.com is daar ook 'n artikel geskryf deur dr. Arno Moore, die besturende direkteur van Bio-Insectaries South Africa (BISA) (www.bioinsecta.com (arno@bioinsecta.com)) met interessante inligting.

Hy sê “vlieë veroorsaak regstreeks groot produksieverliese by plaasdiere, hoofsaaklik toe te skryf aan verlaagde voerinnames. Hierdie verliese manifesteer in beide verlaagde melkproduksie en groeitempo's by diere. Dit is ook bewys dat melkkwaliteit verlaag met toenemende vliegbesmetting. Daarby is vlieë ook betrokke by die oordra van meer as 70 siektes by mens en dier. Dit

sluit onder andere in cholera, miltsiekte, maagkoors, tering, polio, salmonellose, tifuskoors, mastitis, Newcastle-siekte, pienk oë en amoebiese disenterie.

“Vliegbeheer is noodsaaklik, maar ten spyte van intensiewe pogings om vlieë uit te roei, word relatief min volhoubare sukses behaal. Doeltreffende chemiese middels word ten duurste ontwikkel, net om mettertyd hul doeltreffendheid te verloor met die opbou van weerstand in vlieë teen die middels. Die gevaar bestaan ook dat chemiese middels die natuurlike vyande van vlieë doodmaak, wat besliste nadele vir ekonomies volhoubare vliegbeheer inhou. Daar is tans ál groter bewuswording dat vliegbeheer op 'n geïntegreerde manier aangepak moet word. Vir ekonomies volhoubare vliegbeheer, is dit belangrik om die volgende aspekte in ag te neem:

- Die lewensiklus en biologie van betrokke vliegspesies.
- Fisiese bestuursvereistes om die vliegplaag ten beste te bestuur soos bv. die uitleg van produksiefasiliteite en misbeheer.
- Die rol en doeltreffende gebruik van die vlieg se natuurlike vyande.
- Die rol en doeltreffende aanwending van chemiese middels.

“Diereproduksie-eenhede behoort daadwerklik vir vliegbeheer te beplan met die oog op ekonomiese volhoubaarheid. Vliegbeheer het natuurlik koste-implikasies, maar 'n doeltreffende vliegbeheerprogram sal in 'n bate ontwikkel met die verlaging van produksieverliese en afname in voorkoms van vliegeoordraagbare siektes.

Groot verskeidenheid

“Daar is 'n groot verskeidenheid vliegspesies wat 'n plaagstatus kan aanneem, maar die belangrikste is die gewone **huisvlieg** en die **staltvlieg**.

“Die huisvlieg irriteer diere deur saam te drom op vogtige plekke soos oë en plekke waar hulle kan voed, soos die spene. Die staltvlieg is 'n bytende vlieg wat voed op bloed en kom in massas voor op die pense en bene van diere. Sulke diere is geïrriteerd en rusteloos, waai hul sterte, swaai hul koppe en stamp hul voete. Voerinnames daal en produksieverliese volg.

“Die huisvlieg en staltvlieg het prakties soortgelyke lewensiklusse met die huisvlieg 'n effens korter siklus. In die praktyk kom dit daarop neer dat die vliegwyfie voldoende voeding moet inneem, waarna eiers in tipiese 'pakkies' van tot 50 eiers op 'n keer gelê word. 'n Enkele vliegwyfie kan in haar leeftyd tot 800 eiers produseer. Vliegeiers ontwikkel binne 12 tot 18 uur

tot larwes, gaan deur drie larwestadiums, wat een tot drie weke kan duur, waarna die larwes tot papies ontwikkel. Papies kan vanaf drie dae tot drie weke neem om uit te broei, afhange van vliegspesie en omgewingstoestand. Vlieg kom as volwassenes uit papies te voorskyn.

“Die belangrikste broei-plekke vir vlieg is mishope, mis-afloopsones, onder en rondom voerkrippe, verspilde voer, kuilvoer en verrottende hooi. Dit spreek vanself dat potensiële vliegbroei-plekke so bestuur moet word dat dit die minimum vliegbroei-aktiwiteit sal veroorsaak. Hou mis so droog as moontlik, sorg vir goeie dreinerings, beperk lekkende water, verwyder verspilte voer, kuilvoer en verrottende hooi. Wees bedag op die voorkoms van potensiële vliegbroei-plekke en bestuur die situasie ten beste om vlieggetalle te beperk.

“Die volgende stap is om volwasse vlieg te beheer sodat minder vliegeiers gelê word. Vlieg kan gevang word in verskeie lokvalle wat in die handel beskikbaar is of gedood word met doeltreffende chemikalieë. Chemikalieë moet gespuit of geveerf word op mure, pale, onder dakke en ander vlieggrusplekke. Diere kan ook gedip word met vliegdodende chemikalieë.

“Om die natuurlike vyande van vlieg te beskerm, moet sorg gedra word dat skadelike chemikalieë nie op die vliegbroei-plekke kom nie. Die langer lewensiklus van vliegparasiete veroorsaak dat hul vermoë om gif te weerstaan, minder as dié van vlieg is. 'n Uitsondering op die reël is handelsmerke met die aktiewe bestanddeel, siromasien, 'n larwesied, wat vlieglarwes, merendeels in die vroeë stadia, dood. Siromasien maak nie die belangrikste vliegparasiete dood nie.”

Harmonie met die omgewing

“Daar is 'n toenemende besef dat daarna gestreef moet word om so ver moontlik in harmonie met die omgewing te produseer. Met vliegbeheer is daar nou ook in Suid-Afrika die geleentheid om deur die gebruik van vliegparasiete te beweeg na 'n meer omgewingsvriendelike vliegbeheerprogram. Dit is moontlik deur die inbring van groot getalle parasitiese wespe (*Muscidifurax* spp.) wat uitsluitlik op vliegpapies voed en in vliegpapies voortplant. Parasietwyfies fynkam vliegbroei-plekke om vliegpapies op te spoor. Die wyfie steek die vliegpapie, voed op die ontwikkelende vlieg in die papie, en kan ook haar eiers in die papie lê. Die ontwikkelende vlieg in die papie word gedood en in plaas van vlieg, broei daar ongeveer 19 dae later 'n nuwe generasie parasitiese wespe uit wat die proses van parasitisme voortsit. Soos die wesp-populasie toeneem, broei al hoe minder vlieg uit, sodat die behoefte vir volwasse vliegbeheer dramaties afneem en afhange van omstandighede, selfs kan verdwyn.

“Die doel met die loslaat van parasitiese wespe is nie vir 'n sogenaamde 'balans in die natuur' nie. Vlieg se aantelvermoë is hoër as dié van die parasiete wat dit noodsaaklik maak dat 'n oormag parasiete op gereelde basis losgelaat moet word om die uitbroei van vlieg te onderdruk. Daarom word vliegparasiete op gereelde basis, byvoorbeeld vierweeklik losgelaat.

Die voordele van biologiese vliegbeheer is onder andere:

- Vlieg word beheer voor hulle kan irriteer en skade veroorsaak.
- Dit is maklik, gerieflik en effektief selfs op baie moeilik bereikbare plekke.
- Beperk chemiese besoedeling.
- Vlieg kan nie weerstand teen parasiete opbou nie. Daarom bied die parasiete 'n langtermyn oplossing.

“Om op te som, doeltreffende vliegbeheer behels die toepas van 'n geïntegreerde vliegbeheerprogram wat bestaan uit:

- Doelgerigte bestuur van potensiële vliegbroei-plekke om die uitbroei van vlieg te beperk.
- Beheer van volwasse vlieg, chemies of andersins, sodat minder eiers gelê word.
- 'n Loslaatprogram van parasitiese wespe wat op vliegpapies parasiteer en die uitbroei van vlieg effektief beperk.

“Onthou, 'n vlieg wat jy nie sien nie, kan jou nie pla nie!”





Sakata se saadverpakking vir die klein boer

Die behoefte bestaan dikwels by boere vir kleiner hoeveelhede van bekende groentevariëteite wat normaalweg deur kommersiële groenteprodusente aangeplant word. Kleiner verpakings groentesaad is wel tans beskikbaar, maar hierdie verpakings is hoofsaaklik gerig op die huistuinier en bestaan grootliks uit oopbestuifde variëteite wat uitsluitlik geskik is vir huisverbruik. Sakata het hierdie leemte in die mark geïdentifiseer en stel nou 'n reeks, wat verskeie bekende variëteite insluit, beskikbaar vir daardie boer wat 'n goeie beproefde variëteit op 'n kleiner skaal wil aanplant.

Die reeks staan bekend as die "Molemi Tin" – wat in Afrikaans beteken "Boere Blik" - en die saad is soos die naam aandui in 'n klein blikkie verpak met 'n aantreklike foto van die varietëit wat in die blikkie verpak is. Hierdie blikkie is geseël om raklewe te verseker, en die saad te beskerm teen muis en saadkewers. Die hoeveelheid sade in die blikkie word bepaal op grond van die waarde van die saad ten einde die prys van al die blikkies dieselfde te hou. Hierdie reeks bestaan uit variëteite wat werklik daaglik in aanvraag is en sluit onder andere die volgende bekende wenner-variëteite in:

Tuinbeet - Globe Dark Red: Hierdie staatmaker-beetvariëteit is bekend vir sy aanpasbaarheid en is by uitstek geskik vir produksie in die somermaande en in matige gebiede regdeur die jaar. Die bolle is rond terwyl die vleis 'n diep, donkerrooi kleur het sonder draderige wit ringe. 'n Pragtige variëteit wat veral gesog is by beetprodusente.

Kopkool - Drumhead bly steeds een van die mees aangeplante variëteite as gevolg van sy besonderse aanpasbaarheid en algemene siekteverdraagsaamheid. Ideaal geskik vir warmweerproduksie en kan hoë hittetoestande baie goed hanteer.

Tamatie - Floradade: Hierdie bekende oopland-tamatievariëteit het diep spore in die Suid-Afrikaanse tamatiewêreld getrap. Die sterk plante word ongeveer 90 cm hoog en dra aantreklike, eenvormige vrugte van ongeveer 180 g groot. Floradade beskik oor goeie algemene siekteweerstand.

Botterskorsie - Waltham: Slegs ingevoerde Waltham-saad word gebruik wat siektevry is. Hierdie saad word vanaf die oorspronklike maatskappy wat Waltham geselekteer het, verkry wat uitstekende kwaliteit- eenvormige vrugte dra.

Lemoenpampoentjie - Smarag: Hierdie variëteit is self deur Sakata geselekteer en die belangrikste eienskap is dat

dit nie soos die algemeen bekende variëteite maklik geel verkleur nie. Verder word hierdie variëteit gekenmerk deur sy uitstekende smaak en die skil wat nie so maklik hard word nie – enige huisvrou verwelkom dit.

Pampoen - Plat Wit Boer Ford: Hierdie bekende wit pampoen is deur Sakata geselekteer vir opbrengs en eenvormigheid. Die vrugte is besonders smaaklik en aantreklik. 'n Moet in elke pampoenaanplanting.

'n Volledige beskrywing van die variëteite kan vanaf Sakata se hulplyn, wat op die blikkie voorkom, verkry word sodat die kleinboer kan seker maak dat hy die variëteit plant wat geskik is vir sy teikenmark. Boere kan gerus ook die hulplyn skakel vir verdere inligting oor die produksiepraktyke van die spesifieke variëteit.

Die Molemi-reeks bestaan uit die volgende variëteite:

Beet
Globe Dark Red, Crimson Globe

Blaarslaai
Great Lakes 659

Bone
Wintergreen, Contender

Botterskorsie
Waltham

Kool
Drumhead

Koolraap
Giant English

Lemoenpampoentjie
Smarag

Mosterd
Florida Broadleaf

Murgpampoentjie
Caserta

Okra
Clemson Spineless

Pampoen
Flat White Boer Ford

Raap
Early Purple Top Globe

Sjinese Kool
Chihilli

Snybeet
Fordhook Giant

Soetrissies
California Wonder 300TMP

Spanspek
Adore

Tamaties
Roma VF, Rodade, Floradade

Uie
Australian Brown, Red Creole, Texas Grano 502PRR

Waatlemoen
All Sweet

Weikool
Chou Moellier

Wortels
Cape Market, Chantenay Karoo, Kuroda

AFWYSENDE KLOUSULE: Hierdie inligting is op ons waarnemings en/of inligting vanaf ander bronne gebaseer. Aangesien gewasprestasie van die interaksie tussen die genetiese potensiaal van die saad, die fisiologiese eienskappe daarvan en die omgewing, bestuurspraktyke ingesluit, afhang, gee ons geen waarborg – uitdruklik of deur implikasie – vir die prestasie van gewasse relatief tot die inligting gegee nie. Ook aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir enige verlies, direk of as gevolg daarvan, wat te wyte aan enige oorsaak ook al mag ontstaan nie. Lees eers asseblief Sakata Seed Southern Africa (Edms.) Bpk. se verkoopvoorwaardes voordat saad bestel word.



SAKATA

Kwaliteit Saad



SAKATA[®]

PASSI^{ON} in Seed

MayFord

Tel: 011 548 5800
www.sakata.co.za
 e-pos: info.saf@sakata.eu

QUALITY

RELIABILITY

SERVICE



Baie dankie vir die positiewe terugvoer wat ons van lesers ontvang het ná verlede uitgawe se Wenke wat werk! Dis lekker om deel te wees van 'n gemeenskap wat so positief reageer.

Hierdie uitgawe se wenke kom almal uit die broodblik en groenterak.

Brood

- * 'n Braai is nie 'n braai sonder 'n broodjie nie. Bak 'n vinnige brood met 500 g bruismeel, een blikkie bier en 'n teelepel sout. Meng alles saam en bak die brood in 'n ysterpot oor die kole of in die oond.
- * Braaibroodjies op die rooster is geneig om op te krul sodat die vulsel gevolglik uitval. Bind net oorkruis vas met 'n stukkie gare en die brood sal sy vulsel hou. Die gare sal nie brand nie.
- * Doop 'n ou brood in water en bak dit dan weer in die oond. Dit sal vars smaak.
- * As jou houtbroodbord kromgetrek is, plaas dit op 'n plat oppervlak met 'n klam doek bo-op vir ten minste 24 uur.
- * 'n Halwe aartappel in die broodblik hou brood vars.
- * 'n Stuk brood in die suikerhouer oornag maak bruinsuiker wat hard geword het weer sag.
- * Plaas 'n koppie water in die mikrogolfoond as jy gevrieste brood, beskuit, pannekoek of muffins ontdooi. (Die vog sal verhoed dat die kors uitdroog.)
- * Plaas 'n pakkie sout in die broodblik om jou brood vars te hou.

Eiers

- * As jy 'n gekookte eier se dop oopgesny het en dis nog te rou na jou sin, plaas die afgesnyde deel terug en bedek die hele eier met kleefplastiek. Sit dit terug in die kookwater en kook dit verder.
- * As jy rou eiers oopbreek, is dit raadsaam om elkeen afsonderlik eers in 'n piering of bakkie te breek om te verseker dat jy nie dalk 'n vrot eier saam met goeie eiers in die bak of pan gooi nie.
- * As jy eiers oopbreek en die eierwit en eiergeel loop dadelik, is die eiers nie baie vars nie.
- * As jy koek bak en jy besef skielik jy het nie eiers in die huis nie, gebruik asyn. Een teelepel asyn is die ekwivalent van een eier. Dié wenk is veral nuttig as jy 'n cholesterolvrye dieet volg.
- * Soms vereis resepte net die eierwit. Bêre die eiergele wat jy nie gebruik nie in 'n koppie in die yskas. Bedek die gele met koue water om te keer dat 'n skil vorm. Gebruik binne vier dae.
- * Dop gekookte eiers dadelik af om te keer dat 'n swart ring om die eiergeel vorm.
- * Eiers by langer vars as hulle by 'n temperatuur van 5°C en by 'n voggehalte van 70% tot 80% bewaar word.
- * Gebruik mayonnaise om bo-oor pasteie te smeer. Dit bevat ook eiers, dus spaar jy 'n eier.
- * Gebruik natuurlike produkte uit jou kombuis om Paaseiers te kleur:
Beet – rooi
Saffraan – geel
Spinasiesap – groen
- * Geklitste eiers met 'n knippie sout kan vir tot drie maande gevries word.
- * Om gevulde eiers te maak, plaas die gaar

eiergele in 'n 'Zip-Lock'-sakkie. Seël die sakkie en druk die gele fyn. Voeg nou jou ander bestanddele by en meng goed. Knip een van die hoekies van die sakkie af en druk die inhoud by die gaatjie uit in die holte van die eierwit. Gooi dan die sakkie weg.

- * Let op na die vervaldatum van eiers. Januarie word byvoorbeeld aangedui as 001 en Desember as 365.
- * Maak seker die eiers is op 'n koel plek as jy dit aankoop – dit voorkom dat organismes groei.
- * Moenie gekraakte of vuil eiers koop nie.
- * Moet nooit 'n eier in die dop in 'n mikrogolf kook nie, want dit sal ontplof.
- * 'n Gekraakte eier bly bruikbaar as jy die kraak met botter verseël en die eier dan kook.
- * 'n Lepel asyn in die water wanneer jy 'n eier posjeer keer dat die wit versprei.
- * Om eiers langer te laat hou, meng 400 g ongebluste kalk met 6 liter water en plaas die eiers daarin.
- * Om te keer dat eiers bars wanneer jy dit kook, sit 'n speld of teelepel in die kastrol.
- * Om te toets of 'n eier vars is, sit dit in 'n maatbeker met 600 ml water. As die eier baie vars is, sal dit op die sykant op die bodem lê.
- * Sny hardgekookte eiers deur met 'n mes wat in water gedoop is. Dan sal maak dat die eiergele nie breek nie.
- * Om roereiers of omelette nog lekkerder te maak, klits suurroom, roomkaas of room by die eiers.
- * Voeg 'n bietjie asyn by die water as jy eiers kook. Dit keer dat die eiers bars.
- * Wanneer jy eiers bak, sprinkel 'n bietjie sout of meel oor die olie voordat hy die eier in die pan breek. Die eier sal dan nie aan die boom van die pan vassit nie.



Groente:

- * Om groente gouer te laat sag kook, voeg 'n teelepel suiker by terwyl dit kook.
- * Om groente langer vars te hou, draai dit in waspapier toe voordat dit in die yskas gebêre word.
- * Week bone, stampielies en ander soortgelyke droë kos oornag. Dit sal tyd, geld en ure se kookwerk spaar.

Aartappels

- * Kapokaartappels is lig en sag as 'n knippie bakpoeier bygevoeg word.
- * Voeg 'n koppie gerasperde Cheddarkaas by kapokaartappels om dit 'n nuwe geur te gee.
- * Meng twee eetlepels mayonnaise in jou kapokaartappels vir variasie.
- * 'n Bietjie melkpoeier by kapokaartappels maak dit lekker donsig.
- * 'n Gerasperde ui gee 'n besondere smaak aan kapokaartappels.
- * Voeg 'n bietjie gerasperde suurlemoenskil by aartappelslaai vir 'n pikante smaak.
- * Aartappels braai baie mooi bruin as dit in meel gerol word voordat dit gebraci word.
- * Giet slaaisous oor terwyl die aartappels nog lou is sodat dit in die aartappels kan intrek.
- * Gooi 5 ml melk in 'n kastrol waarin jy aartappels kook. Dit voorkom dat dit kleur verloor.
- * Kook aartappels in twee dele melk en een deel water om dit smaakliker te maak.
- * Laat aartappels vir 30 minute in melk lê om mooi bruin te bak.
- * Om te verhoed dat aartappels uitloop terwyl dit gestoor word, plaas 'n vars groen appel by die aartappels.
- * Voeg 'n eetlepel asyn by olie waarin aartappelskyfies gebak word. Dit maak skyfies bros en die olie skuim nie.
- * Voeg 'n vleisekstrablokkie in die olie waarin aartappelskyfies gebak word vir 'n heerlike geur.
- * Voeg suurlemoensap by die water as jy 'n aartappel met skil en al kook. Die aartappel sal wit wees en jou potte sonder vlekke.

Beet

- * Haal 'n beetvlek uit 'n kledingstuk deur 'n bietjie melk op die vlek te gooi en dit dan in koue soutwater te week. Was daarna in warm seepwater.

- * Om 'n beetvlek uit 'n mat te verwyder, vryf gliserien met 'n spons in die mat in en was dan met warm seepwater.
- * 'n Eetlepel asyn by die water sal beet gou laat sag kook.
- * Om te verhoed dat beet oorkook, voeg 'n mespunt botter by.

Blomkool

- * Kook blomkool in melk in plaas van water om die smaak te verbeter. Die melk kan dan vir die witsous gebruik word.
- * Sit 'n stukkie suurlemoenskil of 'n bietjie suurlemoensap in die water as jy blomkool kook. Dit hou die blomkool mooi wit.

Knoffel

- * As jy 'n sterk knoffelsmaak in jou gereg wil hê, gooi dit aan die einde van die gaarmaakproses in. Vir 'n minder sterker smaak, gooi die knoffel aan die begin in.
- * Om knoffelasem te verwyder, kou vars mint, pietersielie of seldery.
- * Sny knoffel fyn en gooi in kookolie in klein houertjies. So kan dit baie klank in die yskas gebêre word. Die knoffelgegeurde olie kan agterna weer gebruik word.

Pampoen

- * Om 'n gesnyde pampoen vars te hou, verwyder die pitte en bedek die binnekant met 'n lagie koeksoda.
- * Om te verhoed dat jou hande vlek wanneer pampoen geskil word, smeer jou hande vooraf met 'n bietjie botter of vet.

Patats

- * Stowepatats kry 'n mooi kleur as 'n mespunt koeksoda bygevoeg word terwyl dit kook.

Radyse

- * Skud radyse in 'n fles vol water om hulle deeglik te was.

Tamaties

- * Wanneer jy tamatie-en-uesmoor maak vir by braaivleis of ander geregte, gooi 'n kwart koppie melk aan die einde by en roer goed deur. Dit voorkom sooi-brand.
- * 'n Knippie kerriepoeier by tamatiesop verbeter die smaak.
- * Maak jou eie tamatiesous: Gebruik 2 kg tamaties waarvan die kern en pitte verwyder is, 2 koppies suiker, 'n kwart koppie appelasyn en 'n halwe teelepel sout. Versap die bestanddele saam en kook oor 'n lae hitte vir ongeveer een uur. Roer

gereeld. Gooi deur 'n sif om stukkes te verwyder. Voeg 1 verpoeierde Vitamien C-tablet by om die kleur te behou. Vries of lê die tamatiesous in vir latere gebruik. Rissiepoeier of paprika kan voor die kookproses bygevoeg word vir smaak.

Slaaikoppe

- * Maak verlepte slaaiblaar weer bros deur dit in 'n bak yskaswater te plaas (nie yswater nie).
- * Bêre slaaikoppe in die yskas in papiersakke en nie in plastieksakke nie, om dit langer vars te hou.

Uie

- * Gooi 'n bietjie asyn of suiker by uie wat gesmoor word. Dit sal 'n lieflike ligbruin kleur en 'n aangename geur aan die uie verleen.
- * Om te voorkom dat uie wat bewaar word uitloop, kan die worteltjies in kookwater "gebrand" word voordat dit opgehang word.

Bêre slaaikoppe in die yskas in papiersakke en nie in plastieksakke nie, om dit langer vars te hou.



Moenie dat **sooibrand** jou lewe versuur nie



deur Debbie Reynolds

Die fliëk sal jou meesleur, sê die resensente. Daarom het jy dae vooruit bespreek en sien jy al die hele week lank daarna uit – maar noudat jy uiteindelik in die teater sit, is die brandende sensasie in jou bors al waarop jy kan konsentreer. Jou aanhoudende gevroetel werk op jou metgesel se senuwees, maar jy kan dit nie help nie. En jy kan nie wag dat die fliëk eindig sodat jy by jou motor kan kom en iets sluk om die brand te blus nie.

Klink dit bekend? Indien wel, is jy een van miljoene Suid-Afrikaners wat aan sooibrand ly. Vier uit 10 van ons is maar alte vertrouwd met die brandgevoel in ons maag of borskas wat ons lewe versuur.

Dokters noem dit gastroësofageale refluksiekte of GORD en verduidelik dit so: Die brandende sensasie kom voor wanneer die sirkelvormige spier wat die slukderm met die maag verbind (die onderslukderm-sfinkter) nie dig genoeg sluit nadat kos deurbeweeg het nie. Suurvormende maagsappe stroom terug en kom met die slukderm se delikate voering in aanraking.

Die slukderm-sfinkterspier is ontwerp om soos 'n eenrigtingklep te werk, wat verhinder dat die kos in jou maag van die maag af boontoe beweeg. As dié spier nie behoorlik werk nie vloei die maagsure wat noodsaaklik is om kos te verteer in die slukderm in. Dit word refluks of terugvloeiing genoem en brand omdat maagsure ongelooflik sterk is – tot 10 keer sterker as suiwer suurlemoensap en sterk genoeg om 'n tand op te los!

Sooibrand kan aan jou leefstyl te wyte wees, sê dr. Bernard Insam, 'n gastroënteroloog by die Life Westville-hospitaal in Durban. Maar in baie gevalle – en veral by jong lyers – kan dit oorerflik wees.



Om ná 'n groot maaltyd 30 minute lank kougom te gou, kan volgens 'n onlangse studie in Brittanje sooibrand voorkom. Dit stimuleer die produksie van speeksel, wat sure neutraliseer.

Sorteer die simptome

Dis maklik om die simptome te herken: 'n pynlike of brandende sensasie in die boonste deel van die maag of borskas wat soms na die rug versprei. Ander simptome sluit in heesheid (veral soggens), die sensasie van 'n knop in die keel of 'n chroniese seer keel, probleme om te sluk en 'n aanhoudende gehik. As jy chronies winde of nat winde opbreek – wanneer kos tot in die mond terugstroom – is dit ook tekens. Tandartse is soms eerste om sooibrand te diagnoseer aangesien maagsure die agterste tande kan wegvreet.

Chroniese suurrefluks – meer as drie keer per week – is rede tot kommer, sê Bernard. “Dit kan chroniese inflammasie van die onderste deel van die slukderm veroorsaak, wat kan lei tot voorkwaadaardige letsels en 'n toestand bekend as Barrett se slukderm. Indien dit nie behandel word nie, kan dit in kanker ontwikkel.”

Blus die vuur

Sooibrand word meestal met medikasie behandel, maar in ernstige gevalle is chirurgie die enigste uitweg. Gelukkig kan 'n eenvoudige verandering in leefstyl verligting bring. Die meeste lyers gebruik gewone teensuurmiddels soos Rennie of Gaviscon om hul simptome te beheer.

Teensuurmiddels neutraliseer die sure in die maagdermstelsel en breek dit tot onskadelike sout en water af. Die ongegronde mening dat dit gevaarlik is om gereeld teensuurmiddels te gebruik is presies dit – ongegrond.

“Dit gaan jou nie kwaad doen om elke dag teensuurmiddels te drink nie,” sê Bernard. “Maar as jy dit elke dag nodig het, het jy beslis 'n probleem en behoort jy jou dokter te raadpleeg om die oorsaak vas te stel.”

Om jou leefstyl 'n bietjie aan te pas, kan die probleem oplos. Verskeie faktore dra by tot sooibrand. Deur die oorsake direk te pak, kan die behoefte aan teensuurmiddels beduidend verminder.

Doen wat natuurlik is

As jy doodeenvoudig water drink, kan dit help dat die suur na jou maag terugspoel. “Probeer om nie terselfdertyd te eet en te drink nie; dit sal help dat jou maag nie te vol raak nie,” is die raad van Daniella Roberts, 'n Durbanse dieetkundige.

“Drink liever water 20 minute voor jy eet

sooibrand

of minstens eers 'n uur daarna."

Ander natuurlike rate sluit in piesangs, lae-veet-jogurt en kamilletee, verkieslik swart of met lae-veet-melk.

Vermy vetterige kos wat moeilik verteer word en sooibrand veroorsaak. Kies lae-veetjogurt wat probiotika bevat; dit verbeter spysvertering, veral as jy dit gereeld eet.

Voeg meer vesel soos semels by jou dieet om hardlywigheid te voorkom en te voorkom dat kos te lank in jou maag bly. Laasgenoemde veroorsaak winderigheid en opgeblaasheid.

Anders as wat baie mense dink, is dit nie 'n goeie idee om 'n glas melk – veral volroommelk – te drink nie. Die kalsium- en proteïenkomponente in die vet stimuleer in werklikheid die vervaardiging van sure.

Los die mentjies ná die maal

Mente verfris dalk jou asem, maar doen jou maag 'n onguns aan. Mente kan die spier om die slukderm laat ontspan, wat dit makliker maak vir suursappe om in jou keel op te stoot. "Sê nee dankie vir mente, pepermenttee, groenmentlekkers of -kougom inklusief," sê Daniella. "En maak seker jou tandepasta is nie gelaai met ment nie."

Kou hieraan

Om ná 'n groot maaltyd 30 minute lank kougom te gou, kan volgens 'n onlangse studie in Brittanje sooibrand voorkom. Dit stimuleer die produksie van speeksel, wat sure neutraliseer.

Vermy sneller-kosse

Dit sluit in: **Gebraaide of vetterige kos** soos pasteie, terte, verwerkte vleis en worsies. Omdat vet die stadigste en moeilikste voedingstof is om te verteer, duur dit langer om vetryke kos te verteer. "Die liggaam verteer eers koolhidrate, dan proteïene en laastens vette," sê Daniella.

Knoffel, uie en sjokolade. Soos mente laat dit die slukderm ontspan en veroorsaak dit dat sure opstyg.

Koffie (kafeïenvry en gewoon), **tee en alle soorte alkohol**, veral rooiwijn. Kafeïen en alkohol verminder die elastisiteit van die slukdermspiere sodat spysverteringsappe in die keel opstoot.

Gaskoeldranke. Die gas laat die maag swel.

Suurvormende vrugte. Dit sluit sitrusvrugte, tamaties en pynappels in.

Speserye en tamatiesous. Gebruik eerder blatjang.

Vermy eerder branderige geurmiddels soos tabascosous en brandrissies – soetrissies is beter.

Daniella stel volgraanmosterd of paprika as alternatiewe voor.

Die lys verbode kosse geld egter nie vir alle sooibrandyers nie, sê sy. "Almal is nie dieselfde nie – jy sal gou genoeg agterkom watter kosse jou sooibrand gee."

Eet stadig, eet minder

Hoe meer jou maag as gevolg van kosiname uitsit, hoe meer reflux sal jy hê. So eenvoudig is dit.

Eet vyf tot ses kleiner maaltye per dag pleks van drie groot maaltye, stel Bernard voor. Eet kleiner porsies vir ontbyt, middag- en aandete en geniet 'n gesonde peuselhappie in die middel van die oggend en middag. Eet 'n bakkie jogurt, 'n gesondheidsstafie of 'n sny lae-GI-roosterbrood met 'n lae-veet-vulsel.

Onthou om te ontspan wanneer jy eet. Eet stadig, kou deeglik en moenie kort ná ete gaan skuinslê nie.

Verloor gewig

As jy oorgewig is, plaas maagvet meer drukking op die buikholte. Gevolglik stoot die kos in jou maag op na jou slukderm – wat jou sooibrand gee.

'n Skandinawiese studie het bevind dat 'n man wat 84 kg weeg se sooibrandsimptome met 75 persent kan verminder as hy net 4 kg verloor.

Gaan jou medikasie na

Sekere medisyne, soos sommige wat voorgeskryf word om asma en hartkwale te behandel, kan reflux veroorsaak omdat dit die slukdermsfinkter laat verslap. Bespreek 'n verandering in medikasie met jou dokter as sooibrand 'n probleem word.

Wees ook versigtig met gewone medikasie soos aspirien en anti-inflammatoriese medisyne: Dit moet slegs ná 'n maaltyd geneem word.

Druk slegte gewoontes dood

Rook vererger beslis sooibrand, sê Bernard. "Dit maak die onderslukderm-sfinkterspier minder ferm en dit veroorsaak reflux. Nikotien stimuleer ook die produksie van maagsure."

Raak aktief

Navorsing dui daarop dat sooibrand minder voorkom by mense wat gereeld oefening kry. As jy swem of minstens een keer per week 30 minute lank draf, is jou kans 50 persent minder om simptome te ontwikkel as wat 'n stoelpatat sal.

Wees nagslim

Bykans 75 persent van sooibrandyers se simptome kom saans voor. Simptome is geneig om saans ernstiger te wees. Eet 'n ligte, vroeë aandete sodat jy nie op 'n vol maag gaan slaap nie, stel Bernard voor. En moenie slaapyd peusel nie.

Vir ekstra verligting snags, lig die koppenent hoër deur houtblokke (sowat 15 cm hoog) onder die bedstyl te sit.

Ekstra kussings wat net jou kop oplig, verhoog inderwaarheid die kans op reflux.





'n Groot jaar vir Nylstroom-tak

2016 gaan 'n groot jaar vir Nylstroom-tak op Modimolle wees. Verbouings is reeds onderweg om van hierdie tak 'n spogwinkel te maak. Volgens die planne wat opgetrek is, belooft dit 'n moderne winkel te wees wat 'n ongelooflike inkopie-ervaring sal verseker.

Die eerste fase het reeds in Desember begin, maar bouwerk is vroeg in Januarie in alle erns hervat. In hierdie stadium is dit 'n bron van frustrasie vir personeel wat uit bestaande kantore moes skuif, vir Michael van der Merwe (takbestuurder) wat voorraad op ongewone plekke moet berg en die hele proses bestuur, asook vir klante wat sukkel met parkeerplek. Hierdie probleme gaan egter net vir ongeveer ses maande voortduur en daarna gaan die droomwinkel reg wees vir meer en beter besigheid.

"Baie dankie aan ons klante vir hul geduld tydens die bouwerk. Op die ou einde is die verbeteringe tot julle voordeel. Dankie ook aan personeel wat die deurmekaarspul verdra en ekstra insit. Ons almal is opgewonde om die eindresultaat te sien en vertrou dat ons met goeie besigheid die groot kapitale uitleg vinnig kan terugbetaal," sê Michael.



Michael van der Merwe en Jorrie Steenkamp voor die tak waar die aanbouings reeds begin het.

Geskenke vir AKK

Abraham Kriel Kinderhuis, geleë in Modimolle, is 'n veilige hawe vir kinders van Limpopo wat weens omstandighede uit hul ouers se sorg verwyder word. Hier word hulle versorg en beskerm deur mense wat werklik omgee. Die kinderhuis word wel deur die staat gesubsidieer maar dit is kwalik genoeg om in al die behoeftes van die kinders te voorsien. Weldoeners skenk geld, kos en ander middels aan die kinderhuis. Dit help met die finansiële las.

NTK en van sy verskaffers het kort voor Kersfees geskenkpakke aan die kinders gegee. NTK het beslis gehelp dat die kinders 'n gelukkiger Kersseisoen beleef het.

Want NTK gee om...

NTK woeker by Weesgerus

Michael van der Merwe (takbestuurder op Modimolle) is baie in sy noppies met die blootstelling wat NTK tydens die vakansieprogram by Weesgerus gekry het. Al is dit vakansiegangers en dalk nie gereelde klante nie, was daar tog heelwat Nylstromers daar en het die vakansiegangers die tak goed ondersteun. Nie net het hulle ingekom dorp toe om te koop nie, hulle het ook op die terrein van NTK se produkte gekoop. NTK het 'n winkel ingerig in die konferensiesaal en goeie besigheid gedoen!

Maar dit was ook baie pret! NTK het speletjies aangebied, pryse geborg en ook die Mnr. en Mej. Petite Weesgerus geborg. Die speletjies was van skattejag tot baskop; van hoela-hoep tot sakresies. Die kinders kon net nie genoeg kry nie en Michael (en sy skoonpa) het geen geleentheid laat verby gaan om NTK te bemark nie.

Verskaffers soos Agrinet en Prodinst het pryse geskenk. Dit was 'n heerlike spannetjie wat saam daar gewerk het.



Desember was die personeel van Modimolle doenig by Weesgerus en het goeie verkope daar gedoen. Hier organiseer Cornel (bemark) en Michael (takbestuurder) die speletjies vir die kinders.

In memoriam - Gerhard Swart

Dit is met leedwese wat NTK-bestuur en personeel verneem het van die afsterwe van Gerhard Swart, takbestuurder op Venda. Gerhard was geliefd onder sy personeel, klante en verskaffers aan NTK.

Gerhard is in 1987 by NTK aangestel. Hy het by verskeie handelstakke gewerk totdat hy in Januarie 2001 die leisels van Venda oorgeneem het. Onder sy leiding het die tak gedy. Besigheid het geweldig uitgebrei en depots is oral in die gebied geopen. Hy het sy vinger op die pols van alles gehad want hy het die mense van Venda geken en hul behoeftes verstaan.

Gerhard se vrou, Regina, is verlede jaar oorlede. Hy is op 29 Januarie 2016 oorlede, presies vyf maande voor hy 50 sou word.

Innige simpatie word betuig aan sy naasbestaendes, vriende en kollegas. Gerhard het diep spore in NTK getrap en sy heengaan laat 'n leemte in die tak maar ook in NTK.



Kranskop-druiwefees pure NTK

NTK was een van die hoofborge van die 2016 Kranskop-druiwefees. Getrou aan tradisie, het die sluise van die hemel behoorlik oopgemaak tydens die fees. Dankbare boere het nie gekla oor die reën nie maar dit het beslis die gees van die fees gedemp. Vrydagaand het die hooftent omgewaai en Saterdagoggend het die NTK-tent inmekaar gesak. Die weer het beslis verkope by die fees beïnvloed maar alles in ag genome, was dit 'n suksesvolle fees vir NTK. Verskaffers wat deelgeneem het was Agrinet, Prodist, Snappy Chef, Afrivet, Bayer, Virbac, Protek en Klein Karoo. Twee boere het hul diere geleen en hulle het langs die tent onder gazebo's gewei en so meer voete na die tent gelok. Vrydagoggend was daar 'n boereoggend net langs NTK se tent. Dit was 'n NTK-inisiatief en die opkoms was goed.



Agrinet se Riaan en Hans saam met Michael.



Kobus en Kobus van New Holland



Michael saam met Ruaan en Christi van Prodist.

Nuwe gesigte in Finansiering

Finansiering het die dienste bekom van twee kredietbestuurders. Beide het goeie kwalifikasies en relevante ondervinding. Baie welkom aan Levy en Warren.

Levy Malemela



Levy weet dit is vir die boere soms vreemd om hom op hul plaas te verwelkom. Afrikaans is nie sy eerste taal nie, maar hy praat dit vlot. Maar hy sal enige taal praat – selfs Fanagalô – as dit besigheid inbring. Want hy is daar om landbou in die algemeen, en die boer in besonder, te bedien. Dit gaan oor diens en goeie gesonde besigheidsbeginsels. Levy het 'n driejaarkursus in landbouproduksie aan die Technikon van Pretoria gevolg. Later doen hy ook sy BTec Agricultural Management deur Unisa terwyl hy reeds werk. Hy werk by die Landbounavorsingsraad, by verskeie banke as landboubestuurder en by die Landbank. Hy ken reeds van die boere in die omgewing en die werk is vir hom goed bekend.

Warren Daines



Afrikaans is ook nie Warren se eerste taal nie. Hy het in Stutterheim in die Oos-Kaap grootgeword. Maar omdat hy in Ermelo gematrikuleer het, kan hy Afrikaans baie goed praat! Warren studeer landboubestuur deur Technikon Port Elizabeth en doen ook sy MBA-graad wat hy in 2006 voltooi.

Hy werk vir die Departement van Landbou en in die bankwese as landboubestuurder. Hy werk ook by 'n bekende landboumaatskappy as kredietbestuurder voordat hy vanjaar by NTK aansluit.

Handel groet 2015

Kort voor Kersfees het die Handelsafdeling by Weesgerus bymekaar gekom vir die laaste vergadering van die jaar. Tydens die vergadering is baie sake van belang bespreek. Agrinet se Marius Loubser het 'n spreekbeurt gehad en hy het takbestuurders bedank vir die goeie besigheid wat gedurende die jaar tussen die twee organisasies gedoen is.

Daar is drie langdienstoekennings aan takbestuurders oorhandig: Aan Sonje Thornhill van Louis Trichardt vir 25 jaar, Francois Botha van Ellisras vir 20 jaar en Mariette Muller van Vivo vir 10 jaar.

Geluk aan hierdie drie persone wat hul onderskeie takke met onderskeiding lei.





Thanks for many years

On three occasions and at three destinations, employees of NTK got together to receive certificates for many years of loyal service to NTK.

Francois Froneman attended all three events and shook hands with each and everyone who received a certificate. In his speech he thanked everyone for loyal service to the company.

Francois urged everyone present to be a role model to others at work. He also said that people working for NTK have a passion for agriculture as well as for people. The work is always about people and therefore we must go out and make a difference in the workplace.

In Modimolle:



In Louis Trichardt:



In Polokwane:





VKB Bethlehem borg vervoer van water

Die mediese gemeenskap van Mediclinic Hoogland het op Maandagoggend, 8 Februarie 2016 'n somtotaal van sowat 4 ton water aan dankbare dokterspraktyke asook aan die padkamp in Senekal by De Rust oorhandig. In die bloedige hitte het voertuie sommer langs die vragmotor gestop om na water te vra.

Sonder die vriendelikheid van Toppie en Elsa Jonker wat die 5 ton trok van VKB beskikbaar gestel het vir die vervoer van die water, sou die projek ook nie suksesvol kon wees nie. Toppie was dankbaar dat hy op dié manier ook 'n verskil vir Senekal kon maak.



Witteberg-netbal-winterkliniek

Dit is 'n trotse Witteberg-tradisie en daarmee probeer ons elke liewe netbaldogter betrek. Nie slegs A-spanspelers nie maar almal. Vanjaar was daar 114 dogters by die kliniek – dit is sowat 16 spanne. Dit is 'n rekordgetal vir die afgelope paar jaar.

Die kliniek bestaan uit verskillende vaardigheidstasies: spanbouseessies, algehele proewe, aërobie sessies en kondisioneringssessies. Dit is 'n harde naweek, maar vol GROOT PRET.

VKB is trots om 'n waardige vennoot te wees. Elna Venter beweer dat die vennootskap met VKB alle netbaldogters baat.



VKB en Graan Suid-Afrika hou saam met Ascent-studiegroep boeredag

Die Ascent-studiegroep het op 18 Februarie 2016 saam met GSA en VKB 'n geslaagde Boeredag aangebied oor Bewaringslandbou. Daar was 77 persone wat eers na lesings oor Bewaringslandbou geluister het en daarna is besoek gebring aan Izak Dreyer se plaas om na proewe te gaan kyk.

Dr. Hendrik Smith van GSA se lesing oor grondgesondheid het beklemtoon dat ons boere die oplossing het vir baie klimaatsveranderingsprobleme waarmee die wêreld sukkel. Die mikrobiologiese organismes in die grond moet net behoorlik versorg word deur die regte boerderypraktyke te volg.

Dr. Robert Steynberg van VKB het van sy navorsingsbevindings met die boere gedeel. Twee boere, te wete Egon Zunkel en Izak Dreyer, het ook hulle ervarings met praktiese bewaringsboerdery gedeel.

Dit het geblyk dat verminderde tot geenbewerking gekom het om te bly en dat dekgewasse moontlik deel behoort uit te maak om hierdie praktyke volhoubaar te hou.



Dr. Robert Steynberg (naaslinks) verduidelik aan 'n groep boere wat hy met sy sojaproef wil bereik.

Adam Tas sing vir droogte in samewerking met Landbouweekblad en VKB

Dinsdag, 23 Februarie het Adam Tas die Oos-Vrystaat kom bederf met 'n lekker konsert en saamkuiergeleentheid. Dit was nie 'n fondsinsameling nie, maar eerder 'n geleentheid vir die boere en die lede van VKB om vir 'n klein rukkie van die droogte te vergeet. Daar was ongeveer 300 mense by die konsert en die mense het geskater van die lag. Adam Tas se verhoogpersoonlikheid is fantasties. Bo en behalwe dit is hy 'n dierbare mens wanneer hy van die verhoog afklim. Hy staan vir foto na foto en deel die een na die ander handtekening uit.

VKB wil graag die Daniëlsrus Boerevereniging opreg bedank vir die gebruik van hul saal en die heerlike kos wat die Daniëlsrus Vroue-VLU vir almal voorberei het.



Adam Tas, Chris Helm (voorsitter van Daniëlsrus Boerevereniging), en Anelie Swemmer (VKB).



Aanhangers saam met Adam Tas.

Pannar hou extravaganza

Op 17 Februarie 2016 het VKB die Pannar Extravaganza by die Delmas-navorsingstasie bygewoon. Verskeie toere wat die dag aangebied is, het die bekendstelling van nuwe witmielies-, geelmielies en sojaboonkultivars na vore gebring. 'n Goeie droëboon bly steeds PAN 148, wat in die Oos-Vrystaat die hoogste persentasie opbrengs getoon het.

Ashley Cotterrell, besturende direkteur van Pannar sê: "Ons is trots om die volledigste gewas- en saadportefeulje in Afrika te bied, gerugsteun deur meer as 50 jaar se kennis en ondervinding in gewasproduksie onder Afrika se uiteenlopende toestande."



Noreen Hancocks, Coenrad Bruwer, Dano van Zyl, Johan Rossouw, Louis Hammann, Willem van den Berg, Renier Barnard, Jenine van der Walt

2016 CANSA Relay – VKB stap vir kanker

Cansa het VKB genader om deel te neem aan die 2016 Relay for Life by Reitz se sportgronde op 5 Maart 2016. VKB het hulle eie span ingeskryf en sodoende 'n borgskap aan Cansa verleen. Die aflos het om 12:00 afgeskop op die B-veld. Die tema hierdie jaar was Olimpiese Spele en VKB se Team Fight het deelgeneem onder die vlag van Sierra Leone. Maar omdat VKB 'n "land" op sy eie is, het ons nie meer bekend gestaan onder die land Sierra Leone nie,

maar as "VKB" want VKB het 'n "Liefde vir die LAND". Verskeie items is deur die loop van die dag deur die onderskeie spanne aangebied, waaronder toutrek, balontrap, ens. Met groot pret en plesier het almal deelgeneem en natuurlik was VKB in hul lemmetjie-groen hemde, van oud na jonk, onmiskenbaar betrokke.

Die aflos het om 19:00 verskuif na die A-veld. VKB het 150 Luminaria-sakkies versier wat omstreeks 19:00 op die baan (A-veld) uitgepak is (nadat die skolesport afgehandel is).

Met seer voete, maar met groot dankbare harte omdat ons, as VKB, 'n bydrae kon lewer teen die stryd teen kanker, was elke oomblik vasgelê in ons harte met die wete ons maak 'n verskil!

Die veld is omstreeks 23:30 opgeruim, waarna die aand afgesluit is met gebed.

VKB het die beker gewen vir die span met die meeste gees!



Die VKB-span is aangewys as die span met die beste gees.



Madri Byliefeldt en Elsabé van Vuuren.

VKB hoofborg by Sonop-boerevereniging se proewedag

Die Sonop-boerevereniging het hul jaarlikse funksie op 9 Maart 2016 aangebied. Die hoofdoel van dié jaarlikse instelling is die proewe.

Dit was opsygeskuif toe die hemel oopgemaak het. Elke liewe mens wat die dag bygewoon het, was dankbaar vir die reën.

Verder is die doel van die dag om landbou te bevorder, mekaar te leer ken en te vertel van ervarings wat gewerk het en wat nie gewerk het nie. Omri van Zyl, uitvoerende direkteur van Agri SA was die gasspreker op vanjaar se funksie. Hy sê "Daar is hoop vir landbou".

"Onthou, die ekonomie is swak, maar dit skep 'n geleentheid om onself te herstruktureer as voedselprodusente – internasionaal."

Vanaf VKB het Jack Radford, graandienstebestuurder,

die gehoor kom toespreek.

"Dit is 'n voorreg om hoofborg by dié funksie te wees," het hy gesê. Radford waarsku die boere teen graandiefstal en vertel van VKB se kapasiteit by die silo's, sowat 750 000 ton. Hy stel die boere gerus met die gedagte dat VKB nooit weg sal stap vanaf boere in nood nie.

Sonop-boerevereniging is uniek danksy sy lede. Volgens Jack Radford is dit 'n dinamiese groep en hy bedank die boerevereniging dat VKB met hulle kan assosieer.



André Ferreira (Sonop-boerevereniging se voorsitter), Bernard Meyer en Piet Hattingh.



Jack Radford van VKB was een van die sprekers.



Die heelgoedere-uitstalling het heelwat belangstelling getrek.

Kingdom Kids bedank VKB

Daar is 'n behoefte in die Memel/Zamani-gemeenskap geïdentifiseer om 'n plaaslike skool te hê waar kinders God kan leer ken asook 'n opvoeding kan kry en daarmee saam kinders as 'n geheel te ondersteun en te help op die regte pad.

Daar is tans 52 leerders in die Kingdom Kids-skool – vanaf drie jaar oud tot Graad R – wat in vier klasse verdeel is.

Toe die skool in 2014 deur Inet Geldenhuys, 'n plaaslike boer se vrou, geopen is, was daar nege kinders en een juffrou. In 2015 het die "groot skool" se deure geopen waar kinders tot graad RR ingeneem is.

Baie navrae en belangstelling het daartoe gelei dat daar besluit is om 'n Graad R-klas te skep.

As deel van die Dumisani-voedingskema is daar beseft hoeveel behoefte daar werklik is – nie net na fisiese behoeftes nie, maar ook geestelik. Memel/Zamani is 'n klein gemeenskap en die skool bring met elke deel wat hy doen, 'n verandering in 'n gesin. Daarmee saam word die behoefte aan God se Woord in Memel versprei.



Spex Oogkundiges bied 'n helpende hand aan VKB-werknemers

Spex Oogkundiges het VKB gekontak met die doel om werknemers wat nie siekefondse het nie, die geleentheid te bied om gratis oogtoetse te ondergaan en sodoende die nodige advies of 'n voorgeskrewe bril te kry wat hulle sig sal verbeter. Vrystaat-bedryfspunte is tydens Februarie besoek en die VKB-werknemers was gretig om hierdie geleentheid aan te gryp. Tot en met hede is daar omtrent 143 werknemers wat van brille voorsien sal word. Hierdie pragtige inisiatief gaan uitgebrei word na die VKB-nywerhede asook die Limpopo.





VKB installeer stelsels vir outomatiese grootmaat-monsterneming


Die neem van 'n verteenwoordigende graanmonster by lewering of versending van graan by 'n leweringpunt is waarskynlik die belangrikste proses ten opsigte van graanbestuur. Dit is onmoontlik om 'n vrag akkuraat te gradeer as dit nie effektief gemonster is om seker te maak dit verteenwoordig die graan wat op die vrag voorkom nie.

Graanhanteerders in Suid-Afrika maak tans van hoofsaaklik twee monsternemingstelsels gebruik, naamlik die dubbelbuisstekers en semi-outomatiese stelsels. Hierdie stelsels vereis dat 'n operateur met 'n handaksie 'n graanmonster van die vrag moet neem. Daar is gevind dat die operateurs wat die toerusting hanteer, veral tydens piek-leweringperiodes, moeg word en gevolglik nie die monsternemingsproses korrek voltooi nie en ook nie die vrag regdeur monster nie.

VKB, saam met Agri Enviro Solutions (Edms.) Bpk. (AES), het as eerste fase begin om outomatiese monsternemingstelsels by Villiers, Frankfort, Warden en Daniëlsrus te installeer. AES is die alleenverspreider en diensverskaffer van die Franse TPLG-monsternemingstelsels in Suider-, Sentraal en Oos-Afrika. TPLG is die leier in outomatiese graanmonsterneming in Europa sedert 1977. Vandag, met meer as 3 500 verwysings in 21 lande en agente in altesaam 40 verskillende lande, is TPLG vasbeslote om hul leiersposisie te konsolideer en om hul teenwoordigheid in die internasionale mark uit te brei. Hierdie suksesvolle projek by VKB plaas 'n goeie TPLG-verwysing in Suid-Afrika.

In 'n poging om meer vaartbelyn te wees en waarde toe te voeg om hul akkurate graderingsprosesse te bekom, het VKB vasgestel dat die outomatisering van die monsternemingproses grootliks geskille sal verminder, akkuraatheid van gradering sal verbeter, bedrog sal voorkom en versekering van die graan se graadsekuriteit op lewering en uitlaai by hul silo's sal verbeter. Dit is tot voordeel van die produsent, die afnemer van die graan én VKB. Die nuwe installasies beteken dat monsters verkry kan word deur die hele vrag wat gelewer of versend word outomaties te monster sonder betrokkenheid van die menslike faktor. Die monster wat geneem is, word outomaties geplaas in 'n monsterhouer óf in die graderingskamer of by die monsterverdeler sonder dat dit eens deur operateurs aangeraak word. Hierdie monster, wat nou hoogs verteenwoordigend van die vrag is, word dan gebruik vir gradering.

Die VKB/AES-alliansie strek so ver terug as die 1980's en die projek dui op die vertroue wat in beide partye geplaas word.





Hoërskool Reitz

Gasvryheidstudie en Toerisme

Die Hoërskool Reitz is een van twee hoërskole in die Vrystaat wat die vakke gasvryheidstudie en toerisme saam aanbied. Ons is baie trots op ons gasvryheid- (hotel) departement en ons uitstekende fasiliteite. Ons kombuis is een van die beste in die Vrystaat. Ons kombuis en onthaallokaal gee aan ons leerders die geleentheid om al hulle vaardighede optimaal te ontwikkel. Die kombuis is industrieel ingerig en gee aan die leerders die geleentheid om praktiese ondervinding op te doen wat hulle later baie nuttig kan gebruik as hulle in die industrie gaan werk. Die leerders bied gereeld funksies aan waar ons tussen 30 en 50 gaste onthaal. Ontbyt, middagete en aandfunksies word aangebied. Die graad 12-leerders bied vyfgang- formele etes aan en doen al die beplanning, voorbereiding en bediening van alle geregte self. Ek kan met trots sê dat die leerders ontwikkel op vele terreine en dat hulle veral funksioneel kan werk, binne 'n sekere tyd baie goed probleme kan oplos. Gasvryheidstudie en toerisme is vakke wat mekaar besonder goed aanvul en daarom is dit 'n groot voordeel vir leerders om wel albei vakke saam te kan neem. By talle ander skole word slegs een van die twee aangebied en kry leerders nie die kans om albei vakke te neem nie. 'n Baie groot voordeel van hierdie vakke is dat dit leerders nie net op akademiese gebied toets nie, maar ook op praktiese vlak. Dus is dit vir die leerders wat meer prakties aangelê is, vakke waarin hulle soveel kan groei en bevrediging ontvang. Buiten die praktiese werk gee dit ook aan die leerders die geleentheid om direk na skool reeds in 'n werk in te stap met die kennis en ondervinding wat hy/sy reeds opgedoen het. Menige leerling het al werk gekry net ná matriek by gastehuse, koffiewinkels, hotelle en restaurante. Verskeie leerders het ook al op universiteitsvlak verbruikerstudie gaan studeer en aan bekende sjef-skole. Hierdie leerders maak ons besonder trots. Die feit dat leerders ook deur vaardighede kan verseker dat hulle

beter punte kry, verseker baie keer dat hulle ons vakke kies in plaas van die baie moeiliker vakke, maar steeds dan toelating kan kry tot universiteite, koshuise en kolleges.

Gasvryheidstudies en toerisme is beslis vakke wat vir 'n leerder 'n toekoms kan bied in die veld van entrepreneurskap sowel of dié in gasvryheid en toerismebedryf. Dit is ook 'n veld waar vrye denke en kreatiwiteit die dryfveer en passie uitdra van sukses en diensbaar wees.



Hoërskool Reitz Landbou-akademie

Die landbou-akademie vier vanjaar sy vierde verjaarsdag. Al drie die landbouvakke, naamlik landboubestuur, landboutegnologie sowel as landbouwetenskap, word aangebied. Al die praktiese komponente kry aandag en die leerlinge woon verskeie landbou-uitstappies by. 'n Groentetunnel is opgerig waar daar verskeie groente verbou word. Hierdie groente word aan verskillende supermarkte gelewer.

In 2015 is 'n miellieland aangeplant en in 2016 'n sonneblomland. Leerlinge is betrokke by die hele proses van grondmonsters, plantproses tot die bemesting en spuit van gif, sowel as die strooppes. In 2016 is 10 beeste vir spekulasie aangekoop. Volgende jaar sal stoetbeeste aangekoop word met die uiteindelige doel om ons eie stoet te vestig. 25 stoorlamms word vet gevoer en vorm ook deel van 'n praktiese komponent.



VKB RUGBYWEEK 2016

28 Jun - 02 Jul

Snappy Chef[®]

Leiers in Induksie Toestelle

Spaar **50%** op elektrisiteit
en kook **64%** vinniger



**KOOP
NOU**



www.snappychef.co.za


**vkó
ntk**



WEN

met **Die Pad Saam**

Wees een van die gelukkige lesers wat elk 'n geskenk kan wen deur net die onderstaande vraelys in te vul en te faks na 086 674 6817 of te e-pos na hanneliec@vkb.co.za.



GELUK aan die

Februarie | Maart-uitgawe

WENNERS

Wynand Oosthuizen, Rika Smith,
Richard Le Roux, Johannes Botha
& Chantelle Cunningham



Watter artikels lees jy die graagste in Die Pad Saam en waarvan sal jy meer wil lees?

- | | |
|--|---|
| <input type="checkbox"/> Finansies | <input type="checkbox"/> Kultivars |
| <input type="checkbox"/> Wetgewing | <input type="checkbox"/> Insetverskaffing |
| <input type="checkbox"/> Dieregesondheid | <input type="checkbox"/> Tuinwenke |
| <input type="checkbox"/> Meganisasie | <input type="checkbox"/> Resepte |
| <input type="checkbox"/> Wenke | <input type="checkbox"/> Rooivleisbedryf |
| <input type="checkbox"/> Stories oor 'n boer of boervrou | <input type="checkbox"/> Roofdiere |
| <input type="checkbox"/> Gesondheid | <input type="checkbox"/> Wildbedryf |
| <input type="checkbox"/> Meer NTK- of VKB-nuus | |

Indien nie een van bostaande nie, waarom sal jy graag wil lees?

.....

.....

Watter taal verkies jy?

- Afrikaans Engels Albei

Ken 'n punt van 1 – 10 toe aan Die Pad Saam

Inhoud Ontwerp en uitleg

Algemene kommentaar

.....

.....

Kontakbesonderhede

Naam & van:

Kontaknr:Ouderdom

E-pos:

Sluitingsdatum: 10 Mei 2016



Vinnige Fanie

If you want to put some energy into your farming vehicles, you won't go wrong with TOTAL lubricants. Designed to protect, as well as perform, our oils give your engines a new lease on life. Apologies for the speeding tickets.

RADAR/5757/INT/E



TOTAL